# STAATSKOERANT
## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
# GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 1663
*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

PRYS 10c PRICE
OORSEE 15c OVERSEAS
POSVRY—POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 1663
*Registered at the Post Office as a Newspaper*

VOL. 87] PRETORIA, 15 SEPTEMBER 1972 [No. 3651


## PROKLAMASIE

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 230, 1972

AANSTELLING EN HERAANSTELLING VAN LEDE VAN DIE SPESIALE HOWE VIR DIE VERHOOR VAN INKOMSTEBELASTINGAPPÈLSAKE

Nademaal die persone genoem in Bylae A by hierdie Proklamasie kragtens die bepalings van artikel 83 (5) (a) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet 58 van 1962), as lede van die spesiale howe vir die verhoor van inkomstebelastingappèlsake, ingestel kragtens die bepalings van subartikel (3) van daardie artikel, by Proklamasie 255 van 1967 aangestel of heraangestel is;

En nademaal die ampstyd van genoemde lede op 5 Oktober 1972 verstryk;

So is dit dat ek hierby, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (5) (b) van genoemde artikel die persone in Bylae A by hierdie Proklamasie genoem, vir 'n verdere tydperk van vyf jaar met ingang van die datum van hierdie Proklamasie as lede van genoemde spesiale howe, behoudens die voorbehoudsbepalings van subartikel (5) (a) van genoemde artikel heraanstel;

En voorts stel ek, ooreenkomstig die bepalings van subartikel (5) (a) van genoemde artikel, die persone genoem in Bylae B by hierdie Proklamasie aan as lede van genoemde spesiale howe.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Agt-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Twee-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

N. DIEDERICHS.

BYLAE A

*Rekenmeesterlede*

Ryk Nagel van Johannesburg;
Barry Sluyter Wiehahn van Pretoria;
Henry Guise Laurie Albertyn;
Max Richard Lindhorst;
Sarel Petrus Francois van Aswegen—almal van Kaapstad;

## PROCLAMATION

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. R. 230, 1972

APPOINTMENT AND RE-APPOINTMENT OF MEMBERS OF THE SPECIAL COURTS FOR HEARING INCOME TAX APPEALS

Whereas by Proclamation 255 of 1967 the persons mentioned in Schedule A to this Proclamation were appointed or re-appointed under the provisions of section 83 (5) (a) of the Income Tax Act, 1962 (Act 58 of 1962), as members of the special courts for hearing income tax appeals, constituted under the provisions of subsection (3) of the said section;

And whereas the appointments of the said members expire on 5 October 1972;

Now, therefore, under the powers vested in me by subsection (5) (b) of the said section, I do hereby re-appoint the persons mentioned in Schedule A to this Proclamation as members of the said special courts for a further period of five years from the date of this Proclamation subject to the provisions of the proviso to subsection (5) (a) of the said section;

And further, in terms of the provisions of subsection (5) (a) of the said section, I do hereby appoint as members of the said special courts the persons mentioned in Schedule B to this Proclamation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-eighth day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

N. DIEDERICHS.

SCHEDULE A

*Accountant Members*

Ryk Nagel of Johannesburg;
Barry Sluyter Wiehahn of Pretoria;
Henry Guise Laurie Albertyn;
Max Richard Lindhorst;
Sarel Petrus Francois van Aswegen—all of Cape Town;

Joseas Servaas Fick van Worcester;
Michael Belchers van Oos-Londen;
Heinz Jakob Karl Hermann Betz van Port Elizabeth;
Robert Howard Button;
John Aylmer Nel—albei van Durban.

*Kommersiële-lede*

Colin George Corbett;
Thomas Burnham King;
Thomas Holding Schutte;
Louis Roy Serrurier—almal van Johannesburg;
Edgar Alfred Alexander;
Jos Roy—albei van Kaapstad;
Daniel van der Merwe Benadé van Paarl;
Jacobus Christoffel Kotze Erasmus van Port Elizabeth;
Pieter Marius Louw van Oos-Londen;
Walter Meyers van Durban.

*Gekwalifiseerde Myningenieurslid*

Cyril Alexander Mc Kechnie van Johannesburg.

BYLAE B

*Rekenmeesterlede*

Anthony Charles Geake;
Hercules Viljoen Hefer—albei van Johannesburg;
Gabriel Johannes Roux van Oos-Londen;
Darrell Bruce Syggs Armour van Durban.

*Kommersiële-lede*

Spencer Teske Firman van Johannesburg;
Johannes Marthinus Kotze;
Alastair Hedley Dark—albei van Durban.

Joseas Servaas Fick of Worcester;
Michael Belchers of East London;
Heinz Jakob Karl Hermann Betz of Port Elizabeth;
Robert Howard Button;
John Aylmer Nel—both of Durban.

*Commercial Members*

Colin George Corbett;
Thomas Burnham King;
Thomas Holding Schutte;
Louis Roy Serrurier—all of Johannesburg;
Edgar Alfred Alexander;
Jos Roy—both of Cape Town;
Daniel van der Merwe Benadé of Paarl;
Jacobus Christoffel Kotze Erasmus of Port Elizabeth;
Pieter Marius Louw of East London;
Walter Meyers of Durban.

*Qualified Mining Engineer Member*

Cyril Alexander Mc Kechnie of Johannesburg.

SCHEDULE B

*Accountant Members*

Anthony Charles Geake;
Hercules Viljoen Hefer—both of Johannesburg;
Gabriel Johannes Roux of East London;
Darrell Bruce Syggs Armour of Durban.

*Commercial Members*

Spencer Teske Firman of Johannesburg;
Johannes Marthinus Kotze;
Alastair Hedley Dark—both of Durban.

# GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIË EN -ONTWIKKELING

No. R. 1615 15 September 1972

LEBOWA- WETGEWENDE VERGADERING

WET 4 VAN 1972

(ADDISIONELE BEGROTINGSWET)

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 3 (2) van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971), sy goedkeuring te heg aan onderstaande Wet:

LEBOWA- WETGEWENDE VERGADERING

WET 4 VAN 1972

TOT AANWENDING VAN 'N VERDERE SOM GELD VIR DIE DIENSTE VAN DIE GEBIED VAN DIE LEBOWA- WETGEWENDE VERGADERING VIR DIE BOEKJAAR WAT OP DIE 31STE DAG VAN MAART 1972 EINDIG

Daar word bepaal deur die Lebowa- Wetgewende Vergadering, soos volg:

*Inkomstefonds belas met somme geld soos uiteengesit in kolom 1 van Bylae*

1. Die Inkomstefonds van die gebied van die Lebowa-Wetgewende Vergadering word hierby belas met die somme geld wat nodig is vir die dienste van genoemde gebied vir die boekjaar wat op die 31ste dag van Maart 1972 eindig, soos uiteengesit in kolom 1 van die Bylae, benewens die somme waarmee die Tesourie van die Lebowa-gebiedsowerheid deur die Begrotingsmaatreël, 1971 (Maatreël 2 van 1971), belas is.

# GOVERNMENT NOTICES

## DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

No. R. 1615 15 September 1972

LEBOWA LEGISLATIVE ASSEMBLY

ACT 4 OF 1972

(ADDITIONAL APPROPRIATION ACT)

The State President has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section 3 (2) of the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), to approve the following Act:

LEBOWA LEGISLATIVE ASSEMBLY

ACT 4 OF 1972

TO APPLY A FURTHER SUM OF MONEY TOWARDS THE SERVICES OF THE AREA OF THE LEBOWA LEGISLATIVE ASSEMBLY FOR THE FINANCIAL YEAR ENDING ON THE 31ST DAY OF MARCH 1972

Be it enacted by the Lebowa Legislative Assembly, as follows:

*Revenue Fund charged with sums of money as shown in column 1 of Schedule*

1. The Revenue Fund of the area of the Lebowa Legislative Assembly is hereby charged with such sums of money as may be required for the services of the said area for the financial year ending on the 31st day of March 1972, as shown in column 1 of the Schedule, in addition to the sums with which the Treasury of the Lebowa Territorial Authority has been charged by the Appropriation Enactment, 1971 (Enactment 2 of 1971).

*Hoe die geld bestee moet word*

2. Die geld wat deur hierdie Wet beskikbaar gestel word, moet aangewend word vir die dienste in besonderhede in die Bylae vermeld en meer omstandig uiteengesit in die Begrotings van Addisionele Uitgawes, soos aan die Lebowa- Wetgewende Vergadering voorgelê en deur die Lebowa- Wetgewende Vergadering goedgekeur, en vir geen ander doel nie.

*Hoofraadslid kan afwyking goedkeur*

3. Met die goedkeuring van die Hoofraadslid kan 'n besparing onder die een subhoof van 'n begrotingspos aangewend word tot dekking van uitgawes bo die gemagtigde bedrag onder 'n ander subhoof, of van uitgawes onder 'n nuwe subhoof van dieselfde begrotingspos: Met dien verstande dat die som(me) wat in kolom 2 van die Bylae voorkom, nie oorskry mag word nie en besparings daarop ewemin aangewend mag word vir 'n ander doel as die waarvoor die geld hierby toegestaan word soos in gemelde Bylae aangedui.

*Kort titel*

4. Hierdie Wet heet die Lebowa-wet op die Addisionele Begroting, 1972.

BYLAE

| Begrotingspos | | Kolom 1 | Kolom 2 |
|---|---|---|---|
| No. | Benaming | | |
| | | R | R |
| 1. | Owerheidsake en Finansies.... | 89 200 | — |
| 2. | Gemeenskapsake..... | 285 000 | — |
| 3. | Werke..... | 450 000 | — |
| 4. | Onderwys en Kultuur..... | 243 000 | — |
| | Totaal.....R | 1 067 200 | |

No. R. 1616 15 September 1972

## LEBOWA- WETGEWENDE VERGADERING

## WET 5 VAN 1972

## (WET OP ONGEMAGTIGDE UITGAWES)

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 3 (2) van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971), sy goedkeuring te heg aan onderstaande Wet.

## LEBOWA- WETGEWENDE VERGADERING

## WET 5 VAN 1972

TOT AANWENDING VAN 'N VERDERE SOM GELD VIR DIE DIENSTE VAN DIE GEBIED VAN DIE LEBOWA- WETGEWENDE VERGADERING VIR DIE BOEKJAAR WAT OP DIE 31STE DAG VAN MAART 1971 GEËINDIG HET, TER BESTRYDING EN DEKKING VAN SEKERE ONGEMAGTIGDE UITGAWES

Daar word bepaal deur die Lebowa- Wetgewende Vergadering, soos volg:

*Inkomstefonds belas met* R699 924,45

1. Die Inkomstefonds van die gebied van die Lebowa-Wetgewende Vergadering word hierby belas met die som van R699 924,45 tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrae waarmee die Tesourie van die Lebowa-gebiedsowerheid belas is vir die boekjaar wat op die 31ste dag van Maart 1971 geëindig het. Hierdie uitgawes word in die Bylae by hierdie Wet uiteengesit en nader omskryf op bladsy 2 van die Verslag van die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor die Rekenings van

*How money to be applied*

2. The money appropriated by this Act shall be applied to the services detailed in the Schedule, and more particularly specified in the Estimates of Additional Expenditure, as submitted to and approved by the Lebowa Legislative Assembly, and to no other purpose.

*Chief Councillor may approve variation*

3. With the approval of the Chief Councillor, a saving on any subhead of a vote may be made available to meet excess expenditure on any other subhead, or expenditure on a new subhead of the same vote: Provided that the sum(s) appearing in column 2 of the Schedule shall not be exceeded, nor shall savings thereon be made available for any purpose other than that for which the money is hereby granted as indicated in the said Schedule.

*Short title*

4. This Act shall be called the Lebowa Additional Appropriation Act, 1972.

SCHEDULE

| Vote | | Column 1 | Column 2 |
|---|---|---|---|
| No. | Designation | | |
| | | R | R |
| 1. | Authority Affairs and Finance | 89 200 | — |
| 2. | Community Affairs..... | 285 000 | — |
| 3. | Works..... | 450 000 | — |
| 4. | Education and Culture..... | 243 000 | — |
| | Total.....R | 1 067 200 | |

No. R. 1616 15 September 1972

## LEBOWA LEGISLATIVE ASSEMBLY

## ACT 5 OF 1972

## (UNAUTHORISED EXPENDITURE ACT)

The State President has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section 3 (2) of the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), to approve the following Act:

## LEBOWA LEGISLATIVE ASSEMBLY

## ACT 5 OF 1972

TO APPLY A FURTHER SUM OF MONEY TOWARDS THE SERVICES OF THE AREA OF THE LEBOWA LEGISLATIVE ASSEMBLY FOR THE FINANCIAL YEAR ENDED ON THE 31ST DAY OF MARCH 1971, FOR THE PURPOSE OF MEETING AND COVERING CERTAIN UNAUTHORISED EXPENDITURE

Be it enacted by the Lebowa Legislative Assembly, as follows:

*Revenue Fund charged with* R699 924,45

1. The Revenue Fund of the area of the Lebowa Legislative Assembly is hereby charged with the sum of R699 924,45 to meet certain expenditure over and above the amounts with which the Treasury of the Lebowa Territorial Authority has been charged for the financial year which ended on the 31st day of March 1971. Such expenditure is set forth in the Schedule to this Act and is more particularly specified on page 2 of the Report of the Controller and Auditor-General on the

die Lebowa-gebiedsowerheid en van die Rekenings van Laer Owerhede in die Gebied vir die Finansiële Jaar 1970-71.

*Kort titel*

2. Hierdie Wet heet die Lebowa-wet op Ongemagtigde Uitgawes (1970-1971), 1972.

BYLAE

| Begrotingspos | | Bedrag |
|---|---|---|
| No. | Benaming | |
| | | R |
| 1. | Owerheidsake en Finansies | 29 096,56 |
| 3. | Werke | 411 724,49 |
| 5. | Landbou | 254 749,33 |
| 6. | Justisie | 4 354,07 |
| | Totaal R | 699 924,45 |

No. R. 1617 15 September 1972

DIE WET OP PENSIOENE VIR BANTOE-OWERHEIDSDIENS, 1971.—REGULASIES BETREFFENDE DIE PENSIOENFONDS VIR PERSONE IN OWERHEIDSDIENS—WYSIGING

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Wet op Pensioene vir Bantoe-owerheidsdiens, 1971 (Wet 6 van 1971), wysig ek, Michiel Coenraad Botha, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, hierby die Regulasies betreffende die Pensioenfonds vir Persone in Owerheidsdiens, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1955 van 29 Oktober 1971 deur regulasie 8 (2) (e) te skrap en die volgende na regulasie 8 (3) in te voeg:

*"Betaling uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds*

8A. Met ingang van die vasgestelde datum word daar op die 31ste dag van Maart van elke jaar uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds rente teen 4½ persent per jaar aan die Pensioenfonds betaal op die gemiddelde van die onbelegde bedrae in laasgenoemde Fonds aan die end van iedere maand in die tydperk ten opsigte waarvan rente betaal word.".

M. C. BOTHA, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

(Lêer 1/2/4/2)

No. R. 1618 15 September 1972

DIE WET OP PENSIOENE VIR BANTOE-OWERHEIDSDIENS, 1971.—REGULASIES BETREFFENDE DIE SUPERANNUASIEFONDS VIR PERSONE IN OWERHEIDSDIENS—WYSIGING

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Wet op Pensioene vir Bantoe-owerheidsdiens, 1971 (Wet 6 van 1971), wysig ek, Michiel Coenraad Botha, Minister van Bantoe-administrasie en -Ontwikkeling, hierby die Regulasies betreffende die Superannuasiefonds vir Persone in Owerheidsdiens, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1954 van 29 Oktober 1971, deur regulasie 8 (2) te skrap en die volgende na regulasie 8 (1) in te voeg:

*"Betaling uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds*

8A. Met ingang van die vasgestelde datum word daar op die 31ste dag van Maart van elke jaar uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds rente teen 4½ persent per jaar aan die Superannuasiefonds betaal op die gemiddelde van

Accounts of the Lebowa Territorial Authority and of the Accounts of Lower Authorities in the area for the Financial Year 1970-71.

*Short title*

2. This Act shall be called the Lebowa Unauthorised Expenditure (1970-1971) Act, 1972.

SCHEDULE

| Vote | | Amount |
|---|---|---|
| No. | Designation | |
| | | R |
| 1. | Authority Affairs and Finance | 29 096,56 |
| 3. | Works | 411 724,49 |
| 5. | Agriculture | 254 749,33 |
| 6. | Justice | 4 354,07 |
| | Total R | 699 924,45 |

No. R. 1617 15 September 1972

BANTU AUTHORITIES' SERVICE PENSIONS ACT, 1971.—REGULATIONS GOVERNING THE PENSION FUND FOR PERSONS IN AUTHORITIES' SERVICE—AMENDMENT

Under and by virtue of the powers vested in me by section 5 of the Bantu Authorities' Service Pensions Act, 1971 (Act 6 of 1971), I, Michiel Coenraad Botha, Minister of Bantu Administration and Development, hereby amend the Regulations governing the Pension Fund for Persons in Authorities' Service, published under Government Notice R. 1955 of 29 October 1971, by the deletion of regulation 8 (2) (e) thereof and the insertion of the following after regulation 8 (3):

*"Payment from the Consolidated Revenue Fund*

8A. With effect from the fixed date there shall be paid from the Consolidated Revenue Fund to the Pension Fund on the 31st day of March each year, interest at the rate of 4½ per cent per annum on the average of the uninvested amounts in the lastnamed Fund at the end of each month in the period in respect of which interest is being paid.".

M. C. BOTHA, Minister of Bantu Administration and Development.

(File 1/2/4/2)

No. R. 1618 15 September 1972

BANTU AUTHORITIES' SERVICE PENSIONS ACT, 1971.—REGULATIONS GOVERNING THE SUPERANNUATION FUND FOR PERSONS IN AUTHORITIES' SERVICE—AMENDMENT

Under and by virtue of the powers vested in me by section 5 of the Bantu Authorities Service Pensions Act, 1971 (Act 6 of 1971), I, Michiel Coenraad Botha, Minister of Bantu Administration and Development, hereby amend the Regulations governing the Superannuation Fund for Persons in Authorities' Service, published under Government Notice R. 1954 of 29 October 1971, by the deletion of regulation 8 (2) and the insertion of the following after regulation 8 (1):

*"Payment from the Consolidated Revenue Fund*

8A. With effect from the fixed date there shall be paid from the Consolidated Revenue Fund to the Superannuation Fund on the 31st day of March each year, interest at the rate of 4½ per cent per annum on the average

die onbelegde bedrae in laasgenoemde Fonds aan die end van iedere maand in die tydperk ten opsigte waarvan rente betaal word.".

M. C. BOTHA, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

---

No. R. 1623 15 September 1972

CISKEISE WETGEWENDE VERGADERING

DIE CISKEISE WET OP DIE REGERINGSDIENS, 1972 (WET 2 VAN 1972)

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 3 (2) van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971), sy goedkeuring te heg aan onderstaande Wet van die Ciskeise Wetgewende Vergadering:

DIE CISKEISE WET OP DIE REGERINGSDIENS, 1972

WET 2 VAN 1972

**WET**

TOT REELING VAN DIE AANSTELLING, DIENSVOORWAARDES, DIENSTERMYN, DISSIPLINE, AFTREDE, AFDANKING EN ONTSLAG VAN LEDE VAN DIE REGERINGSDIENS EN ANDER AANGELEENTHEDE WAT DAARMEE IN VERBAND STAAN

Daar word bepaal deur die Ciskeise Wetgewende Vergadering, soos volg:

HOOFSTUK 1

INLEIDENDE BEPALINGS

*Woordomskrywing*

1. (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "beampte" 'n persoon wat vas aangestel is, al is die aanstelling op proef, in 'n pos bedoel in artikel 3 (1) (a) en (b) en ook 'n persoon bedoel in artikel 3 (1) (c) en artikel 3 (2) (b) wat 'n voorgeskrewe pos beklee het wat as 'n nie-voorgeskrewe pos herklassifiseer is; (xvii)

(ii) "burger" 'n persoon wat kragtens die Wet op Burgerskap van Bantoetuislande, 1970 (Wet 26 van 1970), 'n burger is van die Ciskei; (iv)

(iii) "Ciskei" die gebied waarvoor die Ciskeise Wetgewende Vergadering ingestel is; (iii)

(iv) "departement" 'n departement, subdepartement of kantoor van die Regeringsdiens ingestel kragtens artikel 5 (2) van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971); (vii)

(v) "departementshoof" of enige variasie daarvan, die beampte of toegewese beampte wat 'n pos met die benaming Direkteur van 'n departement op die vaste diensstaat beklee of daarin waarneem; (xiii)

(vi) "hoof van kantoor" die hoof van 'n kantoor, tak, inrigting, afdeling of werkplek en ook 'n departementshoof; (xiv)

(vii) "Inkomstefonds" die inkomstefonds van die Ciskei, ingestel kragtens artikel 6 van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971); (xxiii)

(viii) "kalendermaand" 'n tydperk wat strek van 'n dag van 'n maand tot en met die dag wat die dag voorafgaan wat numeriek ooreenstem met daardie dag in die volgende maand; (ii)

(ix) "Kommissie" die Regeringsdienskommissie bedoel in artikel 4 van hierdie Wet; (v)

of the uninvested amounts in the last-named Fund at the end of each month in the period in respect of which interest is being paid.".

M. C. BOTHA, Minister of Bantu Administration and Development.

---

No. R. 1623 15 September 1972

CISKEIAN LEGISLATIVE ASSEMBLY

THE CISKEIAN PUBLIC SERVICE ACT, 1972 (ACT 2 OF 1972)

The State President has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section 3 (2) of the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), to approve the following Act of the Ciskeian Legislative Assembly:

THE CISKEIAN PUBLIC SERVICE ACT, 1972

ACT 2 OF 1972

**ACT**

TO REGULATE THE APPOINTMENT, CONDITIONS OF EMPLOYMENT, TENURE OF OFFICE, DISCIPLINE, RETIREMENT AND DISCHARGE OF MEMBERS OF THE PUBLIC SERVICE AND OTHER INCIDENTAL MATTERS

Be it enacted by the Ciskeian Legislative Assembly, as follows:

CHAPTER 1

PRELIMINARY PROVISIONS

*Definition*

1. (1) In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "allocated officer" means an officer of the Public Service of the Republic designated in terms of section 5 (4) of the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), to assist the Executive Council; (xviii)

(ii) "calendar month" means a period extending from a day in any month to the day preceding the day corresponding numerically to that day in the following month, both days inclusive; (viii)

(iii) "Ciskei" means the area for which the Ciskeian Legislative Assembly has been established; (iii)

(iv) "citizen" means any person who, in terms of the Bantu Homelands Citizenship Act, 1970 (Act 26 of 1970), is a citizen of the Ciskei; (ii)

(v) "Commission" means the Public Service Commission referred to in section 4 of this Act; (ix)

(vi) "Councillor" in relation to an officer or employee or person who is or has been employed or is to be employed, means the Councillor responsible for the department in which such officer, employee or person is or was last employed or is to be employed; and in relation to an officer or employee or such other person who is or has been or is to be employed in the office of the Commission, means the Councillor for the Department of Community Affairs; (xiii)

(vii) "department" means a department, subdepartment or office of the Public Service, established in terms of section 5 (2) of the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971); (iv)

(viii) "employee" means a person referred to in section 3 (1) (d) ; (xxiv)

(ix) "Executive Council" means the Executive Council constituted in terms of section 5 (1) of the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971); (xx)

(x) "maand" 'n tydperk wat van die eerste tot en met die laaste dag van enige een van die 12 maande van die jaar strek; (xv)

(xi) "nie-voorgeskrewe pos" 'n pos as sodanig geklassifiseer kragtens artikel 3 (2); (xvi)

(xii) "pensioenleeftyd" die leeftyd waarop 'n beampte kragtens artikel 15 (1) die reg het om uit die Regeringsdiens af te tree en daaruit afgedank moet word; (xviii)

(xiii) "Raadslid" met betrekking tot 'n beampte of werknemer of persoon wat in diens is of was of wat in diens geneem gaan word, die Raadslid wat verantwoordelik is vir die departement waarin die beampte, werknemer of persoon in diens is of laas in diens was of in diens geneem gaan word; en met betrekking tot 'n beampte of werknemer of sodanige ander persoon wat in diens is of was of geneem gaan word in die kantoor van die Kommissie, die Raadslid vir die Departement van Gemeenskapsake; (vi)

(xiv) "Regering" die regering van die Ciskei; (xi)

(xv) "Regering van die Republiek" die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en ook 'n provinsiale administrasie, maar nie ook die Spoorwegadministrasie nie; (xii)

(xvi) "Regeringsdiens" die regeringsdiens bedoel in artikel 3; (xxi)

(xvii) "regulasie" 'n regulasie kragtens artikel 26 van hierdie Wet uitgevaardig; (xxii)

(xviii) "skaal" met betrekking tot salaris, ook salaris teen 'n vaste bedrag; (xxiv)

(xix) "toegewese beampte" 'n beampte van die Staatsdiens van die Republiek wat kragtens artikel 5 (4) van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971), aangewys is om die Uitvoerende Raad by te staan; (i)

(xx) "Uitvoerende Raad" die Uitvoerende Raad saamgestel kragtens artikel 5 (1) van die Grondwet vir die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971); (ix)

(xxi) "vaste diensstaat" die poste geskep vir die normale en gereelde vereistes van 'n departement; (x)

(xxii) "voorgeskrewe apparaat" enige apparaat (deur die Uitvoerende Raadslid vir Gemeenskapsake, op aanbeveling van die Kommissie, by kennisgewing in die *Staatskoerant* voorgeskryf deur middel waarvan die asem van 'n persoon getoets of ontleed word om te bepaal of die alkoholinhoud van die bloed van bedoelde persoon 'n gegewe perk oorskry al dan nie; (xviii)

(xxiii) "voorgeskrewe pos" 'n pos as sodanig geklassifiseer kragtens artikel 3 (2) (xx)

(xxiv) "werknemer" 'n persoon in artikel 3 (1) (d) bedoel. (viii)

(2) Waar daar in hierdie Wet in verband met 'n beampte van 'n verlaging van 'n salarisskaal melding gemaak word, word dit so uitgelê dat dit die toepassing van 'n salarisskaal inluit wat laer is as die skaal wat tevore toegepas is wat betref die maksimum of minimum van die skaal, of die tempo van vordering in die skaal; en so 'n vermelding van 'n verlaging in graad of dat 'n graad laer is as 'n ander graad, word in ooreenstemmende sin uitgelê.

*Toepassing van Wet*

2. Behalwe waar uit die samehang anders blyk, is die bepalings van hierdie Wet van toepassing op of ten opsigte van alle beamptes en werknemers in die Regeringsdiens.

(x) "fixed establishment" means the posts created for the normal and regular requirements of a department; (xxi)

(xi) "Government" means the Government of the Ciskei; (xxiv)

(xii) "Government of the Republic" means the Government of the Republic of South Africa and includes any provincial administration but does not include the Railways Administration; (xv)

(xiii) "head of department" or any variation thereof, means the officer or allocated officer holding or acting in a post on the fixed establishment and designated director of a department; (v)

(xiv) "head of office" means the head of an office, branch, institution, division or place of work and includes the head of a department; (vi)

(xv) "month" means a period extending from the first to the last day, both days inclusive, of any one of the 12 months of the year; (x)

(xvi) "non-prescribed post" means a post classified as such in terms of section 3 (2); (xi)

(xvii) "officer" means a person who has been appointed permanently, notwithstanding that such appointment may be on probation, to a post referred to in section 3 (1) (a) and (b), and includes a person referred to in section 3 (2) (b) who occupied a prescribed post that has been reclassified as a non-prescribed post; (i)

(xviii) "pensionable age" means the age at which, in terms of section 15 (1), an officer shall have the right to retire and shall be discharged from the Public Service; (xii)

(xix) "prescribed apparatus" means any apparatus (prescribed by the Executive Councillor for Community Affairs, on the recommendation of the Commission, by notice in the *Government Gazette*) by means of which the breath of any person is tested or analysed in order to determine whether or not the alcohol content of the blood of such person exceeds a given limit; (xxii)

(xx) "prescribed post" means a post classified as such in terms of section 3 (2); (xxiii)

(xxi) "Public Service" means the Public Service referred to in section 3; (xvi)

(xxii) "regulation" means a regulation made in terms of section 26 of this Act; (xvii)

(xxiii) "Revenue Fund" means the Revenue Fund of the Ciskei established in terms of section 6 of the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971); (vii)

(xxiv) "scale" in relation to salary, includes salary at a fixed rate. (xviii)

(2) Where in this Act reference is made in relation to an officer to a reduction in a scale of salary, the reference shall be construed as including the application of a scale of salary which is lower than the scale previously applied as regards the maximum or minimum of the scale or the rate of progression in the scale; and any such reference to a reduction in grade or to a grade being lower than any other grade shall be correspondingly construed.

*Application of Act*

2. Save as the context otherwise indicates, the provisions of this Act shall apply to or in respect of all officers and employees of the Ciskeian Public Service.

## HOOFSTUK 2

## ORGANISASIE EN ADMINISTRASIE

*Die Regeringsdiens*

3. (1) Die Regeringsdiens bestaan uit persone, uitgesonderd die lede van die Wetgewende Vergadering, Raadslede en lede van die Kommissie—

(a) wat voorgeskrewe poste op die vaste diensstaat beklee;

(b) wat ander poste op die vaste diensstaat beklee as die poste in paragraaf (a) genoem;

(c) wat, nadat hulle opgehou het om poste op die vaste diensstaat in paragraaf (a) vermeld, te beklee en wat nie uit diens getree het of ontslaan is nie, bykomend by die vaste diensstaat in diens gehou word kragtens 'n aanbeveling gedoen ingevolge artikel 6 (2) (e), of wat geag word 'n voorgeskrewe pos te bly beklee onder die omstandighede in die voorbehoudsbepaling van subartikel (2) (b) bedoel;

(d) wat tydelik of onder 'n spesiale kontrak in 'n departement, hetsy in 'n voltydse of deeltydse hoedanigheid, bykomend by die vaste diensstaat, in diens gehou word ooreenkomstig 'n aanbeveling gedoen kragtens artikel 6 (2) (d).

(2) Die Kommissie het die bevoegdheid om te gelas dat—

(a) enige pos op die vaste diensstaat as 'n voorgeskrewe of 'n nie-voorgeskrewe pos geklassifiseer word; en

(b) enige voorgeskrewe pos as 'n nie-voorgeskrewe pos herklassifiseer word; of enige nie-voorgeskrewe pos as 'n voorgeskrewe pos herklassifiseer word: Met dien verstande dat geen lasgewing kragtens hierdie paragraaf 'n beampte of werknemer verlof of 'n ander voorreg of reg wat sy bekleding van 'n voorgeskrewe of 'n nie-voorgeskrewe pos meegebring het, mag ontneem nie.

*Regeringsdienskommissie: Aanstelling, besoldiging en ampstermyn*

4. (1) In ooreenstemming met die bepalings van artikel 16 van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971), is daar 'n kommissie bekend as die Regeringsdienskommissie, met die bevoegdhede, werksaamhede en pligte wat by hierdie Wet of enige ander wetsbepaling voorgeskryf word.

(2) (a) Die Kommissie bestaan uit drie lede wat nie lede van die Wetgewende Vergadering is nie en wat deur die Uitvoerende Raad aangestel word.

(b) Die Uitvoerende Raad wys een lid as voorsitter en een lid as ondervoorsitter van die Kommissie aan.

(3) Behoudens die bepalings van subartikels (8), (9), (10) en (11), beklee 'n lid van die Kommissie sy amp vir 'n tydperk van drie jaar en kan hy by die verstryking van sy ampstyd heraangestel word: Met dien verstande dat 'n lid van die Kommissie wat behoorlik as 'n kandidaat vir verkiesing tot lid van die Wetgewende Vergadering genomineer is, sy amp as lid van die Kommissie met ingang van die datum waarop hy aldus genomineer is, neerlê.

(4) Die Uitvoerende Raad stel die salarisse en dienswaardes van lede van die Kommissie vas: Met dien verstande dat die salaris van 'n lid nie gedurende sy ampstermyn verminder mag word nie, behalwe by 'n Wet van die Wetgewende Vergadering.

## CHAPTER 2

## ORGANISATION AND ADMINISTRATION

*The Public Service*

3. (1) The Public Service shall consist of persons other than members of the Legislative Assembly, Councillors and members of the Commission—

(a) who hold prescribed posts on the fixed establishment;

(b) who hold posts on the fixed establishment other than posts referred to in paragraph (a);

(c) who, having ceased to hold posts on the fixed establishment referred to in paragraph (a), and not having retired or having been discharged, are employed additional to the fixed establishment in accordance with a recommendation made in terms of section 6 (2) (e), or who are deemed to continue to hold prescribed posts in the circumstances contemplated by the proviso to subsection (2) (b);

(d) who are employed temporarily or under a special contract in a department, whether in a full-time or part-time capacity, additional to the fixed establishment, in accordance with a recommendation made in terms of section 6 (2) (d).

(2) It shall be competent for the Commission to direct that—

(a) any post on the fixed establishment be classified as a prescribed post or as a non-prescribed post; and

(b) any prescribed post be reclassified as a non-prescribed post or any non-prescribed post be reclassified as a prescribed post: Provided that no direction under this paragraph shall deprive an officer or employee of any leave or other privilege or right which flowed from the occupancy by him of a prescribed or non-prescribed post.

*Public Service Commission: Appointment, remuneration and tenure of office*

4. (1) In accordance with the provisions of section 16 of the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), there shall be a commission known as the Public Service Commission with such powers, functions and duties as are prescribed in this Act or in any other law.

(2) (a) The Commission shall consist of three members, not being members of the Legislative Assembly, to be appointed by the Executive Council.

(b) The Executive Council shall designate one member as chairman and one member as vice-chairman of the Commission.

(3) Subject to the provisions of subsections (8), (9), (10) and (11), a member of the Commission shall hold office for a period of three years, and shall be eligible for reappointment on the expiry of his period of office: Provided that a member of the Commission who has duly been nominated for election as a member of the Legislative Assembly shall relinquish his office as member of the Commission with effect from the date on which he was so nominated.

(4) The Executive Council shall determine the salaries and conditions of service of members of the Commission: Provided that the salary of a member shall not be reduced during his tenure of office, except by an Act of the Legislative Assembly.

(5) 'n Lid van die Kommissie mag nie sonder die toestemming van die Uitvoerende Raad besoldigde werk buite sy ampspligte verrig of hom verbind om dit te verrig nie of hom aktief met die politiek bemoei nie.

(6) (a) Gedurende die afwesigheid van die voorsitter van die Kommissie, om watter rede ook al, of as daar geen voorsitter is nie, moet die ondervoorsitter as voorsitter van die Kommissie optree.

(b) Gedurende die afwesigheid van enige een of meer as een van die drie lede van die Kommissie kan die Uitvoerende Raad 'n persoon of persone aanstel om waar te neem in die plek van sodanige afwesige lid of lede.

(c) Gedurende die afwesigheid van beide van voorsitter en ondervoorsitter van die Kommissie kan die Uitvoerende Raad 'n lid of waarnemende lid aanstel om op te tree as voorsitter van die Kommissie.

(7) 'n Lid van die Kommissie mag nie in sy amp geskors of daarvan onthef word nie, behalwe ooreenkomstig die bepalings van subartikels (8), (9) en (10).

(8) (a) Die Uitvoerende Raad kan 'n lid van die Kommissie in sy amp skors en, behoudens die bepalings van hierdie subartikel hom daarvan onthef—

(i) weens wangedrag;

(ii) weens ongeskiktheid vir sy ampspligte of onvermoë om hulle op bekwame wyse uit te voer; of

(iii) as om ander redes as sy eie ongeskiktheid of onvermoë sy ontheffing van sy amp doeltreffendheid of besuiniging sal bevorder.

(b) Elke skorsing van 'n lid van die Kommissie en die rede daarvoor moet aan die Wetgewende Vergadering binne 14 dae na die skorsing meegedeel word as die Wetgewende Vergadering dan sit of as die Wetgewende Vergadering nie dan sit nie, binne 14 dae na die aanvang van sy eersvolgende sessie.

(c) As aan die Uitvoerende Raad, binne 21 dae vanaf die datum waarop genoemde skorsing en die rede daarvoor aldus aan die Wetgewende Vergadering meegedeel is, 'n adres van die Wetgewende Vergadering voorgelê word waarin versoek word dat die lid van sy amp onthef word en waarin die rede vir die ontheffing genoem word, kan die Uitvoerende Raad hom dienooreenkomstig onthef.

(d) As geen sodanige adres binne die tydperk in paragraaf (c) genoem aan die Uitvoerende Raad voorgelê word nie, moet die lid in sy amp herstel word.

(9) As 'n lid van die Kommissie 'n blywende verstandelike of liggaamlike swakheid opdoen wat hom ongeskik maak vir die behoorlike vervulling van sy ampspligte, kan die Uitvoerende Raad—

(a) hom toelaat om sy amp neer te lê; of

(b) hom, behoudens die bepalings van subartikel (8), van sy amp op grond van onvermoë onthef.

(10) 'n Lid van die Kommissie moet minstens 40 jaar oud wees en moet aftree wanneer hy die leeftyd van 70 jaar bereik.

(11) As 'n beampte in die Regeringsdiens aangestel word om lid van die Kommissie te wees, moet hy uit sy betrekking in die Regeringsdiens bedank, en in dié geval is hy geregtig op die pensioen waarop hy geregtig sou gewees het as hy weens die afskaffing van sy pos uit die Regeringsdiens ontslaan was.

*Uitoefening en delegasie van die Kommissie se bevoegdhede en werksaamhede*

5. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), word 'n aanbeveling of lasgewing wat deur minstens twee lede van die Kommissie gegee is by die toepassing van hierdie Wet of enige ander wetsbepaling geag 'n aanbeveling of lasgewing te wees wat deur die Kommissie gegee is.

(5) A member of the Commission shall not without the permission of the Executive Council perform or engage himself to perform any remunerative work outside the duties of his office or actively engage in politics.

(6) (a) During the absence of the chairman of the Commission, for any reason whatsoever, or where there is no chairman, the vice-chairman shall act as chairman.

(b) During the absence of any one or more than one of the three members of the Commission the Executive Council may appoint a person or persons to act in the place of such absent person or persons.

(c) During the absence of both the chairman and vice-chairman the Executive Council may appoint a member or an acting member to act as chairman.

(7) A member of the Commission shall not be suspended or removed from office except in accordance with the provisions of subsections (8), (9) and (10).

(8) (a) The Executive Council may suspend a member of the Commission from office and subject to the provisions of this subsection, remove him from office—

(i) for misconduct;

(ii) for unfitness for the duties of his office or incapacity to carry them out efficiently; or

(iii) if for reasons other than his own unfitness or incapacity his removal from office will promote efficiency or economy.

(b) Every suspension of a member of the Commission and the reason therefor shall be communicated to the Legislative Assembly within 14 days of the suspension if the Legislative Assembly is then in session, or, if the Legislative Assembly is not then in session, within 14 days of the commencement of its next session.

(c) If, within 21 days of the date on which the said suspension and the reason therefor have been so communicated to the Legislative Assembly, an address of the Legislative Assembly is presented to the Executive Council requesting the removal of the member from office and stating the reason for such removal, the Executive Council may remove him accordingly.

(d) If no such address is presented to the Executive Council within the period referred to in paragraph (c), the member shall be reinstated in office.

(9) If a member of the Commission becomes afflicted with a permanent infirmity of mind or body which disables him from the proper discharge of the duties of his office, the Executive Council may—

(a) allow him to vacate his office; or

(b) subject to the provisions of subsection (8), remove him from office on the ground of incapacity.

(10) A member of the Commission shall be at least 40 years of age and shall retire when he reaches the age of 70 years.

(11) If an officer in the Public Service is appointed a member of the Commission he shall resign his post in the Public Service, in which case he shall be entitled to the pension to which he would have been entitled had he been discharged from the Public Service owing to the abolition of his post.

*Exercise and delegation of powers and functions of the Commission*

5. (1) Subject to the provisions of subsection (2), a recommendation or direction given by not less than two members of the Commission shall be deemed for the purposes of this Act or any other law to be a recommendation or direction given by the Commission.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (3), kan enige bevoegdheid wat verleen of werksaamheid wat opgedra is aan die Kommissie by hierdie Wet of enige ander wetsbepaling (uitgesonderd die delegasiebevoegdheid wat hierby verleen word), met die instemming van die Kommissie uitgeoefen of verrig word—

(a) deur 'n lid of lede van die Kommissie ingevolge 'n algemene of spesiale delegasie van die Kommissie; of

(b) deur 'n beampte of toegewese beampte in diens in die kantoor van die Kommissie.

(3) Die Kommissie mag nie die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 6 (2) (a), (g) en (n), of by artikels 15 (2), 15 (3), 15 (4) (a) tot en met (e), 15 (5) en 15 (7) of Hoofstuk 4 van hierdie Wet delegeer nie.

(4) Die Kommissie kan enige persoon magtig om 'n ondersoek in te stel na enige aangeleentheid waaroor hy kragtens hierdie Wet of enige ander wetsbepaling die bevoegdheid het om 'n aanbeveling te doen of 'n lasgewing te gee.

(5) Enige delegasie of magtiging deur die Kommissie kragtens hierdie artikel verleen, kan te eniger tyd deur die Kommissie gewysig of ingetrek word.

*Bevoegdhede, werksaamhede en pligte van die Kommissie*

6. (1) Die Kommissie het die bevoegdheid—

(a) om die werksaamhede aan hom opgedra en die pligte aan hom toevertrou by hierdie Wet of by of kragtens enige ander wet te verrig en uit te voer; en

(b) om aanbevelings te doen of lasgewings te gee oor alle aangeleenthede waarvoor daar nie uitdruklik in hierdie Wet of enige ander wet voorsiening gemaak is nie maar wat nie daarmee strydig is nie, met betrekking tot of voortspruitende uit die indiensneming van en die diensvoorwaardes in die algemeen van beamptes en werknemers.

(2) Die Kommissie moet—

(a) aanbevelings doen aangaande die skepping of afskaffing van departemente, subdepartemente, takke of kantore, die oordrag van werksaamhede van een departement aan 'n ander, of van 'n departement aan 'n ander liggaam of van 'n ander liggaam aan 'n departement;

(b) aanbevelings doen aangaande die beheer, organisasie en herreëling van departemente, subdepartemente, takke of kantore;

(c) aanbevelings doen aangaande die getal, gradering, hergradering en omskepping van poste op die vaste diensstaat;

(d) aanbevelings doen aangaande die getal persone wat tydelik of onder 'n spesiale kontrak, hetsy in 'n voltydse of 'n deeltydse hoedanigheid, in diens geneem moet word—

(i) teen poste op die vaste diensstaat, wat nie permanent gevul is nie; of

(ii) bykomend by die vaste diensstaat, hetsy weens die afwesigheid of siekte van die bekleër van 'n pos, of wanneer dit nodig is om personeel te verskaf vir die verrigting van 'n klas werk waarvoor personeel nie onder gewone omstandighede op 'n permanente basis aangehou word nie, of wanneer dit om enige ander rede nodig is om die personeel van 'n departement tydelik te vergroot;

(e) wanneer hy dit nodig ag 'n aanbeveling doen vir die indiensneming van 'n beampte bykomende by die vaste diensstaat, of in 'n pos wat hoër of laer as sy eie graad gegradeer is;

(2) Subject to the provisions of subsection (3), any power conferred upon or function entrusted to the Commission by this Act or any other law (except the power of delegation conferred hereby), may, with the concurrence of the Commission, be exercised or performed—

(a) by any member or members of the Commission under a general or special delegation from the Commission; or

(b) by any officer or allocated officer employed in the office of the Commission.

(3) The Commission shall not delegate the powers conferred upon it by section 6 (2) (a), (g) and (n) or by sections 15 (2), 15 (3), 15 (4) (a) to (e) inclusive, 15 (5) and 15 (7) or Chapter 4 of this Act.

(4) The Commission may authorise any person to conduct an inquiry into any matter upon which in terms of this Act or of any other law it is competent for the Commission to make a recommendation or give a direction.

(5) Any delegation or authorisation made or given by the Commission under this section may at any time be amended or revoked by the Commission.

*Powers, functions and duties of the Commission*

6. (1) The Commission shall have the power—

(a) to perform the functions entrusted to and to carry out the duties imposed upon it by this Act or by or under any other law; and

(b) to make recommendations or give directions on all matters not specifically provided for in this act or any other law, but not inconsistent therewith, relating to or arising out of the employment of and the conditions of service generally of officers and employees.

(2) The Commission shall—

(a) make recommendations as to the creation or abolition of departments, subdepartments, branches or offices, the transfer of functions from one department to another or from a department to any other body or from any other body to a department;

(b) make recommendations as to the control, organization and readjustment of departments, subdepartments, branches or offices;

(c) make recommendations on the number, grading, regrading and conversion of posts on the fixed establishment;

(d) make recommendations as to the number of persons to be employed temporarily or under a special contract, whether in a full-time or a part-time capacity—

(i) against posts on the fixed establishment which are not permanently filled; or

(ii) in addition to the fixed establishment, either by reason of the absence or illness of the incumbent of any post, or when it is necessary to provide staff for the performance of a class of work for which staff is not ordinarily maintained on a permanent basis, or when it is necessary for any other reason to increase temporarily the staff of any department;

(e) whenever it considers it necessary, make a recommendation for the employment of an officer additional to the fixed establishment, or in a post graded lower or higher than his own grade;

(f) aanbevelings doen vir die bewerkstelliging van besuiniging en die bevordering van doeltreffendheid in die bestuur en funksionering van departemente, subdepartemente, takke en kantore deur—

(i) verbeterde organisasie, prosedure en metodes;

(ii) verbeterde toesig;

(iii) vereenvoudiging van werk en die uitskakeling van onnodige werk;

(iv) koördinasie van werk;

(v) beperking van die getal beamptes en werknemers van departemente, subdepartemente, takke en kantore en die aanwending van die dienste van beamptes en werknemers op die voordeligste wyse;

(g) aanbevelings doen aangaande die skale van salarisse, lone en toelaes van al die verskillende klasse en grade van beamptes en werknemers;

(h) wanneer dit nodig is om 'n aanstelling of bevordering te doen in of tot 'n voorgeskrewe pos op die vaste diensstaat, hetsy dit nodig is weens die feit dat die pos vakant of hergradeer of omskep is, 'n aanbeveling doen aangaande die persoon wat aangestel of bevorder moet word;

(i) aantekening hou van beamptes wat in voorgeskrewe poste in diens geneem is;

(j) ondersoek instel na griewe van beamptes en, behoudens die bepalings van hierdie Wet, die aanbevelings daaroor doen wat hy goeddink;

(k) lasgewings gee aangaande die leeftyds-, opvoedkundige, taal- en ander kwalifikasies wat persone moet besit by aanstelling in, oorplasing na of bevordering in die Regeringsdiens, waar die kwalifikasies nie by of kragtens hierdie Wet of enige ander wet voorgeskryf is nie;

(l) waar hy dit nodig ag, eksamens afneem of laat afneem in vakke, insluitende tale, soos hy gelas, of soos voorgeskryf as 'n kwalifikasie wat persone by aanstelling in oorplasing na of bevordering in die Regeringsdiens moet besit;

(m) dié ander bevoegdhede uitoefen, dié ander werksaamhede verrig en dié ander pligte uitvoer wat nie met hierdie Wet strydig is nie en wat die Uitvoerende Raad aan hom opgedra of hom opgelê het;

(n) aanbevelings doen by die Uitvoerende Raad vir die uitvaardiging of wysiging van regulasies in artikel 26 van hierdie Wet bedoel;

(o) so spoedig doenlik na die 31ste dag van Desember van elke jaar 'n verslag opstel oor aangeleenthede wat die Kommissie gedurende die vorige jaar behandel het, asook spesiale verslae wat die Kommissie van tyd tot tyd wenslik ag.

(3) Die Uitvoerende Raad kan die bevoegdhede, werksaamhede en pligte wat by enige wet aan hom en/of 'n Raadslid verleen, opgedra of opgelê is ten opsigte van die aanstelling, gradering, bevordering, aftreding, dissipline, diensure, verlof en, in die algemeen, diensvoorwaardes van persone in diens van rade, dergelike inrigtings en ander instellings wat hul fondse geheel of gedeeltelik uit die Inkomstefonds verkry, aan die Kommissie delegeer.

*Uitvoering van aanbevelings van die Kommissie*

7. (1) Elke aanbeveling wat deur die Kommissie ooreenkomstig hierdie Wet gedoen word en wat op 'n bepaalde persoon betrekking het—altyd behoudens die bepalings van subartikel (2)—

(a) kan voordat dit uitgevoer is, deur die Kommissie teruggetrek of gewysig word of deur die Uitvoerende Raad verwerp of gewysig word te eniger tyd, binne 'n tydperk van ses kalendermaande na die datum waarop dit deur die Kommissie gedoen is of binne 'n tydperk van ses kalendermaande na die datum waarop dit deur

(f) make recommendations for effecting economy and promoting efficiency in the management and working of departments, subdepartments, branches and offices by—

(i) improved organisation, procedure and methods;

(9) Die betrokke beampte kan binne 14 dae na die datum waarop hy die afskrif van die notule van die verrigtings ontvang het, of as hy nie om 'n afskrif van die notule aansoek gedoen het nie, binne 21 dae na die datum waarop hy die afskrif van die redes vir die bevinding ontvang het, aan die Kommissie skriftelike vertoë, in viervoud, ter stawing van sy appèl voorlê.

(10) Die Kommissie stuur 'n afskrif van die notule en dokumente in subartikel (7) bedoel en 'n afskrif van die vertoë in subartikel (9) bedoel aan die departementshoof.

(11) Die departementshoof kan binne 14 dae na die datum waarop hy die afskrifte in subartikel (10) bedoel, ontvang het, vertoë wat hy wens voor te lê ter stawing van die bevinding waarteen die appèl aangeteken is, in viervoud tot die Kommissie rig; en die Kommissie moet 'n afskrif van sodanige vertoë aan die betrokke beampte verstrek.

(12) (a) Die betrokke beampte kan binne 14 dae na die datum waarop hy 'n afskrif van die vertoë in subartikel (11) bedoel, ontvang het, enige skriftelike repliek wat hy op sodanige vertoë wil lewer, in viervoud aan die Kommissie voorlê.

(b) Die Kommissie verstrek 'n afskrif van bedoelde repliek aan die departementshoof.

(c) Die departementshoof het nie die reg om verdere vertoë in antwoord op bedoelde repliek voor te lê nie, behalwe met verlof van die Kommissie.

(13) Na oorweging van bedoelde notule en dokumente kan die Kommissie die appèl in sy geheel of gedeeltelik handhaaf en die bevinding tersyde stel of wysig of die appèl van die hand wys en die bevinding in sy geheel of gedeeltelik bekragtig, of kan die Kommissie, voordat hy tot 'n finale beslissing oor die appèl geraak, enige vraag in verband met die ondersoek na die beampte of toegewese beampte wat dit ingestel het, terugverwys, en hom gelas om verslag daaroor te doen of om 'n verdere ondersoek in te stel en tot 'n bevinding daaroor te geraak.

(14) As die Kommissie gelas dat 'n verdere ondersoek ingestel moet word, is die bepalings van subartikels (3) en (4) van toepassing.

(15) Wanneer die Kommissie tot 'n finale beslissing oor 'n appèl geraak het, deel hy daardie beslissing skriftelik aan die appellant en aan die Raadslid mee.

(16) As die beampte of toegewese beampte wat die ondersoek ingestel het, bevind het dat die beampte ongeskik is vir sy pligte of nie in staat is om hulle op bekwame wyse uit te voer nie en die beampte nie teen die bevinding soos hierbo bepaal, geappelleer het nie, of as hy aldus geappelleer het en sy appèl van die hand

allocated officer who held the inquiry a written notice of appeal wherein he shall set forth fully the grounds upon which the appeal is based.

(7) If the officer or allocated officer who held the inquiry has found that the officer concerned is unfit for his duties or incapable of carrying them out efficiently, he shall forward to the Commission the record of the proceedings at the inquiry and any documentary evidence admitted thereat, a written statement of his finding and his reasons therefor and any observations on the case which he may desire to make. If notice of appeal has been given in accordance with the provisions of subsection (6), he shall forward with the record the notice and grounds of appeal, and shall furnish the officer concerned with a copy of the reasons for his findings.

(8) If the officer concerned applies to the Commission for a copy of the record of the proceedings at the inquiry within seven days of the date upon which he received a copy of the reasons for the finding, the Commission shall furnish him with such copy.

(9) The officer concerned may within 14 days of the date upon which he received the copy of the record of the proceedings, or if he did not apply for a copy of the record, within 21 days of the date upon which he received the copy of the reasons for the finding submit to the Commission written representations, in quadruplicate, in support of his appeal.

(10) The Commission shall forward to the head of department a copy of the record and documents referred to in subsection (7) and a copy of the representations referred to in subsection (9).

(11) The head of department may, within 14 days of the date upon which he received the copies referred to in subsection (10), submit to the Commission, in quadruplicate, any representations which he desires to make in support of the finding against which the appeal is brought; and te Commission shall furnish the officer concerned with a copy of such representations.

(12) (a) The officer concerned may within 14 days of the date upon which he received a copy of the representations referred to in subsection (11), submit to the Commission, in quadruplicate, any reply in writing he may wish to make to such representations.

(b) The Commission shall furnish the head of department with a copy of such reply.

(c) The head of department shall have no right to submit further representations in answer to such reply, except by leave of the Commission.

(13) After consideration of the aforesaid record and documents, the Commission may allow the appeal wholly or in part and set aside or alter the finding, or dismiss the appeal and confirm the finding wholly or in part, or the Commission may, before arriving at a final decision on the appeal, remit any question in connection with the inquiry to the officer or allocated officer who held it, and direct him to report thereon or to hold a further inquiry and arrive at a finding thereon.

(14) If the Commission directs the holding of a further inquiry, the provisions of subsections (3) and (4) shall apply.

(15) When the Commission has arrived at a final decision in writing to the appellant and to the Councillor.

(16) If the officer or allocated officer who held the inquiry has found that the officer is unfit for his duties or incapable of carrying them out efficiently and the officer has not appealed against the finding as hereinbefore provided, or if he has so appealed and his appeal

gewys is, stuur die Kommissie die notule en alle ander dokumente wat op die ondersoek betrekking het, aan die Raadslid en beveel hy aan—

(a) dat geen verdere stappe in die saak gedoen word nie; of

(b) dat die betrokke beampte na 'n ander pos oorgeplaas of in diens gehou word bykomend tot die vaste diensstaat; of

(c) dat sy salaris of graad of sy salaris sowel as sy graad verlaag word in die mate wat aanbeveel word; of

(d) dat hy uit die Regeringsdiens ontslaan word met ingang van 'n datum deur die Raadslid bepaal.

As die Kommissie 'n aanbeveling ingevolge paragraaf (b) doen, kan hy ook 'n aanbeveling ingevolge paragraaf (c) doen.

(17) Die Raadslid kan die gedragslyn volg wat die Kommissie aanbeveel het of, behoudens die bepalings van artikel 7 (1), enige ander gedragslyn wat die Kommissie wettiglik ingevolge subartikel (16) kon aanbeveel het.

*Onbekwame departementshoofde*

17. (1) As daar na die mening van die Raadslid redelike gronde bestaan om te vermoed dat 'n departementshoof wat 'n beampte is, ongeskik is vir sy pligte of nie in staat is om hulle op bekwame wyse uit te voer nie, doen die Raadslid dienooreenkomstig verslag aan die Uitvoerende Raad en die Uitvoerende Raad kan 'n persoon of persone aanstel om ondersoek na die inhoud van daardie verslag in te stel.

(2) Die bepalings van artikel 16 (2) tot en met (17) is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n ondersoek ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel en vir doeleindes van sodanige toepassing word die verwysing in artikel 16 (17) na 'n Raadslid uitgelê as 'n verwysing na die Uitvoerende Raad, word elke verwysing na 'n departementshoof uitgelê as 'n verwysing na die Raadslid en word elke verwysing na die beampte of toegewese beampte wat die ondersoek instel, uitgelê as ook 'n verwysing na die persoon of persone wat ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel aangestel is.

*Omskrywing van wangedrag*

18. 'n Beampte is skuldig aan wangedrag en daar kan ooreenkomstig die bepalings van artikel 19 met hom gehandel word, as hy—

(a) 'n bepaling van hierdie Wet oortree of versuim om te voldoen aan 'n bepaling daarvan waaraan dit sy plig is om te voldoen; of

(b) 'n daad wat nadelig vir die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van 'n departement, kantoor of inrigting van die Regering is, doen, laat doen of toelaat of oogluikend toelaat dat dit gedoen word; of

(c) 'n wettige bevel wat aan hom gegee is deur 'n persoon wat die bevoegdheid het om dit te gee, nie gehoorsaam nie, dit verontagsaam of opsetlik versuim om dit uit te voer, of deur woord of gedrag insubordinansie aan die dag lê; of

(d) nalatig of traag is in die vervulling van sy pligte; of

(e) sonder die toestemming van die Raadslid (verleen op aanbeveling van die Kommissie in die geval van 'n beampte wat 'n voorgeskrewe pos op die vaste diensstaat beklee) enige private agentskap of private werk in enige aangeleentheid in verband met die verrigting van sy amptelike werksaamhede of die uitvoering van sy ampspligte onderneem; of

(f) hom in die openbaar uitlaat oor die administrasie van enige departement; of

(g) lid van 'n politieke organisasie word of aktief aan politieke aangeleenthede deelneem; of

has been dismissed, the Commission shall forward the record and all documents relating to the inquiry to the Councillor and recommend—

(a) that no further action be taken in the matter; or

(b) that the officer concerned be transferred to another post or be employed additional to the fixed establishment; or

(c) that his salary or grade or both his salary and grade be reduced to an extent recommended; or

(d) that he be discharged from the Public Service from a date to be specified by the Councillor.

If the Commission makes a recommendation in terms of paragraph (b), it may also make a recommendation in terms of paragraph (c).

(17) The Councillor may adopt the course recommended by the Commission or, subject to the provisions of section 7 (1) any other course which the Commission could lawfully have recommended under subsection (16).

*Inefficient heads of departments*

17. (1) If in the opinion of the Councillor there are reasonable grounds for believing that a head of department who is an officer is unfit for his duties or incapable of carrying them out efficiently the Councillor reports accordingly to the Executive Council and the Executive Council may appoint a person or persons to inquire into the subject matter of that report.

(2) The provisions of section 16 (2) to (17), inclusive, shall *mutatis mutandis* apply to any inquiry under subsection (1) of this section; and for the purposes of such application the reference in section 16 (17) to a Councillor shall be construed as a reference to the Executive Council, every reference to a head of department shall be construed as a reference to the Councillor and every reference to the officer or allocated officer holding the inquiry shall be construed as including a reference to the person or persons appointed under subsection (1) of this section.

*Definition of misconduct*

18. Any officer shall be guilty of misconduct and may be dealt with in accordance with the provisions of section 19 if he—

(a) contravenes any provision of this Act or fails to comply with any provision thereof with which it is his duty to comply; or

(b) does, or causes or permits to be done, or connives at, any act which is prejudicial to the administration, discipline or efficiency of any department, office or institution of the Government; or

(c) disobeys, disregards, or makes wilful default in carrying out a lawful order given to him by a person having authority to give it, or by word or conduct displays insubordination; or

(d) is negligent or indolent in the discharge of his duties; or

(e) undertakes, without the permission of the Councillor (granted on the recommendation of the Commission in the case of an officer who holds a prescribed post on the fixed establishment), any private agency or private work in any matter connected with the performance of his official functions or the carrying out of his official duties; or

(f) publicly adversely comments upon the administration of any department; or

(g) becomes a member of any political organisation or takes active part in political matters; or

(h) probeer om uit politieke of buitebronne ingryping in verband met sy posisie en diensvoorwaardes in die Regeringsdiens te verkry: Met dien verstande dat niks in hierdie paragraaf vervat 'n beampte verhinder om herstel van 'n grief deur bemiddeling van die Wetgewende Vergadering te probeer verkry nie; of

(i) hom op 'n skandelike, onbehoorlike of onbetaamlike wyse gedra, of terwyl hy diens doen, hom uiters onbeleefd teenoor 'n persoon gedra; of

(j) buitensporig gebruik maak van bedwelmende drank of gewoontevormende middels; of

(k) te eniger tyd gedurende die diensure wat deur of kragtens 'n regulasie ten opsigte van sy werk voorgeskryf is—

(i) onder die invloed van bedwelmende drank is; of

(ii) 'n bloedalkoholinhoud, uitgedruk in gram per honderd milliliter bloed, van minstens sewentig milligram (0,07 persent) het; of

(l) insolvent word of 'n akkoord met sy skuldeisers aangaan of as 'n bevel tot siviele gyseling deur 'n geregshof teen hom gegee is, tensy daar bewys word dat sy insolvensie of akkoord of die gee van 'n bevel tot siviele gyseling teen hom deur onvermydelike teenspoed veroorsaak is; of

(m) in geldelike moeilikheid geraak, tensy daar bewys word dat sy geldelike moeilikheid nie die gevolg is van onversigtigheid of ander laakbare oorsaak nie en nie nadelig is vir die getroue uitvoering van sy en nie nadelig is vir die getroue uitvoering van sy pligte nie; of

(n) sonder dat hy eers die toestemming van sy departementshoof verkry het, inligting wat hy ingewin of waaraan hy gekom het as gevolg van sy werk in die Regeringsdiens, openbaar maak anders as in die vervulling van sy ampspligte of sodanige inligting gebruik vir 'n ander doel as vir die vervulling van sy ampspligte, hetsy hy sodanige inligting openbaar maak of nie; of

(o) sonder die toestemming van die Raadslid (verleen op aanbeveling van die Kommissie in die geval van 'n beampte wat 'n voorgeskrewe pos op die vaste diensstaat beklee) enige kommissie, geld of beloning, geldelik of anders (wat nie die emolumente is wat ten opsigte van sy pligte aan hom betaalbaar is nie) aanneem of dit eis ten opsigte van die uitvoering van sy pligte of die versuim om sy pligte uit te voer, of versuim om aan sy departementshoof of, as hy die departementshoof is, wat 'n beampte is, aan die Raadslid, die aanbod van sodanige kommissie, geld of beloning te rapporteer; of

(p) hom eiendom van die Regering wederregtelik toeëien of onbehoorlike gebruik daarvan maak onder sodanige omstandighede dat sy daad nie 'n kriminele misdryf uitmaak nie; of

(q) 'n kriminele misdryf begaan; of

(r) sonder verlof of geldige rede van sy kantoor of diens wegbly; of

(s) met die oog op die verkryging van enige voorreg of voordeel met betrekking tot sy amptelike posisie of sy pligte, of met die oog op die veroorsaking van enige nadeel of skade aan die Regering of 'n departement of die Regeringsdiens of 'n lid van die Regeringsdiens, 'n valse of onjuiste verklaring doen, wetende dat dit vals of onjuis is.

*Prosedure in gevalle van wangedrag*

19. (1) Wanneer 'n beampte (uitgesonderd 'n departementshoof) van wangedrag beskuldig word, kan sy departementshoof of 'n beampte of toegewese beampte in

(h) attempts to secure intervention from political or outside sources in relation to his position and conditions of service in the Public Service: Provided that nothing in this paragraph contained shall preclude any officer from endeavouring to obtain redress of any grievance through the Legislative Assembly; or

(i) conducts himself in a disgraceful, improper or unbecoming manner, or whilst on duty is grossly discourteous to any person; or

(j) uses intoxicating liquor or habit-forming drugs excessively; or

(k) at any time during the hours of attendance prescribed by or under a regulation in respect of his employment—

(i) is under the influence of intoxicating liquor; or

(ii) has a blood alcohol content, expressed in grams per 100 millilitres of blood, of not less than 70 milligrams (0,07 per cent); or

(l) becomes insolvent or compromises with his creditors or has a decree of civil imprisonment made against him by any court of law, unless it is shown that his insolvency or compromise or the making of a decree of civil imprisonment against him has been occasioned by unavoidable misfortune; or

(m) becomes pecuniarily embarrassed, unless it is shown that his pecuniary embarrassment has not been occasioned by imprudence or other reprehensible cause and is not prejudicial to the faithful performance of his duties; or

(n) without first having obtained the permission of his head of department discloses, otherwise than in the discharge of his official duties, information gained by or conveyed to him through his employment in the Public Service, or uses such information for any purpose other than for the discharge of his official duties, whether or not he discloses such information; or

(o) without the permission of the Councillor (granted on the recommendation of the Commission in the case of an officer holding a prescribed post on the fixed establishment) accepts or demands in respect of the carrying out of or the failure to carry out his duties, any commission, fee, or reward, pecuniary or otherwise (not being the emoluments payable to him in respect of his duties), or fails to report to his head of department or if he is the head of a department who is an officer, to the Councillor, the offer of any such commission, fee or reward; or

(p) misappropriates or improperly uses any property of the Government under such circumstances that his act does not constitute a criminal offence; or

(q) commits a criminal offence; or

(r) absents himself from his office or duty without leave or valid cause; or

(s) with a view to obtaining any privilege or advantage in relation to his official position or his duties, or to causing prejudice or injury to the Government or a department or the Public Service or a member of the Public Service, makes a false or incorrect statement knowing it to be false or incorrect.

*Procedure in cases of misconduct*

19. (1) When an officer (other than a head of department) is accused of misconduct, his head of department, or any officer or allocated officer in that department who

daardie departement wat deur die departementshoof daartoe gemagtig is, behoudens die bepalings van subartikels (22) en (30) hom skriftelik onder sy handtekening van daardie wangedrag aankla.

(2) Die beampte of toegewese beampte wat die aanklag onderteken het, moet dit aan die aangeklaagde beampte laat beteken.

(3) Die aanklag moet 'n aansegging bevat of van 'n aansegging vergesel gaan waarby die aangeklaagde beampte aangesê word om binne 'n redelike tydperk van minstens 14 werksdae wat in die aansegging vermeld word, aan 'n persoon wat ook daarin vermeld word, 'n skriftelike erkenning of ontkenning van die aanklag en, as hy dit verlang, 'n skriftelike verklaring van die wangedrag waarvan hy aangekla word, te stuur of by hom af te lewer.

(4) Die Raadslid of die departementshoof of, indien daartoe gemagtig deur die departementshoof, enige ander beampte of toegewese beampte in die departement, kan te eniger tyd voor of nadat daar met die beampte ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel gehandel is, die beampte in sy diens skors.

(5) 'n Beampte wat ingevolge subartikel (4) in sy diens geskors is, is nie op enige emolumente vir die tydperk van sy skorsing geregtig nie: Met dien verstande dat die Raadslid na goeddunke kan gelas dat die geheel of 'n gedeelte van sy emolumente aan sodanige beampte betaal word.

(6) As geen aanklag van wangedrag teen 'n beampte wat in sy diens geskors is, ingebring word of hangende is nie, word hy toegelaat om weer diens te aanvaar en word sy volle emolumente vir die tydperk van sy skorsing aan hom betaal.

(7) Die Raadslid of die departementshoof of ander beampte of toegewese beampte wat die beampte geskors het, kan die skorsing te eniger tyd intrek, maar ondanks die intrekking van die skorsing kan die verrigtings in verband met die aanklag van wangedrag voortgesit word.

(8) As die aangeklaagde beampte die aanklag ontken, kan die Raadslid, indien daar na sy oordeel voldoende grond vir verdere stappe bestaan, 'n beampte of toegewese beampte aanstel om ondersoek na die aanklag in te stel.

(9) Die beampte of toegewese beampte wat die ondersoek moet instel, moet in oorleg met die beampte of toegewese beampte wat die aanklag onderteken het, die tyd en plek van die ondersoek vasstel, en die beampte of toegewese beampte wat die aanklag onderteken het, moet aan die aangeklaagde beampte redelike skriftelike kennisgee van die tyd en plek aldus vasgestel.

(10) Die beampte of toegewese beampte wat die aanklag onderteken het, kan enige persoon magtig om by die ondersoek teenwoordig te wees en om getuienis en argumente ter stawing van die aanklag aan te voer en om enige persoon wat as getuie vir die verweer opgeroep is, te kruisvra.

(11) (a) By die ondersoek het die aangeklaagde beampte die reg om teenwoordig te wees en om aangehoor te word, hetsy persoonlik of deur 'n verteenwoordiger, om enige persoon wat ter stawing van die aanklag opgeroep is, te kruisvra, om insae te hê in alle dokumente wat as getuienis voorgelê is, om self getuienis af te lê en ander persone as getuies op te roep.

(b) Die beampte of toegewese beampte wat die ondersoek instel, moet notule hou van die verrigtings by die ondersoek en van alle getuienis wat aldaar afgelê word.

(c) Die versuim van die aangeklaagde beampte om persoonlik of deur 'n verteenwoordiger by die ondersoek teenwoordig te wees, maak die verrigtings nie ongeldig nie.

has been authorised thereto by the head of department may, subject to the provisions of subsections (22) and (30) charge him in writing under his hand with that misconduct.

(2) The officer or allocated officer who signed the charge shall cause it to be served upon the officer charged.

(3) The charge shall contain or shall be accompanied by a direction calling upon the officer charged to transmit or deliver, within a reasonable period specified in the direction, which shall not be less than 14 working days, to a person likewise specified, a written admission or denial of the charge and, if he so desires, a written explanation of the misconduct with which he is charged.

(4) The Councillor, or the head of the department or if authorised thereto by the head of the department, any other officer or allocated officer in the department may at any time before or after the officer has been dealt with under this section suspend him from duty.

(5) An officer who has been suspended from duty in terms of subsection (4) shall not be entitled to any emoluments for the period of his suspension: Provided that the Councillor may, at his discretion, order payment to such officers of the whole or portion of his emoluments.

(6) If no charge of misconduct is preferred or is pending against an officer who has been suspended from duty, he shall be allowed to resume duty and be paid his full emoluments for the period of his suspension.

(7) The Councillor or the head of department or other officer or allocated officer who suspended the officer may at any time cancel the suspension but, notwithstanding the cancellation of the suspension, the proceedings on the charge of misconduct may be continued.

(8) If the officer charged denies the charge, the Councillor may, if in his opinion there is sufficient cause for further proceedings, appoint an officer or allocated officer to inquire into the charge.

(9) The officer or allocated officer who is to hold the inquiry shall, in consultation with the officer or allocated officer who signed the charge, fix the time and place of the inquiry and the officer or allocated officer who signed the charge shall give the officer charged reasonable notice in writing of the time and place so fixed.

(10) The officer or allocated officer who signed the charge may authorise any person to attend the inquiry and to adduce evidence and arguments in support of the charge and to cross-examine any person called as a witness for the defence.

(11) (a) At the inquiry the officer charged shall have the right to be present and to be heard either personally or through a representative, to cross-examine any person called as a witness in support of the charge, to inspect any documents produced in evidence, to give evidence himself and call other persons as witnesses.

(b) The officer or allocated officer holding the inquiry shall keep a record of the proceedings at the inquiry and of all evidence given thereat.

(c) The failure of the officer charged to attend the inquiry, either personally or by a representative, shall not invalidate the proceedings.

(12) Na afloop van die ondersoek moet die beampte of toegewese beampte wat dit instel—

(a) bevind of die aangeklaagde beampte skuldig is of nie skuldig is nie aan die wangedrag waarvan hy aangekla is;

(b) die aangeklaagde beampte van sy bevinding verwittig; en

(c) aan die Raadslid verslag doen oor die uitslag van die ondersoek.

(13) As die aangeklaagde beampte ingevolge subartikel (4) in sy diens geskors is en die beampte of toegewese beampte wat die ondersoek instel, bevind dat hy nie skuldig is aan die wangedrag waarvan hy aangekla is nie, moet genoemde beampte toegelaat word om dadelik weer diens in sy pos te aanvaar en moet aan hom sy volle emolumente vir die tydperk van sy skorsing betaal word.

(14) As die beampte of toegewese beampte wat die ondersoek instel, die aangeklaagde beampte skuldig bevind aan die wangedrag waarvan hy aangekla is, is die bepalings van artikel 16 (6) *mutatis mutandis* van toepassing.

(15) As die beampte of toegewese beampte wat die ondersoek ingestel het, die aangeklaagde beampte skuldig bevind het aan die wangedrag waarvan hy aangekla is, moet hy die notule van die verrigtings by die ondersoek en enige dokumentêre getuienis wat aldaar toegelaat is, 'n uiteensetting van sy bevinding en sy redes daarvoor, en enige opmerkings oor die saak wat hy wens te maak, aan die Kommissie stuur: Met dien verstande dat as die beampte wat aan wangedrag skuldig bevind is 'n nievoorgeskrewe pos beklee en nie ooreenkomstig die bepalings van artikel 16 (6), soos toegepas by subartikel (14) van hierdie artikel, kennis van appél teen die bevinding gegee het nie, die beampte of toegewese beampte wat die ondersoek ingestel het, genoemde notule en ander dokumente nie aan die Kommissie nie maar aan die hoof van die departement waarin die beampte wat aan wangedrag skuldig bevind is, in diens is, moet stuur.

(16) As die beampte wat aan wangedrag skuldig bevind is, kennis van appél ooreenkomstig voormelde bepalings, soos aldus toegepas, gegee het, moet die beampte of toegewese beampte wat die ondersoek ingestel het, saam met die notule en ander dokumente genoem in subartikel (15), die appellant se kennisgewing en gronde van appél aan die Kommissie stuur en 'n afskrif van die redes vir die bevinding waarteen die appél aangeteken is, aan die appellant verstrek.

(17) As kennis van appél ooreenkomstig voormelde bepalings, soos aldus toegepas, gegee is, is die bepalings van artikel 16 (8) tot en met (15) *mutatis mutandis* van toepassing.

(18) As die Kommissie die appél van 'n appellant wat in sy diens geskors is, toestaan, moet die appellant dadelik toegelaat word om weer sy diens te aanvaar en moet sy volle emolumente vir die tydperk van sy skorsing aan hom betaal word.

(19) As die notule en dokumente genoem in subartikel (15) ingevolge daardie subartikel aan die hoof van die departement waarin die beampte wat aan wangedrag skuldig bevind is, in diens is, gestuur is, of as gemelde notule en dokumente ingevolge daardie subartikel aan die Kommissie gestuur is en geen appél teen die bevinding aangeteken is nie, of as 'n appél aldus aangeteken is en die Kommissie die appél in sy geheel of gedeeltelik van

(12) At the conclusion of the inquiry the officer or allocated officer holding it shall—

(a) find whether the officer charged is guilty or not guilty of the misconduct with which he has been charged;

(b) inform the officer charged of his finding; and

(c) report the result of the inquiry to the Councillor.

(13) If the officer charged is under suspension from duty under subsection (4) and the officer or allocated officer holding the inquiry finds that he is not guilty of the misconduct with which he has been charged, the said officer shall be allowed forthwith to resume duty in his post and be paid his full emoluments for the period of his suspension.

(14) If the officer or allocated officer holding the inquiry finds the officer charged guilty of the misconduct with which he has been charged, the provisions of section 16 (6) shall *mutatis mutandis* apply.

(15) If the officer or allocated officer who held the inquiry has found the officer charged guilty of the misconduct with which he has been charged, he shall forward to the Commission the record of the proceedings at the inquiry and any documentary evidence admitted thereat, a statement of his finding and his reasons therefor and any observations on the case which he may desire to make: Provided that if the officer found guilty of misconduct holds a non-prescribed post and he has not given notice of appeal in accordance with the provisions of section 16 (6), as applied by subsection (14) of this section, the officer or allocated officer who held the inquiry shall forward the said record and other documents not to the Commission but to the head of department in which the officer found guilty of misconduct is employed.

(16) If the officer found guilty of misconduct has given notice of appeal in accordance with the provisions aforesaid, as so applied, the officer or allocated officer who held the inquiry shall forward to the Commission, with the record and other documents referred to in subsection (15), the applicant's notice and grounds of appeal and shall furnish the appellant with a copy of the reasons for the finding against which the appeal is brought.

(17) If notice of appeal has been given in accordance with the provisions aforesaid, as so applied, the provisions of section 16 (8) to (15), inclusive, shall *mutatis mutandis* apply.

(18) If the Commission allows the appeal of an appellant who was suspended from duty, he shall forthwith be allowed to resume his duties and be paid his full emoluments for the period of his suspensions.

(19) If the record and documents referred to in subsection (15) have, in terms of that subsection, been forwarded to the head of the Department in which the officer found guilty of misconduct is employed or if the said record and documents have, in terms of that subsection been forwarded to the Commission and no appeal was noted against the finding, or if an appeal was so noted and the Commission has dismissed such appeal wholly or

die hand gewys het, kan bedoelde departementshoof of die Kommissie, na gelang van die geval, by die Raadslid aanbeveel dat—

(a) bedoelde beampte gewaarsku of berispe word; of

(b) 'n boete van hoogstens R400 hom opgelê word, en die boete kan verhaal word deur aftrekking van sy emolumente in die paaiemente wat deur die Raadslid vasgestel word; of

(c) hy na 'n ander pos oorgeplaas of bykomend by die vaste diensstaat in diens gehou word; of

(d) sy salaris of graad of sy salaris sowel as sy graad verlaag word in die mate wat aanbeveel word; of

(e) hy ontslaan word of aangesê word om uit die Regeringsdiens te bedank met ingang van 'n datum wat deur die Raadslid bepaal word:

Met dien verstande dat—

(i) behalwe waar 'n aanbeveling kragtens paragraaf (e) gedoen word, die Kommissie of departementshoof nie belet word om 'n aanbeveling kragtens meer as een van die voorgaande paragrawe te doen nie;

(ii) die Kommissie of die departementshoof die doen van 'n aanbeveling vir 'n tydperk van hoogstens 12 kalendermaande kan uitstel; en

(iii) as 'n beampte wat aangesê is om uit die Regeringsdiens te bedank, versuim om aldus te bedank, hy geag word daaruit ontslaan te gewees het met ingang van 'n datum wat deur die Raadslid bepaal word.

(20) Die Raadslid kan die gedragslyn volg wat die Kommissie of departementshoof aanbeveel of enige ander gedragslyn wat die Kommissie of departementshoof wettiglik ingevolge subartikel (19) kon aanbeveel het, maar altyd onderworpe aan die bepalings van artikel 7 (1) in die geval van 'n aanbeveling van die Kommissie.

(21) Die Kommissie of departementshoof, na gelang van geval, stuur saam met sy aanbeveling ingevolge subartikel (19) die notule van die verrigtings by die ondersoek en alle dokumente in sy besit wat op die ondersoek of op die appél betrekking het, aan die Raadslid.

(22) As die wangedrag neerkom op 'n misdryf waaraan die beampte deur 'n geregshof skuldig bevind is, is dit nie nodig om hom ingevolge subartikel (1) aan te kla nie maar word dit afdoende geag dat hy skuldig is aan daardie wangedrag, tensy die skuldigbevinding deur 'n hoër hof tersyde gestel of hy ten volle begenadig is.

(23) Die vryspreking van 'n beampte deur 'n geregshof op 'n aanklag van 'n kriminele misdryf, belet nie dat stappe ingevolge hierdie Wet op 'n aanklag van wangedrag teen hom ingestel word nie, ondanks die feit dat die feite uiteengesit in die aanklag van wangedrag, as dit bewys sou word, die misdryf sou uitmaak wat uiteengesit is in die kriminele aanklag waarop hy vrygespreek is of 'n ander misdryf waaraan hy, by sy verhoor op genoemde kriminele aanklag, skuldig bevind kon geword het.

(24) As die beampte wat ingevolge hierdie artikel aangekla is, die aanklag erken, word hy geag skuldig te wees aan die wangedrag waarvan hy aangekla is.

(25) As die beampte in subartikel (22), (24) of (30) bedoel 'n voorgeskrewe pos beklee, stuur die departementshoof alle dokumente wat hy tot sy beskikking het en wat op die wangedrag betrekking het en enige opmerkings daaroor wat hy wens te maak, aan die Kommissie, en die Kommissie doen 'n aanbeveling ingevolge subartikel (19) by die Raadslid.

(26) As die beampte in subartikel (22), (24) of (30) bedoel 'n nie-voorgeskrewe pos beklee, doen die departementshoof ingevolge subartikel (19) 'n aanbeveling by die Raadslid.

in part, the Commission or the head of the department, as the case may be, may recommend to the Councillor that—

(a) the said officer be cautioned or reprimanded; or

(b) a fine not exceeding R400 be imposed upon him, which fine may be recovered by deduction from his emoluments in such instalments as may be determined by the Councillor; or

(c) he be transferred to some other post or be employed additional to the fixed establishment; or

(d) his salary or grade or both his salary and grade be reduced to an extent recommended; or

(e) he be discharged or be called upon to resign from the Public Service as from a date to be specified by the Councillor:

Provided that—

(i) except where a recommendation is made under paragraph (e), the Commission or the head of department shall not be precluded from making a recommendation under more than one of the aforegoing paragraphs;

(ii) the Commission or the head of department may postpone, for a period not exceeding 12 calendar months, the making of a recommendation; and

(iii) if an officer, who has been called upon to resign from the Public Service, fails so to resign, he shall be deemed to have been discharged therefrom as from a date to be specified by the Councillor.

(20) The Councillor may adopt the course recommended by the Commission or head of department or any other course which the Commission or head of department could lawfully have recommended under subsection (19) but subject always to the provisions of section 7 (1) in the case of a recommendation of the Commission.

(21) The Commission or head of department, as the case may be, shall forward to the Councillor with its recommendation, in terms of subsection (19), the record of the proceedings at the inquiry and all documents in its possession which relate to the injury or to the appeal.

(22) If the misconduct amounts to an offence of which the officer has been convicted by a court of law, it shall not be necessary to charge him under subsection (1) but he shall be deemed conclusively to be guilty of that misconduct unless the conviction has been set aside by a superior court or he has been granted a free pardon.

(23) The acquittal of an officer by a court of law upon a charge of a criminal offence shall not be a bar to proceedings against him under this Act on a charge of misconduct notwithstanding the fact that the facts set forth in the charge of misconduct would, if proved, constitute the offence set forth in the criminal charge on which he was acquitted or some other offence of which he might have been convicted at his trial on the said criminal charge.

(24) If the officer charged in terms of this section admits the charge, he shall be deemed to be guilty of the misconduct with which he has been charged.

(25) If the officer referred to in subsection (22), (24) or (30) holds a prescribed post the head of department shall forward to the Commission all documents available to him which relate to the misconduct and any observations thereon which he may desire to make, and the Commission shall make a recommendation to the Councillor in terms of subsection (19).

(26) If the officer referred to in subsection (22), (24) or (30) holds a non-prescribed post the head of department shall make a recommendation to the Councillor in terms of subsection (19).

(27) Die bepalings van subartikel (20) is van toepassing ten opsigte van 'n aanbeveling ingevolge subartikel (25) of (26) asof die aanbeveling ingevolge subartikel (19) gedoen is.

(28) As daar met 'n beampte wat ingevolge subartikel (4) in sy diens geskors is, ooreenkomstig die bepalings van subartikel (19) (a), (b) of (d) of van die tweede voorbehoudsbepaling van daardie subartikel gehandel word, moet hy onverwyld toegelaat word om weer diens te aanvaar, en as daar met hom ooreenkomstig die bepalings van subartikel (19) (c) gehandel word, moet hy so gou doenlik toegelaat word om diens te aanvaar in die pos of pligte waarna hy oorgeplaas word, en in sodanige geval moet sy volle emolumente vir die tydperk van sy skorsing aan hom betaal word: Met dien verstande dat as sy graad ingevolge genoemde subartikel (19) (d) verlaag word, hy so gou doenlik toegelaat moet word om diens in 'n pos van die verlaagde graad te aanvaar, en moet aan hom vir die tydperk van sy skorsing die emolumente van daardie pos betaal word, maar as hoër emolumente as die emolumente van daardie pos aan hom gedurende die tydperk van sy skorsing ingevolge subartikel (5) betaal is, hy nie verplig is om die verskil terug te betaal nie.

(29) 'n Beampte wat ingevolge subartikel (4) in sy diens geskors is, of teen wie 'n aanklag ingevolge hierdie artikel ingebring is, en wat uit die Regeringsdiens bedank of ander werk aanvaar voordat sodanige aanklag finaal ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel afgehandel is, word geag weens wangedrag ontslaan te gewees het met ingang van 'n datum wat deur die Raadslid bepaal word, tensy hy voor die ontvangs van sy kennisgewing van bedanking of die datum van sy aanvaardig van ander werk, in kennis gestel is dat geen aanklag teen hom ingebring sal word nie of dat die aanklag wat teen hom ingebring is, teruggetrek is.

(30) (a) 'n Hoof van kantoor kan 'n beampte wat hy redelikerwys vermoed skuldig te wees aan wangedrag soos omskryf in artikel 18 (k) (i) of (ii), gelas om—

(i) in die voorgeskrewe apparaat uit te asem vir die tydperk wat hy mag bepaal; of

(ii) hom aan ondersoek deur 'n distriksgeneesheer of ander mediese praktisyn te onderwerp, met inbegrip van enige bloedtoets wat sodanige distriksgeneesheer of ander mediese praktisyn nodig mag ag om die alkoholinhoud van die bloed van bedoelde beampte te bepaal; of

(iii) in die voorgeskrewe apparaat uit te asem en om hom aan die in subparagraaf (ii) bedoelde ondersoek te onderwerp.

(b) Indien—

(i) 'n beampte versuim of weier om in die voorgeskrewe apparaat uit te asem of hom aan 'n ondersoek te onderwerp nadat hy aldus kragtens paragraaf (a) gelas is; of

(ii) die voorgeskrewe apparaat wys dat die alkoholinhoud van die bloed van 'n beampte 'n perk oorskry wat, op aanbeveling van die Kommissie deur die Raadslid vir Gemeenskapsake by kennisgewing in die *Staatskoerant* met betrekking tot daardie besondere fabrikaat van voorgeskrewe apparaat gespesifiseer is;

word bedoelde beampte onweerlegbaar geag skuldig te wees aan wangedrag soos in artikel 18 (k) (i) omskryf.

(31) (a) Die bepalings van artikel 239 (4) van die Strafproseswet, 1955 (Wet 56 van 1955) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n ondersoek na 'n aanklag van wangedrag soos omskryf in artikel 18 (k) (i) of (ii).

(b) Waar daar by enige ondersoek na 'n aanklag van wangedrag soos omskryf in artikel 18 (k) (i) of (ii) getuienis aangevoer word van 'n ontleding van 'n monster van die bloed van enige persoon, word daar vermoed,

(27) The provisions of subsection (20) shall apply in respect of a recommendation under subsection (25) or (26) as if the recommendation had been made under subsection (19).

(28) If an officer who has been suspended from duty in terms of subsection (4) is dealt with in accordance with the provisions of subsection (19) (a), (b) or (d) or of the second proviso to that subsection, he shall forthwith be allowed to resume duty and, if he is dealt with in accordance with the provisions of subsection (19) (c), he shall as soons as practicable be allowed to assume duty in the post or duties to which he is transferred and, in any such case, he shall be paid his full emoluments for the period of his suspension: Provided that, if his grade is reduced in terms of the said subsection (19) (d), he shall as soon as practicable be allowed to assume duty in a post of the reduced grade and be paid, for the period of suspension, the emoluments of that post but, if emoluments in excess of the emoluments of that post were, during the period of his suspension, paid to him under subsection (5), he shall not be obliged to refund the excess.

(29) An officer who has been suspended from duty in terms of subsection (4) or against whom a charge has been preferred under this section and who resigns from the Public Service or assumes other employment before such charge has been dealt with to finality in accordance with the provisions of this section, shall be deemed to have been discharged on account of misconduct with effect from a date to be specified by the Councillor unless, prior to the receipt of his notification of resignation or the date of his assumption of other employment, he had been notified that no charge would be preferred against him or that the charge preferred against him had been withdrawn.

(30) (a) A head of office may require an officer whom he suspects on reasonable grounds to be guilty of misconduct as defined in section 18 (k) (i) or (ii)—

(i) to breathe into the prescribed apparatus for such period as he may direct; or

(ii) to undergo examination by a district surgeon or other medical practitioner, including any blood test which such district surgeon or other medical practitioner may deem necessary in order to determine the alcohol content of the blood of such officer; or

(iii) to breathe into the prescribed apparatus and to undergo the examination referred to in subparagraph (ii).

(b) If—

(i) any officer fails or refuses to breathe into the prescribed apparatus or to undergo any examination when so required under paragraph (a); or

(ii) the prescribed apparatus records that the alcohol content of the blood of an officer exceeds a limit specified, on the recommendation of the Commission, by the Executive Councillor for Community Affairs by notice in the *Government Gazette* in respect of that particular make of prescribed apparatus;

such officer shall be deemed conclusively to be guilty of misconduct as defined in section 18 (k) (i).

(31) (a) The provisions of section 239 (4) of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act 56 of 1955) apply *mutatis mutandis* in relation to any inquiry into a charge of misconduct as defined in section 18 (k) (i) or (ii).

(b) Where in any inquiry into a charge of misconduct as defined in section 18 (k) (i) or (ii), evidence is tendered of the analysis of a specimen of the blood of any person it shall be presumed until the contrary is proved, that

totdat die teendeel bewys word, dat enige spuit wat gebruik is om sodanige monsters te neem en die houer waarin sodanige monster geplaas is vir versending na 'n ontleder vry van enige stof of kontaminasie was wat die uitslag van sodanige ontleding kon geaffekteer het.

*Wangedrag van departementshoofde*

20. (1) Wanneer 'n departementshoof, wat 'n beampte is, van wangedrag beskuldig word, kan die Raadslid die aangeleentheid aan die Uitvoerende Raad rapporteer wat die Raadslid kan gelas om hom van daardie wangedrag aan te kla; en as 'n ondersoek ingevolge artikel 19 (8), soos toegepas by subartikel (2) van hierdie artikel, nodig word, kan die Uitvoerende Raad 'n persoon of persone aanstel om die ondersoek in te stel.

(2) Die bepalings van artikel 19 (2) tot en met (31) is *mutatis mutandis* van toepassing op verrigtings wat op 'n lasgewing ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel volg; en vir doeleindes van sodanige toepassing word die verwysing in genoemde subartikels na die Raadslid uitgelê as 'n verwysing na die Uitvoerende Raad, word die verwysing in subartikel (25) na departementshoof uitgelê as 'n verwysing na die Raadslid en word elke verwysing in genoemde subartikels na die beampte of toegewese beampte wat die ondersoek instel, uitgelê as ook 'n verwysing na 'n persoon of persone wat ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel aangestel is.

*Wyse waarop kennis, ens. gegee of verstrek word*

21. Waar daar by artikel 16, 17, 19 of 20 bepaal word—

(a) dat enige kennis, verklaring of ander dokument aan 'n persoon gegee of verstrek of beteken moet word of dat enige aangeleentheid skriftelik aan 'n persoon meegedeel moet of kan word, kan die kennisgewing, verklaring, dokument of geskrif per pos in 'n geregistreerde brief aan hom gestuur word of aan hom afgelewer of by sy laaste bekende woonplek gelaat word; of

(b) dat 'n persoon van 'n beslissing of bevinding verwittig moet word, kan hy mondeling of per geskrif wat per pos in 'n geregistreerde brief aan hom gestuur word of aan hom afgelewer of by sy laaste bekende woonplek gelaat word, daarvan verwittig word.

## HOOFSTUK 5

## ALGEMEEN

*Besoldiging van beamptes en werknemers*

22. (1) Behoudens die bepalings van artikel 7, word aan beamptes en werknemers salarisse, lone en toelaes betaal ooreenkomstig die skale wat by hulle grade pas, soos deur die Kommissie ingevolge artikel 6 (2) (g) aanbeveel.

(2) Op aanbeveling van die Kommissie, maar behoudens die bepalings van artikel 7—

(a) kan aan beamptes of werknemers of aan klasse beamptes of werknemers by aanstelling, oorplasing of bevordering salarisse of lone teen hoër bedrae as die minimums van die toepaslike skale betaal word; en

(b) kan aan beamptes of werknemers of aan klasse beamptes of werknemers spesiale vordering toegestaan word binne die skale wat op hulle van toepassing is; en

(c) kan aan 'n beampte of werknemer wat buitengewoon bekwaam is of wat spesiale kwalifikasies besit of wat verdienstelike diens gelewer het, en kan aan enige beampte of werknemer, as dit in die Regeringsdiens se belang is, spesiale vordering toegestaan word binne die skaal wat op hom van toepassing is of kan aan hom 'n salaris of loon ooreenkomstig 'n hoër skaal betaal of enige ander geskikte beloning toegeken word.

(3) Behoudens die bepalings van artikel 7, kan aan geen beampte of werknemer ten opsigte van sy diens as

any syringe used for obtaining such specimen and the receptacle in which such specimen was placed for dispatch to an analyst, were free of any substance or contamination which could have affected the result of such analysis.

*Misconduct of heads of departments*

20. (1) When a head of department who is an officer is accrued of misconduct, the Councillor may report the matter to the Executive Council who may instruct the Councillor to charge him with that misconduct; and if an inquiry becomes necessary under section 19 (8) as applied by subsection (2) of this section, the Executive Council may appoint a person or persons to hold the inquiry.

(2) The provisions of section 19 (2) to (3), inclusive, shall *mutatis mutandis* apply to any proceedings following upon a direction under subsection (1) of this section; and for the purposes of such application the reference in the said subsections to the Councillor shall be construed as a reference to the Executive Council, the reference in subsection (25) to head of department shall be construed as a reference to the Councillor and every reference in the said subsections to the officer or allocated officer holding the inquiry shall be construed as including a reference to a person or persons appointed under subsection (1) of this section.

*Manner in which notice etc. may be given or furnished*

21. Whenever by section 16, 17, 19 or 20 it is provided—

(a) that any notice, statement or other document is to be given or funished to or served upon any person or that any matter is to be or may be conveyed to any person in writing the notice, statement, document or writing may be sent by post in a registered letter or be delivered to him or left at his last known place of residence; or

(b) that any person is to be informed of any decision or finding, he may be informed thereof orally or in writing sent by post in a registered letter or delivered to him or left at his last known place of residence.

## CHAPTER 5

## GENERAL

*Remuneration of officers and employees*

22. (1) Subject to the provisions of section 7 officers and employees shall be paid salaries, wages and allowances in accordance with the scales, appropriate to their grades, as recommended by the Commission in terms of section 6 (2) (g).

(2) On the recommendation of the Commission but subject to the provisions of section 7—

(a) officers or employees or classes of officers or employees may, on appointment, transfer or promotion be paid salaries or wages at higher rates than the minima of the appropriate scales; and

(b) officers or employees or classes of officers or employees may be specially advanced within the scales applicable on them; and

(c) an officer or employee of exceptional ability or posessing special qualifications or who has rendered meritorious service may, and any officer or employee may, if it is in the interests of the Public Service, be specially advanced within the scale applicable to him or may be paid a salary or wage in accordance with a higher scale, or may be granted any other fitting reward.

(3) Subject to the provisions of section 7, no officer or employee shall in respect of his employment as such

sodanig enige besoldiging, toelae, honorarium, toekenning of bonus van watter aard ook al betaal word nie behalwe dié wat deur die Kommissie aanbeveel is.

*Salarisse van beamptes mag nie verlaag word nie behalwe soos spesiaal bepaal*

23. n Beampte se salaris of salarisskaal mag nie sonder sy eie toestemming verlaag word nie, behalwe in ooreenstemming met die bepalings van Hoofstuk 4 of ingevolge 'n wet van die Wetgewende Vergadering.

*Sessie van emolumente verbode*

24. Geen beampte of werknemer mag sonder die skriftelike goedkeuring van die rekenpligtige amptenaar die geheel of 'n gedeelte van enige salaris of toelae wat aan hom betaalbaar is, sedeer nie.

*Beamptes en werknemers moet al hulle tyd ter beskikking van die Regeringsdiens stel*

25. (1) Tensy anders in sy diensvoorwaardes bepaal word—

(a) moet elke beampte en werknemer al sy tyd ter beskikking van die Regering stel;

(b) mag geen beampte of werknemer besoldigde werk buite sy werk in die Regeringsdiens sonder die toestemming van die Raadslid verrig of hom verbind om dit te verrig nie, en dié toestemming word in die geval van 'n beampte slegs op aanbeveling van die Kommissie verleen; en

(c) kan geen beampte of werknemer regtens aanspraak maak op addisionele besoldiging vir die verrigting van enige amptelike plig of werk wat hy deur 'n bevoegde owerheid aangesê is om te verrig nie.

(2) Die Raadslid of die hoof van 'n departement, tak, kantoor of inrigting is bevoeg om 'n beampte of werknemer onder sy beheer aan te sê om tydelik ander pligte te verrig as dié wat gewoonlik aan sodanige beampte opgedra word of wat by die graad, benaming of indeling van sy pos pas.

(3) Enige besoldiging of toelae van watter aard ook al wat 'n beampte of werknemer ontvang anders as ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet of 'n aanbeveling wat deur die Kommissie kragtens enige ander wet gedoen is, moet deur sodanige beampte of werknemer in die Inkomstefonds gestort word en as hy dit nie doen nie moet dit deur die Direkteur van Owerheidsake en Finansies deur middel van geregtelike stappe of op sodanige ander wyse as wat die Direkteur van Owerheidsake en Finansies goeddink op die beampte of werknemer verhaal en in die Inkomstefonds gestort word.

(4) Alle gelde wat 'n beampte of werknemer in sy amptelike hoedanigheid ontvang, moet in die Inkomstefonds gestort word, tensy die Kommissie aanbeveel het dat hy die geheel of 'n gedeelte van genoemde gelde as deel van sy besoldiging kan behou.

(5) Waar die dienste van 'n beampte of werknemer weens sy vakkundige, tegniese of ander spesiale kwalifikasies tydelik ter beskikking van die Regering van die Republiek of van 'n inrigting of liggaam ingestel by of ingevolge 'n wet van die Wetgewende Vergadering of van die Republiek of 'n ander persoon of liggaam geplaas word, moet enige salaris, toelae, geld, bonus of honorarium wat ten opsigte van sy dienste betaalbaar is, in die Inkomstefonds gestort word: Met dien verstande dat onder spesiale omstandighede die Kommissie kan aanbeveel dat 'n bedrag wat gelyk is aan genoemde salaris, toelae, geld, bonus of honorarium, of 'n gedeelte daarvan, aan die beampte of werknemer betaal word.

*Regulasies*

26. (1) Behoudens die bepalings van artikel 7 (2) van hierdie Wet, kan die Uitvoerende Raadslid vir Gemeenskapsake, nadat die Kommissie 'n aanbeveling gedoen het,

be paid any remuneration, allowance, honorarium, award or bonus of any kind whatsoever other than such as has been recommended by the Commission.

*Salaries of officers not to be reduced except as specially provided*

23. An officer's salary or salary scale shall not be reduced without his own consent except in accordance with the provisions of Chapter 4 or in terms of an act of the Legislative Assembly.

*Session of emoluments prohibited*

24. No officer or employee shall, without the written approval of the accounting officer, cede the whole or any part of any salary or allowance payable to him.

*Whole time of officers to be at the disposal of the Public Service*

25. (1) Unless it is otherwise provided in his conditions of service—

(a) every officer and employee shall place the whole of this time at the disposal of the Government;

(b) no officer or employee shall perform or engage himself to perform remunerative work outside his employment in the Public Service without the permission of the Councillor, which in the case of an officer shall be granted only on the recommendation of the Commission; and

(c) no officer or employee may claim as of right additional remuneration in respect of any official duty or work which he is required by competent authority to perform.

(2) It shall be competent for the Councillor or the head of a department, branch, office or institution to require any officer or employee under his control to perform duties other than those ordinarily assigned to such officer or appropriate to the grade, designation or classification of his post.

(3) Any remuneration or allowance whatsoever received by an officer or employee otherwise than in accordance with the provisions of this Act or a recommendation made by the Commission under any other law shall be paid by such officer or employee into the Revenue Fund, and if he does not do so, shall be recovered from him by the Director of Authority Affairs and Finance by legal proceedings or in such other manner as the Director of Authority Affairs and Finance may think fit and be paid into the Revenue Fund.

(4) All fees received by an officer or employee in his official capacity shall be paid into the Revenue Fund unless tha Commission has recommended that he may retain the whole or a portion of the said fees as part of his remuneration.

(5) Where on account of his professional, technical or other special qualifications the services of an officer or employee are placed temporarily at the diposal of the Government of the Republic or of an institution or body established by or under any law of the Legislative Assembly or of the Republic, or of any other person or body, any salary, allowance, fee, bonus or honorarium which may be payable in respect of his services shall be paid into the Revenue Fund: Provided that in special circumstances the Commission may recommend the payment to the officer or employee of an amount equal to the said salary, allowance, fee, bonus or honorarium or a portion thereof.

*Regulations*

26. (1) Subject to the provisions of section 7 (2) of this Act, the Executive Councillor for Community Affairs may, after the Commission has made a recommendation,

regulasies met betrekking tot enigeen van die volgende aangeleenthede uitvaardig:

(a) Die bevordering, oorplasing, dissipline, gedrag, bevoegdhede en pligte, diensure en afwesigheidsverlof van beamptes en werknemers en hulle ander diensvoorwaardes;

(b) die tarief van besoldiging vir uitsonderlike oortyddiens verrig deur beamptes en werknemers en van reiskoste en verblyf- of ander toelaes wat aan beamptes en werknemers betaal moet word en die omstandighede waaronder sodanige betalings gedoen moet word;

(c) die omstandighede waaronder 'n geneeskundige ondersoek vereis word vir doeleindes van enige bepaling van hierdie Wet, en die vorm van geneeskundige verslae en sertifikate van ongesteldheid;

(d) die bepaalde klasse beamptes en werknemers van wie dit vereis kan word om sekuriteit te gee, en die bedrag en vorm daarvan;

(e) die prosedure wat gevolg moet word by die ondersoek van en optrede in verband met beweerde wangedrag waaraan beamptes hulle skuldig maak;

(f) alle aangeleenthede wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word; en

(g) in die algemeen alle aangeleenthede wat hy nodig of dienstig ag om voor te skryf ten einde die doeleindes van hierdie Wet te bereik;

en sodanige regulasies kan 'n gesag of meer as een gesag voorskryf, asook die bevoegdhede van sodanige gesag om ten opsigte van enige beampte of werknemer of klas beamptes of werknemers van die bepalings daarvan af te wyk.

(2) Verskillende regulasies kan uitgevaardig word ten opsigte van beamptes wat voorgeskrewe of nie-voorgeskrewe poste op die vaste diensstaat beklee of om te pas by die verskillende vereistes van bepaalde departemente of takke van departemente, of van bepaalde klasse beamptes of werknemers, of van bepaalde soort diens in die Regeringsdiens.

(3) Elke regulasie wat ingevolge hierdie Wet uitgevaardig word, moet in die *Staatskoerant* gepubliseer word en binne sewe dae nadat dit gepubliseer is, in die Wetgewende Vergadering ter tafel gelê word as die Wetgewende Vergadering dan sit, of as die Wetgewende Vergadering nie dan sit nie, binne sewe dae na die aanvang van sy eersvolgende sessie.

(4) Elke regulasie wat ingevolge hierdie Wet uitgevaardig word, is van krag en regsgeldig, tensy en totdat, gedurende die sessie waarin dit in die Wetgewende Vergadering ter tafel gelê is soos in subartikel (3) bepaal, die Wetgewende Vergadering die regulasie by besluit afgekeur het, en in dié geval verval die regulasie met ingang van 'n datum wat in die besluit vermeld word; maar die verval van die regulasie raak nie die geldigheid van enigiets wat ingevolge die regulasie voor die datum van die besluit gedoen is nie, en niks wat in hierdie subartikel vervat is, raak die bevoegdheid van die Uitvoerende Raadslid vir Gemeenskapsake om op aanbeveling van die Kommissie 'n nuwe regulasie aangaande die inhoud van daardie regulasie uit te vaardig nie.

*Kommissie se verslae moet in die Wetgewende Vergadering ter tafel gelê word*

27. Elke verslag wat die Kommissie ingevolge artikel 6 (2) (o) of artikel 7 (7) doen, word in die Wetgewende Vergadering ter tafel gelê binne sewe dae nadat hy dit ontvang het, as die Wetgewende Vergadering dan sit, of as die Wetgewende Vergadering nie dan sit nie, binne sewe dae na die aanvang van sy eersvolgende sessie.

*Beperking van regsgedinge*

28. (1) Geen regsgeding van watter aard ookal mag teen die Regering of 'n liggaam of persoon ten opsigte van enigiets wat ingevolge hierdie Wet gedoen of versuim

make regulations with respect to any of the following matters:

(a) The promotion, transfer, discipline, conduct, powers and duties, hours of attendance and leave of absence of officers and employees and their other conditions of service;

(b) the rates of payment for exceptional overtime duty performed by officers and employees and of any travelling expenses and subsistence or other allowances to be paid to officers and employees and the circumstances under which such payment shall be made;

(c) the circumstances in which medical examination shall be required for the purposes of any provision of this Act and the form of medical reports and certificates of indisposition;

(d) the particular classes of officers and employees who may be required to give security, and the amount and form thereof;

(e) the procedure to be observed in inquiring into and dealing with alleged misconduct committed by officers;

(f) all matters which under this Act are required or permitted to be prescribed; and

(g) generally, all matters which he considers necessary or expedient to prescribe in order that the purposes of this Act may be achieved;

and such regulations may prescribe an authority or more than one authority and the powers of any such authority to deviate, in respect of any officer or employee or class of officers or employees, from the provisions thereof.

(2) Different regulations may be made in respect of officers holding prescribed or non-prescribed posts on the fixed establishment, or to suit the varying requirements of particular departments or branches of departments, or of particular classes of officers or employees, or of particular kinds of employment in the Public Service.

(3) Every regulation made in terms of this Act shall be published in the *Government Gazette* and shall be laid upon the Table of the Legislative Assembly within seven days of such publication if the Legislative Assembly is then not in session, within seven days of the commencement of its next ensuing session.

(4) Every regulation made under this Act shall be of force and effect unless and until, during the session in which it has been laid upon the Table of the Legislative Assembly as provided by subsection (3), the Legislative Assembly has by resolution disapproved of the regulation, in which event the regulation shall lapse as from the date to be specified in the resolution; but the lapsing of the regulation shall not affect the validity of anything done under the regulation before the date of the resolution, and nothing contained in this subsection shall affect the power of the Executive Councillor for Community Affairs to make, on the recommendation of the Commission, a new regulation as to the subject matter of that regulation.

*Commission's reports to be tabled in the Legislative Assembly*

27. Every report made by the Commission in pursuance of section 6 (2) (o) or section 7 (7), shall be laid upon the Table of the Legislative Assembly within seven days after it has received it if the Legislative Assembly is then in session, or if the Legislative Assembly is not then in session, within seven days of the commencement of its next ensuing session.

*Limitations to actions*

28. (1) No legal proceedings of any nature shall be brought against the Government or any body or person in respect of anything done or omitted under this Act,

is, ingestel word nie, tensy die geding ingestel word voor die verstryking van 'n tydperk van 12 kalendermaande na die datum waarop die eiser kennis van die beweerde daad of versuim gehad het of na die datum waarop redelikerwyse verwag kon word dat die eiser van genoemde daad of versuim bewus sou wees, na gelang van watter datum die eerste is.

(2) Geen sodanige geding mag ingestel word voor die verstryking van minstens een kalendermaand nadat 'n skriftelike kennisgewing van die voorneme om sodanige geding in te stel aan die Regering of die betrokke liggaam of persoon bestel is nie. In daardie kennisgewing moet besonderhede aangaande die beweerde daad of versuim duidelik en uitdruklik verstrek word.

*Voorbehoud*

29. Geen bepaling van hierdie Wet word so uitgelê dat dit enige bestaande, aankomende of voorwaardelike reg, aanspreeklikheid of verpligting van enige persoon wat uit enige ander wet voortvloei, ophef of afbreuk daaraan doen nie.

*Herroeping van wette*

30. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) word die Ciskeise-personeelregulasies, 1971, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 516 van 1971, hierby herroep.

(2) Totdat regulasies kragtens artikel 26 uitgevaardig word, bly die Ciskeise-personeelregulasies, 1971, ondanks die herroeping daarvan, van krag vir sover hulle nie onbestaanbaar met die bepalings van hierdie Wet is nie en betrekking het op die aangeleenthede in artikel 26 bedoel.

*Kort titel en inwerkingtreding*

31. Hierdie Wet heet die Ciskeise-wet op die Regeringsdiens, 1972, en tree in werking op 'n datum wat die Uitvoerende Raadslid vir Gemeenskapsake by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

R203/4/2/7)

---

No. R. 1626 15 September 1972

## OWAMBO- WETGEWENDE RAAD

## MAATREËL 3 VAN 1972 (OWAMBO HANDELS- EN LISENSIEMAATREËL)

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 5 (2) van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968), sy goedkeuring te heg aan onderstaande maatreël:

### OWAMBO- WETGEWENDE RAAD

### MAATREËL 3 VAN 1972

### OM VOORSIENING TE MAAK VIR DIE BEHEER VAN SAKE- EN HANDELSONDERNEMINGS VAN LEDE VAN DIE OVAMBOVOLK EN VIR DIE UITREIKING VAN LISENSIES AAN HULLE EN OM VIR BYKOMSTIGE AANGELEENTHEDE VOORSIENING TE MAAK

Ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 5 van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968), vaardig die Owambo- Wetgewende Raad die volgende Maatreël uit:

*Woordomskrywing*

1. In hierdie Maatreël, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "die beleggingskorporasie" die Bantoebeleggingskorporasie bedoel in artikel 2 van die Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Bantoetuislande, 1968 (Wet 46 van 1968);

usless the proceedings are brought before the expiry of a period of 12 calendar months after the date upon which the claimant had knowledge, or after the date upon which the claimant might reasonably have been expected to have knowledge, of the act or omission alleged, whichever is the earlier date.

(2) No such proceedings shall be commenced before the expiry of at least one calendar month after written notice of the intention to bring such proceedings has been served on the Government or the body or person concerned. In that notice particulars of the alleged act or ommission shall be clearly and explicitly given.

*Savings*

29. No provision of this Act shall be construed as in any way abrogating or derogating from any existing, accruing or contingent right, liability or obligation of any person flowing from any other law.

*Repeal of laws*

30. (1) Subject to the provisions of subsection (2), the Ciskeian Staff Regulations, 1971, published under Government Notice R. 516 of 1971, are hereby repealed.

(2) Until regulations have been made under section 26, the Ciskeian Staff Regulations, 1971, shall, notwithstanding their repeal, remain in force in sofar as they are not inconsistent with the provisions of this Act and relate to the matters referred to in section 26.

*Short title and commencecent*

31. This Act shall be called the Ciskeian Public Service Act, 1972, and shall come into operation on a date to be fixed by the Executive Councillor for Community Affairs by notice in the *Government Gazette*.

R203/4/2/7)

---

No. R. 1626 15 September 1972

## OWAMBO LEGISLATIVE COUNCIL

## ENACTMENT 3 OF 1972 (OWAMBO TRADING AND LICENCING ENACTMENT)

The State President has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section 5 (2) of the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968), to approve the following Enactment:

### OWAMBO LEGISLATIVE COUNCIL

### ENACTMENT 3 OF 1972

### TO PROVIDE FOR THE CONTROL OF BUSINESS AND TRADING UNDERTAKINGS OF MEMBERS OF THE OVAMBO NATION AND FOR THE ISSUE OF LICENCES TO THEM AND TO PROVIDE FOR INCIDENTAL MATTERS

By virtue of the authority vested in it by section 5 of the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968), the Owambo Legislative Council promulgates the following Enactment:

*Definitions*

1. In this Enactment, unless the context otherwise indicates—

(i) "area" means the area South-West Africa;

(ii) "die gebied" die gebied Suidwes-Afrika;

(iii) "die Lisensieraad" die Lisensieraad van Owambo, ingestel by artikel 3;

(iv) "die magistraat" die magistraat van die distrik Owambo;

(v) "die uitreikingsbeampte" die beampte wat belas is met die uitreiking van lisensies ingevolge hierdie Maatreël namens die stamowerheid;

(vi) "Direkteur" die administratiewe hoof van die Departement van Ekonomiese Sake vermeld in Bylae A van Proklamasie R. 298 van 1968;

(vii) "lisensie" 'n lisensie bedoel in artikel 2;

(viii) "lisensiehouer" die houer van 'n geldige lisensie wat ingevolge hierdie Maatreël aan hom uitgereik is;

(ix) "Ovambo" 'n lid van die Ovambovolk;

(x) "Owambo" die gebied omskryf as "Owambo" in artikel 2 (f) van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968);

(xi) "Raadslid" die lid van die Uitvoerende Raad aan wie die beheer van die Departement Ekonomiese Sake toegewys is;

(xii) "stamkantoor" die administratiewe kantoor van 'n stamowerheid;

(xiii) "stamowerheid" met betrekking tot 'n aansoek gedoen of 'n lisensie uitgereik ingevolge die bepalings van hierdie Maatreël, 'n stamowerheid vermeld in die Bylae van Proklamasie R. 290 van 1968 in wie se regsgebied die perseel geleë is waarop die betrokke aansoek of lisensie betrekking het;

(xiv) "voorgeskrewe" enigiets voorgeskryf deur hierdie Maatreël;

(xv) "Voorsitter" die Voorsitter van die Lisensieraad en ook 'n lid van die Lisensieraad wat as voorsitter waarneem.

*Lisensies en lisensiegelde*

2. (1) Geen Ovambo mag 'n besigheid of beroep vermeld in Bylae 1 van hierdie Maatreël in Owambo dryf of beoefen sonder die nodige lisensie nie.

(2) 'n Lisensie word deur die uitreikingsbeampte uitgereik, wesenlik in die vorm uiteengesit in Bylae 2 van hierdie Maatreël.

(3) Die uitreikingsbeampte reik nie 'n lisensie uit nie tensy—

(a) die Klerk van die Lisensieraad ingevolge artikel 9 (6) die nodige magtiging verleen het vir die uitreiking van sodanige lisensie; en

(b) die toepaslike lisensiegeld vermeld in Bylae 1 van hierdie Maatreël betaal word.

(4) 'n Lisensie wat in stryd met die bepalings van subartikel (3) uitgereik word is ongeldig en die houer daarvan word geag ongelisensieer te wees: Met dien verstande dat, ondanks andersluidende bepalings, iemand wat 'n besigheid dryf of beroep beoefen met so 'n lisensie nie ingevolge artikel 15 (a) skuldig is aan 'n misdryf nie, tensy daar bewys word dat hy ten tye van die dryf of beoefening van sodanige besigheid of beroep, daarvan bewus was dat die lisensie wat hy gehou het ongeldig was.

(5) Elke lisensie word uitgeskryf in die oorspronklike en twee afskrifte waarvan een afskrif aan die Klerk van die Lisensieraad gestuur word en een afskrif in die stamkantoor bewaar word en die oorspronklike word aan die lisensiehouer oorhandig.

(6) Die Klerk van die Lisensieraad hou 'n register van alle lisensies wat ingevolge hierdie Maatreël uitgereik word en teken daarin ten opsigte van elke lisensie aan—

(a) die volle naam van die lisensiehouer; of, in die geval van 'n vennootskap, die naam van elke vennoot; of, in die geval van 'n maatskappy, die geregistreerde naam daarvan en die volle naam van elke direkteur daarvan;

(ii) "Councillor" means a member of the Executive Council to whom control of the Department of Economic Affairs is designated;

(iii) "Chairman" means the Chairman of the Licensing Board and also a member of the Licensing Board acting as chairman;

(iv) "Director" means the administrative head of the Department of Economic Affairs referred to in Annexure A of Proclamation R. 298 of 1968;

(v) "the investment corporation" means the Bantu Investment Corporation intended in terms of section 2 of the Promotion of Economic Development of Bantu Homelands Act, 1968 (Act 46 of 1968);

(vi) "the issuing officer" means the officer responsible for the issuing of licences in terms of this Enactment on behalf of the tribal authority;

(vii) "the Licensing Board" means the Licensing Board of Owambo, established in terms of section 3;

(viii) "licence" means a licence referred to in section 2;

(ix) licence holder" means the holder of a valid licence issued in terms of this Enactment;

(x) "the magistrate" means the magistrate of the district Owambo;

(xi) "Ovambo" means a member of the Ovambo Nation;

(xii) "Owambo" means the area defined as "Owambo" in section 2 (f) of the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968);

(xiii) "prescribed" means anything prescribed by this Enactment;

(xiv) "tribal office" means the administrative office of a tribal authority;

(xv) "tribal authority" in connection with an application made or licence issued in terms of the provisions of this Enactment, means a tribal authority referred to in the Annexure to Proclamation R. 290 of 1968 in whose area of jurisdiction the site to which the application or licence concerned refers, is situated.

*Licences and licence fees*

2. (1) No Ovambo may conduct or exercise a business or occupation referred to in Annexure 1 of this Enactment in Owambo without the necessary licence.

(2) A licence is issued by the issuing officer, substantially in the form set out in Annexure 2 of this Enactment.

(3) The issuing officer shall not issue a licence unless—

(a) the Clerk of the Licensing Board authorised the issue of such licence in terms of section 9 (6) of this Enactment; and

(b) the appropriate licence fees mentioned in Annexure 1 of this Enactment are paid.

(4) A licence issued contrary to the provisions of subsection (3) is invalid and the holder thereof shall be deemed not to be licenced: Provided that, notwithstanding provisions to the contrary, a person operating a business or practising an occupation with such a licence shall not be guilty of an offence in terms of section 15 (a), unless it is proved that he was conscious thereof that the licence held was invalid at the time of operating or practising of such business or occupation.

(5) Every licence shall be completed in the original and two copies of which one copy shall be forwarded to the Clerk of the Licensing Board and one copy kept in the tribal office, and the original handed to the licensee.

(6) The Clerk of the Licensing Board shall keep a register of all licences issued in terms of this Enactment and note therein in respect of every licence—

(a) the full name of the licensee; or, in the case of a partnership, the name of each partner; or, in the case of a company, the registered name thereof and the full name of each director thereof;

(b) 'n beskrywing van die besigheid of beroep ten opsigte waarvan die lisensie uitgereik is;

(c) die naam van die stamowerheid in wie se regsgebied die besigheid of beroep gedryf of beoefen word;

(d) die nommer van die lisensie en die datum waarop dit uitgereik is; en

(e) enige oordrag van die lisensie of verplasing van die besigheid ten opsigte waarvan dit uitgereik is.

(7) Geen lisensie word vir die oordrag van 'n lisensie of vir die verplasing van 'n besigheid van een perseel na 'n ander uitgereik nie, maar die uitreikingsbeampte moet, by verlening van die nodige magtiging deur die Klerk van die Lisensieraad en by voorlegging van die betrokke lisensie, die feit van sodanige oordrag of verplasing op daardie lisensie endosseer.

(8) Geen liefdadigheids-, godsdienstige of opvoedkundige inrigting hoef 'n lisensie ingevolge hierdie Maatreël uit te neem vir die dryf van enige besigheid vermeld in Bylae 1 van hierdie Maatreël nie, indien sodanige besigheid geheel en al tot die uitsluitlike voordeel van sodanige inrigting gedryf word.

(9) 'n Lisensie is behoudens die bepalings van artikel 11 (7), geldig vir die tydperk van 1 Januarie in enige jaar ten opsigte waarvan dit uitgereik is tot 31 Desember van daardie jaar, albei dae ingesluit, of vir die onverstreke gedeelte van daardie tydperk indien die lisensie na 1 Januarie uitgereik word.

*Lisensieraad*

3. (1) 'n Raad word hierby ingestel wat as die Lisensieraad van Owambo bekend staan en wat, behoudens die bepalings van hierdie Maatreël, uit vyf lede bestaan, synde—

(a) die magistraat wat die voorsitter is; en

(b) vier lede deur die Uitvoerende Raad benoem wat almal Ovambo's moet wees en van wie—

(i) twee lede lisensiehouers ingevolge hierdie Maatreël moet wees; en

(ii) twee lede geen belange binne of buite Owambo moet hê by enige besigheid of beroep vermeld in Bylae 1 van hierdie Maatreël nie.

(2) 'n Benoemde lid van die Lisensieraad beklee sy amp vir 'n tydperk van drie jaar: Met dien verstande dat 'n benoemde lid—

(a) by verstryking van sy ampstermyn herbenoem kan word; en

(b) te enigertyd deur die Uitvoerende Raad afgedank kan word.

(3) Niemand mag as 'n lid van die Lisensieraad sitting neem of sy stem uitbring of deelneem aan enige verrigtinge van die Lisensieraad, of enige bevoegdheid of werksaamheid van die Lisensieraad uitoefen of verrig nie, indien hy of sy eggenote of kind of iemand met wie hy 'n gebruiklike verbinding aangegaan het—

(a) 'n aansoeker is wie se aansoek om die verlening, hernuwing of oordrag van 'n lisensie of verplasing van 'n besigheid ingevolge hierdie Maatreël deur die Lisensieraad oorweeg moet word; of

(b) 'n vennoot, agent of werknemer is van 'n aansoeker wie se aansoek om die verlening, hernuwing of oordrag van 'n lisensie of verplasing van 'n besigheid ingevolge hierdie Maatreël oorweeg moet word; of

(c) 'n beswaar ooreenkomstig die bepalings van hierdie Maatreël aangeteken het teen 'n aansoek wat deur die Lisensieraad oorweeg moet word; of

(d) wat enige belang het by 'n besigheid of lisensie ten opsigte waarvan of in verband waarmee enige aansoek ingevolge hierdie Maatreël deur die Lisensieraad oorweeg moet word.

(b) a description of the business or occupation in respect of which the licence is issued;

(c) the name of the tribal authority in whose area of jurisdiction the business or occupation is operated or practised;

(d) the number of the licence and the date on which it is issued; and

(e) any transfer of the licence or transfer of the business in respect of which it was issued.

(7) No other licence shall be issued for the transfer of a licence or the transfer of a business from one site to another, but the issuing officer shall, on receipt of the necessary authorisation from the Clerk of the Licensing Board and on submission of the licence concerned, endorse the fact of such transfers on that licence.

(8) No charitable, religious or educational institution shall be required to obtain a licence in terms of this Enactment to operate any business referred to in Annexure 1 of this Enactment, provided that such business is operated exclusively for the benefit of such institution.

(9) A licence is subject to the provisions of section 11 (7) valid for the period commencing on 1 January of any year in respect of which it was issued to 31 December of that year, both days included, or for the unexpired part of that period if the licence was issued after the 1st January.

*Licensing Board*

3. (1) A board known as the Licensing Board of Owambo is hereby established and which, in accordance with the provisions of this Enactment, shall consist of five members, being—

(a) the magistrate who shall be the chairman; and

(b) four members nominated by the Executive Council who shall all be Ovambos and of whom—

(i) two members shall be licencees in terms of this Enactment; and

(ii) two members shall have no interests inside or outside Owambo in any business or occupation mentioned in Annexure 1 of this Enactment.

(2) A nominated member of the Licensing Board shall serve for a period of three years: Provided that such member—

(a) may be re-appointed on expiration of his term of office; and

(b) may at any time be deprived of his membership by the Executive Council.

(3) No person may sit as a member of the Licensing Board or cast a vote or participate in any proceedings of the Licensing Board, or exercise any power or perform any function of the Licensing Board, if he or his wife or child or someone with whom he has entered into a customary union—

(a) is an applicant whose application is to be considered by the Licensing Board for the granting, renewal or transfer of a licence or removal of a business in terms of this Enactment; or

(b) is a partner, agent or employee of an applicant whose application is to be considered for the granting, renewal or transfer of a licence or removal of a business in terms of this Enactment; or

(c) lodged a complaint in accordance with the provisions of this Enactment against an application under consideration by the Licensing Board; or

(d) has any interest in a business or licence in respect of which or in connection with which an application in terms of this Enactment is to be considered by the Licensing Board.

(4) Die Lisensieraad vergader minstens vier maal per jaar by die setel van die magistraat op die datums en tye wat die Voorsitter bepaal, om aansoeke ingevolge hierdie Maatreël te oorweeg en te beslis: Met dien verstande dat die laaste vergadering in elke jaar nie voor die eerste dag van Desember plaasvind nie.

(5) Die Raadslid stel 'n beampte van sy departement aan as Klerk van die Lisensieraad.

(6) Die Klerk van die Lisensieraad—

(a) hou notule van alle verrigtinge van die Lisensieraad ingevolge hierdie Maatreël;

(b) verrig die werksaamhede wat hy ingevolge die bepalings van hierdie Maatreël verplig is om te verrig; en

(c) verrig sodanige ander administratiewe werksaamhede as wat die Raadslid of die Voorsitter van tyd tot tyd aan hom mag toewys in verband met enige aangeleentheid waarop hierdie Maatreël betrekking het.

(7) Minstens 30 dae voor die datum waarop die Lisensieraad vergader om aansoeke ingevolge hierdie Maatreël te oorweeg, stel die Klerk van die Lisensieraad elke stamowerheid skriftelik van die datum in kennis.

(8) Behoudens die bepalings van subartikel (9), maak vier lede van die Lisensieraad 'n kworum uit. Indien daar geen kworum by die aanvang van 'n vergadering aanwesig is nie, word die vergadering verdaag totdat daar 'n kworum aanwesig is.

(9) As enige lid of lede tydens die verrigtinge van die Lisensieraad weens die bepalings van subartikel (3) of weens enige ander oorsaak onbevoeg raak, word die Lisensieraad se verrigtinge deur die oorblywende lede afgehandel.

(10) As die magistraat 'n vergadering van die Lisensieraad nie kan bywoon nie of tydens die verrigtinge van die Lisensieraad onbevoeg raak, kies die oorblywende lede uit hul geledere 'n voorsitter vir die duur van die magistraat se afwesigheid of onbevoegdheid tydens die betrokke vergadering.

(11) Die beslissing van die meerderheid van die aanwesige bevoegde lede is die beslissing van die Lisensieraad: Met dien verstande dat die Voorsitter in die geval van 'n staking van stemme 'n beslissende stem uitoefen.

(12) Behalwe waar die Lisensieraad weier om 'n lisensie te hernieu, of 'n lisensie intrek, staan dit onder geen verpligting om enige redes vir sy beslissing te verstrek nie.

(13) Die vergaderings van die Lisensieraad is nie vir die publiek of vir enige aansoekers wie se aansoeke deur die Lisensieraad oorweeg word of vir enige beswaarmakers wat teen sodanige aansoeke beswaar aangeteken het, toeganklik nie.

*Aansoeke om die verlening van lisensies*

4. (1) Enigiemand wat die verlening van 'n nuwe lisensie verlang moet skriftelik daarom aansoek doen, in die vorm soos deur die Direkteur voorgeskryf.

(2) 'n Aansoek ingevolge hierdie artikel, tesame met die aanhangsels vermeld in subartikels (3) en (4), word in tweevoud by die stamkantoor ingedien.

(3) Elke aansoek moet vergesel wees van 'n beskrywing van die perseel en 'n plan, volgens skaal geteken, wat die afmetings en die inrigting van die binnegeboue, asook alle deure, vensters en binne- en buiteverbindings duidelik aantoon.

(4) 'n Aansoeker kan by sy aansoek sodanige skriftelike vertoë ter stawing daarvan aanheg as wat hy verlang in ag geneem moet word by die oorweging daarvan.

*Aansoeke om hernuwing van lisensies*

5. (1) 'n Aansoek om die hernuwing van 'n lisensie moet skriftelik gedoen word, in die vorm soos deur die Direkteur voorgeskryf.

(4) The Licensing Board shall meet at least four times a year at the seat of the magistrate on the dates and times appointed by the Chairman, to consider and decide on applications in terms of this Enactment: Provided that the last meeting of every year shall not take place before the 1st day of December.

(5) The Councillor shall appoint an officer of his Department as Clerk of the Licensing Board.

(6) The Clerk of the Licensing Board—

(a) shall keep minutes of all the proceedings of the Licensing Board in terms of this Enactment;

(b) shall perform the duties pursuant to the provisions of this Enactment which he is compelled to perform; and

(c) shall perform such other administrative duties allocated to him from time to time by the Councillor or Chairman in connection with any matter with which this Enactment is concerned.

(7) At least 30 days before the date on which the Licensing Board meets to consider applications in terms of this Enactment, the Clerk of the Lecinsing Board shall notify each tribal authority, in writing, of the date.

(8) Subject to the provisions of subsection (9), four members of the Licensing Board form a quorum. Should a quorum not be present at the start of the meeting, the meeting will adjourn until a quorum is present.

(9) Should any member or members during the proceedings of the Licensing Board become unfit in terms of the provisions of subsection (3) or any other cause, the proceedings of the Licensing Board will be completed by the remaining members.

(10) Should the magistrate not be able to attend a meeting of the Licensing Board or become unfit during the proceedings of the Licensing Board, the remaining members shall elect a chairman from their ranks for the duration of the magistrate's absence or incompetence during the relative meeting.

(11) The decision of the majority of the competent members present shall be the decision of the Licensing Board: Provided that the Chairman may exercise a casting vote in the case of a tie of votes.

(12) Except where the Licensing Board refuses the renewal of a licence, or withdraws a licence there will be no obligation to give any reasons for its decisions.

(13) The meetings of the Licensing Board are not accessible to the public or any applicants whose applications are considered by the Licensing Board or to any objectors against such applications.

*Applications for granting of licences*

4. (1) Any person requiring the issue of a new licence must apply therefor, in writing, in the form prescribed by the Director.

(2) An application in terms of this section, together with the annexures mentioned in subsection (3) and (4), must be submitted, in duplicate, to the tribal office.

(3) Every application must be accompanied by a description of the site and a plan, drawn according to scale, clearly showing the measurements and the arrangement of the interior as well as all doors, windows and interior and exterior connections.

(4) An applicant may in support, attach to his application such written representations as he desires to be taken into account in the consideration of his application.

*Applications for the renewal of licences*

5. (1) An application for the renewal of a licence shall be made, in writing, in the form prescribed by the Director.

(2) 'n Aansoek ingevolge hierdie artikel moet voor 1 Oktober in die jaar ten opsigte waarvan die betrokke lisensie uitgereik is, in tweevoud by die stamkantoor ingedien word.

*Aansoeke om oordrag van lisensies*

6. (1) 'n Lisensiehouer wat 'n besigheid ten opsigte waarvan hy 'n lisensie hou vervreem, en verlang om die lisensie aan die nuwe eienaar van die betrokke besigheid oor te dra, moet skriftelik kennis gee, in die vorm soos deur die Direkteur voorgeskryf van sy voorneme om die besigheid oor te dra en van sy afstanddoening van die lisensie wat hy ten opsigte daarvan hou.

(2) Die oordragnemer kan skriftelik aansoek doen, in die vorm soos deur die Direkteur voorgeskryf, om die oordrag aan hom van die lisensie bedoel in subartikel (1). Die aansoek, tesame met die kennisgewing bedoel in subartikel (1), moet in tweevoud by die stamkantoor ingedien word.

(3) Indien 'n aansoek ingevolge subartikel (2) ingedien word gelyktydig met of na die indiening deur die lisensiehouer van 'n aansoek om die hernuwing van die betrokke lisensie, kan die hernieude lisensie in die naam van die oordragnemer uitgereik word indien die oordrag gemagtig word voordat die hernieude lisensie uitgereik is.

(4) In geval van die oorlye van 'n lisensiehouer, kan die weduwee of wewenaar of naasbestaande of die eksekuteur, trustee, *kurator bonis* of verteenwoordiger van die boedel van die oorledene, indien so iemand vir die boedel aangestel is, die besigheid van die oorledene voortsit vir die duur van die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor die betrokke lisensie uitgereik is.

(5) Indien die besigheid van 'n oorlede lisensiehouer nie aan die regmatige erfgenaam of erfgename, of, indien die besigheid vervreem word, aan die oordragnemer, oorgedra kan word voor die verstryking van die geldigheidsduur van die lisensie nie of indien die oorlede lisensiehouer reeds om die hernuwing van die betrokke lisensie aansoek gedoen het, kan die persoon wat die besigheid ingevolge die bepalings van subartikel (4) voortsit—

(a) aansoek doen om die hernuwing van die lisensie indien dit nie reeds gedoen is nie; of

(b) met die goedkeuring van die magistraat versoek dat die lisensie in sy naam uitgereik word indien die oorlede lisensiehouer reeds om die hernuwing daarvan aansoek gedoen het.

*Verplasing van besigheid*

7. (1) 'n Lisensiehouer wat verlang om die besigheid ten opsigte waarvan 'n lisensie ingevolge hierdie Maatreël aan hom uitgereik is, te verplaas na 'n ander perseel in die regsgebied van die stamowerheid, moet 'n skriftelike aansoek daarom in tweevoud by die stamkantoor indien, in die vorm soos deur die Direkteur voorgeskryf.

(2) Elke sodanige aansoek moet vergesel wees van—

(a) 'n beskrywing van die perseel waarheen die besigheid verplaas gaan word, en 'n plan daarvan, volgens skaal geteken, wat die afmeting en die inrigting van die binnegeboue, asook alle deure, vensters en binne- en buiteverbindings duidelik aandui; en

(b) 'n verklaring deur die aansoeker waarin die redes vir die verplasing en enige vertoë ter stawing daarvan, uiteengesit word.

(3) Geen besigheid mag van 'n perseel in die regsgebied van een stamowerheid na 'n perseel in die regsgebied van 'n ander stamowerheid verplaas word nie.

(2) An application in terms of this section must be submitted, in duplicate, to the tribal office before the 1st day of October of the year in respect of which the licence has been issued.

*Applications for transfer of licences*

6. (1) A licence-holder who alienates a business of which he is the licensee and who wishes to transfer the licence to the new owner of the said business shall give written notice, in the form prescribed by the Director, of his intention to transfer the business and his renunciation of the licence which he holds in respect thereof.

(2) The transferee may apply, in writing, in the form prescribed by the Director, for the transfer to him, of the licence referred to in subsection (1). This application, together with the notice referred to in subsection (1) must be submitted to the tribal office, in duplicate.

(3) Should an application in terms of subsection (2) be submitted simultaneously with the submission of an application for the renewal of the relevant licence, the renewed licence may be issued in the name of the transferee provided that the transfer is authorised prior to the issue of the licence.

(4) In case of death of the licence holder, the widow or widower or next of kin or the executor, trustee, *curator bonis* or representative of the estate of the deceased, if such a person has been appointed for the estate, may continue the business of the deceased for the duration of the unexpired period of the relevant licence issued.

(5) If the business of a deceased licence holder cannot be transferred to the rightful heir or heirs, or if the business is alienated, to the transferee, prior to the expiration of the validity of the licence or if the deceased licence holder has already applied for the renewal of the relevant licence, the person who continues the business in terms of subsection (4) may—

(a) apply for renewal of the licence if the application has not yet been made; or

(b) with the approval of the magistrate request that the licence be issued in his name if the deceased licence holder has already applied for the renewal thereof.

*Moving of business*

7. (1) A licence holder who desires to move the business in respect of which a licence has been issued to him in terms of this Enactment, from one site to another within the jurisdiction area of a tribal authority, must apply therefor, in writing, in the form prescribed by the Director, in duplicate, at the office of that tribal authority.

(2) Each such application must be accompanied by—

(a) a description of the site the business is to be moved to together with a plan thereof, drawn to scale clearly showing the measurements and arrangement of the interior of the building, as well as all doors, windows and interior and exterior connections; and

(b) a declaration by the applicant giving the reasons for the removal and any representations in support thereof.

(3) No business may be transferred from a site in the jurisdiction area of one tribal authority to a site in the jurisdiction area of another tribal authority.

*Behandeling van aansoeke deur die stamowerheid*

8. (1) Elke stamowerheid laat ten opsigte van elke aansoek wat ingevolge die bepalings van hierdie Maatreël by die stamkantoor ingedien word, in 'n opsigtelike plek by daardie kantoor 'n kennisgewing aanbring waarin vermeld word—

(a) die naam van die aansoeker;

(b) die aard van die lisensie waarom aansoek gedoen word;

(c) of dit 'n aansoek om die verlening of hernuwing of oordrag van 'n lisensie of die verplasing van 'n besigheid is;

(d) die naam of 'n beskrywing van die plek waar die perseel geleë is waarop die aansoek betrekking het en, in die geval van 'n aansoek ingevolge artikel 7, ook die plek waar die beoogde nuwe perseel geleë gaan wees; en

(e) die datum waarop die aansoek deur die stamowerheid oorweeg gaan word ingevolge die bepalings van subartikel (5).

(2) Die kennisgewing vermeld in subartikel (1) moet minstens 21 dae voor die datum waarop die aansoek daarin vermeld ingevolge subartikel (5) deur die stamowerheid oorweeg word, aangebring word.

(3) Enigiemand wat teen 'n aansoek beswaar wil aanteken, moet sy beswaar skriftelik aanteken en voor die datum waarop die aansoek ingevolge subartikel (5) deur die stamowerheid oorweeg word, in tweevoud by die stamkantoor indien. So 'n beswaar moet die gronde waarop die beswaar berus, volledig uiteensit.

(4) By die oorweging van 'n aansoek deur die stamowerheid ingevolge subartikel (5), het—

(a) 'n aansoeker wie se aansoek deur die stamowerheid oorweeg word of sy gemagtigde verteenwoordiger; en

(b) enige beswaarmaker wat ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) beswaar aangeteken het of sy gemagtigde verteenwoordiger;

die reg om voor die stamowerheid te verskyn en deur die stamowerheid aangehoor te word en om getuienis voor te lê ter stawing van die aansoek of beswaar, na gelang van die geval.

(5) Die stamowerheid oorweeg elke aansoek en die besware (as daar is) daarteen en stuur daarna die aansoek tesame met sy skriftelike verslag en aanbeveling in die vorm soos deur die Direkteur voorgeskryf en enige skriftelike besware wat ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) teen die aansoek ingedien is, aan die Klerk van die Lisensieraad.

*Oorweging van aansoeke deur die Lisensieraad*

9. (1) Die Klerk van die Lisensieraad lê alle aansoeke wat deur stamowerhede aan hom gestuur word, by die eersvolgende sitting van die Lisensieraad aan daardie Raad voor vir oorweging.

(2) By die oorweging van aansoeke ingevolge hierdie Maatreël neem die Lisensieraad enige skriftelike vertoë deur die aansoeker en enige besware wat ooreenkomstig die bepalings van artikel 8 (3) daarteen ingedien is, asook die skriftelike verslag en aanbeveling van die stamowerheid, in ag.

(3) Die Lisensieraad kan enige aansoek na die stamowerheid terugverwys en die stamowerheid versoek om die aansoek verder te ondersoek of te laat ondersoek en sodanige verdere besonderhede in verband daarmee te verstrek as wat die Lisensieraad nodig mag ag vir die behoorlike oorweging en beslissing van die aansoek.

*Consideration of applications by the tribal authority*

8. (1) Each tribal authority shall display in a conspicuous place in respect of each application in terms of the provisions of this Enactment, a notice showing—

(a) the name of the applicant;

(b) the kind of licence being applied for;

(c) whether it is an application for the issue or renewal or transfer of a licence or the removal of a business;

(d) the name or a description of the place where the site in respect of which the application is being made, is situated and, in the case of an application in terms of section 7, also the place where the intended new site is situated; and

(e) the date on which the application will be considered in terms of subsection (5) by the tribal authority.

(2) The notice mentioned in subsection (1) must be displayed for at least 21 days before the date on which the tribal authority will consider the appliction in terms of subsection (5).

18. 'n Polisiebeampte, paspoortbeheerbeampte, magistraat of ander beampte met regsbevoegdheid wat daarvan oortuig is dat 'n persoon wat in besit van 'n sertifikaat is op die punt staan om Owambo permanent te verlaat, kan van sodanige persoon vereis dat hy enige sertifikaat wat aan hom uitgereik kon gewees het, aan hom teruggee en indien sodanige persoon sou weier of nalaat om dit te doen, kan sodanige beampte op daardie sertifikaat beslag lê en beskik hy oor daardie sertifikaat op 'n wyse deur die Direkteur bepaal.

*Bewys van sekere feite deur beëdigde verklaring*

19. Indien in 'n strafsaak kragtens hierdie Maatreël, die vraag ontstaan of 'n sertifikaat of 'n bepaalde sertifikaat wat 'n bepaalde naam dra aan 'n beskuldigde uitgereik is, kan 'n beampte wat beheer het van die vingerafdrukrekord van applikante, nadat hy voorsien is van die vingerafdrukke van die beskuldigde en van bedoelde sertifikaat (as daar is), in 'n dokument wat heet 'n beëdigde verklaring te wees wat deur die beampte afgelê is, verklaar dat hy vasgestel het dat die vingerafdrukke wat ten opsigte van die beskuldigde aldus aan hom voorgelê is, volgens die vingerafdrukrekord van applikante, dieselfde is of nie dieselfde is nie as dié van die persoon aan wie daardie sertifikaat heet uitgereik te wees of van enige persoon aan wie, volgens die vingerafdrukrekord van applikante, daardie of enige sertifikaat uitgereik is en daardie dokument is, by blote voorlegging daarvan deur enige persoon in daardie saak, maar behoudens die bepalings *mutatis mutandis* van artikel 214 (7) van die Strafprosesordonnansie, 1963 (Ordonnansie 34 van 1963), van Suidwes-Afrika, *prima facie* bewys dat 'n sertifikaat aan die beskuldigde uitgereik of nie uitgereik is nie, na gelang van die inhoud van daardie verklaring.

*Misdrywe en strafbepalings*

20. (1) 'n Persoon wat—

(a) die bepalings van artikel 14 (1) of 15 (1) van hierdie Maatreël oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(b) nadat hy die besit verkry het van 'n sertifikaat wat aan 'n ander persoon uitgereik is, voorgee dat dit aan hom ingevolge hierdie Maatreël uitgereik is;

(c) toelaat dat 'n ander persoon die besit verkry van 'n sertifikaat wat aan hom ingevolge hierdie Maatreël uitgereik is;

(d) versuim om wanneer hy om registrasie aansoek doen, die verantwoordelike beampte te verwittig van die feit dat hy voorheen om registrasie aansoek gedoen het en dat registrasie geweier is;

appeal to the Executive Council. An appeal in terms of this subsection shall be in the form of a written request to the Director for submission to the Executive Council.

(3) The Executive Council may—

(a) in regard to an appeal in terms of subsection (1)—

(i) uphold the appeal and order that the registration concerned and the certificate which was issued to the person concerned, be cancelled; or

(ii) dismiss the appeal;

(b) in regard to an appeal in terms of subsection (2)—

(i) uphold the appeal and order that the person concerned be registered as a member of the Ovambo Nation and that a certificate be issued to him; or

(ii) dismiss the appeal.

(4) A decision or order by the Executive Council in terms of subsection (3) shall be final.

*Surrender of certificates by persons who are on the point of leaving Owambo*

18. A police officer, passport control officer, magistrate or other officer with jurisdiction who is satisfied that a person who is in possession of a certificate, is on the point of leaving Owambo permanently, may demand from such person that he surrenders to him any certificate which may have been issued to him, and if such person should refuse or neglect to do so, such officer may confiscate such certificate and dispose of it in such manner as the Director may determine.

*Proof of certain facts by affidavit*

19. If in a criminal case under this Enactment, the question arises whether a certificate or a particular certificate bearing a particular name has been issued to an accused, an officer who is in charge of the fingerprint record of applicants, may after he has been furnished with the fingerprints of the accused and of the said certificate (if any), in a document called an affidavit made by that officer, declare that he has ascertained that the fingerprints that have been placed before him in respect of the accused are or are not, according to the fingerprint record of applicants, the same as that of the person to whom that certificate is purported to have been issued or of any person to whom according to the fingerprint record of applicants, that or any certificate has been issued, and such document shall by mere submission by any person in that case, but save the provisions *mutatis mutandis* of section 214 (7) of the Criminal Procedure Ordinance, 1963 (Ordinance 34 of 1963), of South-West Africa, be *prima facie* proof that a certificate has been or has not been issued to the accused, according to the contents of that declaration.

*Offences and penalties*

20. (1) Any person who—

(a) contravenes or fails to comply with the provisions of section 14 (1) or 15 (1) of this Enactment;

(b) after he has come into possession of a certificate which was issued to some other person, pretends that it has been issued to him in terms of this Enactment;

(c) permits some other person to obtain possession of a certificate issued to him in terms of this Enactment;

(d) fails when he applies for registration to inform the responsible officer of the fact that he has previously applied for registration and that registration has been refused;

(e) versuim om binne een maand nadat 'n sertifikaat aan hom uitgereik is, enige ander sertifikaat wat voorheen aan hom uitgereik is, aan 'n magistraat of verantwoordelike beampte te oorhandig;

(f) 'n sertifikaat of 'n gedeelte daarvan, of 'n dokument of seël wettiglik geheg aan, of 'n inskrywing in of endossement op 'n sertifikaat, vervals of sonder magtiging verander, onleesbaar maak, vernietig of skend;

(g) sonder magtiging 'n sertifikaat of 'n gedeelte van 'n sertifikaat ten opsigte waarvan 'n misdryf bedoel in paragraaf (f) gepleeg is, ontvang of in sy besit hou;

(h) sonder magtiging 'n boek of dokument wat oënskynlik 'n sertifikaat is of as sodanig gebruik kan word, druk, voortbring of uitreik;

(i) sonder magtiging 'n sertifikaat wat aan 'n ander persoon ingevolge hierdie Maatreël uitgereik is, of 'n gedeelte daarvan ontvang, in sy besit hou, van die hand sit of van die hand laat sit;

(j) in 'n sertifikaat of op 'n dokument wat wettiglik daaraan geheg is, ander inligting aanteken as die besonderhede wat ingevolge hierdie Maatreël daarin of daarop aangeteken moet of kan word, of wat op 'n ander wyse as op die voorgeskrewe wyse enige sodanige besonderhede daarin of daarop aanteken of 'n seël daaraan heg, of wat sonder magtiging enige sodanige besonderhede daarin of daarop aanteken;

(k) vir doeleindes van hierdie Maatreël wetens 'n verklaring aflê of laat aflê wat ten opsigte van 'n wesenlike besonderheid vals is; of

(l) weier of nalaat om 'n sertifikaat wat aan hom uitgereik is terug te gee aan 'n polisiebeampte, paspoortbeheerbeampte, magistraat of ander beampte met regsbevoegdheid wat ingevolge artikel 18 van hom vereis dat hy sodanige sertifikaat teruggee, of wat beslaglegging ingevolge artikel 18 op sodanige sertifikaat verhinder of probeer verhinder;

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar—

(i) in die geval van 'n misdryf in paragraaf (a) of (j) vermeld, met 'n boete van hoogstens R30 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 30 dae; en

(ii) in die geval van 'n ander misdryf in hierdie subartikel vermeld, met 'n boete van hoogstens R50 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 90 dae.

(2) Die hof wat 'n persoon aan 'n misdryf vermeld in subartikel (1) (f) of (h) skuldig bevind, moet—

(a) die sertifikaat of dokument ten opsigte waarvan die misdryf gepleeg is, verbeurd verklaar; en

(b) 'n instrument wat vir die doel van of in verband met die pleeg van die misdryf gebruik is, of die veroordeelde persoon hom sy reg daarop, verbeurd verklaar: Met dien verstande dat sodanige verbeurdverklaring geen regte raak wat 'n ander persoon as die veroordeelde persoon op die betrokke instrument mag hê nie, indien bewys word dat hy nie geweet het dat dit vir die doel van of in verband met die pleeg van sodanige misdryf gebruik word of sou word nie of dat hy sodanige gebruik nie kon verhoed nie.

(3) Die bepalings van artikel 347 (4) en (5) van die Strafprosesordonnansie, 1963 (Ordonnansie 34 van 1963), van Suidwes-Afrika, is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n verbeurdverklaring ingevolge subartikel (2) (b) van hierdie artikel.

(4) 'n Boete wat ingevolge hierdie Maatreël verhaal word, val aan die inkomste van die Wetgewende Raad toe.

*Kort titel*

21. Hierdie Maatreël heet die Ovambo-volksregistrasiemaatreël, 1972.

(e) fails to hand over any other certificate which has previously been issued to him, to a magistrate or responsible officer within one month after a certificate has been issued to him;

(f) forges or alters without authority, renders illegible, destroys or mutilates a certificate or part thereof or a document or stamp legally attached to or an entry or endorsement in or on a certificate;

(g) receives or keeps without authority a certificate or part of a certificate in his possession in respect of which an offence as referred to in paragraph (f) has been committed;

(h) prints, makes or issues without authority a book or document which is apparently a certificate or which can be used as such;

(i) receives, keeps in his possession, disposes of or has disposed of without authority a certificate issued to some other person in terms of this Enactment;

(j) enters in a certificate or on a document legally attached thereto, information other than the particulars which shall or may in terms of this Enactment be entered therein or thereon, or in a manner other than the prescribed manner enters such particulars therein or thereon or attaches a stamp thereto, or who enters therein or thereon without authority any such information;

(k) for the purposes of this Enactment knowingly makes or causes to be made a declaration which is false in respect of a material particular;

(l) refuses or neglects to return a certificate issued to him, to a police officer, passport control officer, magistrate or other officer with jurisdiction, who in terms of section 18 requires him to return such certificate, or who prevents or tries to prevent confiscation in terms of section 18 of such certificate;

shall be guilty of an offence and liable on conviction—

(i) in the case of an offence referred to in paragraph (a) or (j) to a fine not exceeding R30 or to imprisonment for a period not exceeding one month; and

(ii) in the case of any other offence referred to in this subsection, to a fine not exceeding R50 or to imprisonment for a period not exceeding 90 days.

(2) Court which finds any person guilty of an offence referred to in subsection (1) (f) or (h), shall—

(a) confiscate the certificate or document in respect of which the offence has been committed; and

(b) confiscate any instrument which was used for the purpose of or in connection with the commission of the offence, or deprive the convicted person of his rights to it: Provided that such confiscation shall not affect the right which a person other than the convicted person may have to the instrument concerned, if it can be proved that he was not aware of the fact that it would be used for the purpose of or in connection with the commission of such offence or would have been used or that he could not have prevented such use.

(3) The provisions of section 347 (4) and (5) of the Criminal Procedure Ordinance, 1963 (Ordinance 34 of 1963), of South-West Africa, are *mutatis mutandis* applicable to a confiscation in terms of subsection (2) (b) of this section.

(4) A fine recovered in terms of this Enactment shall accrue to the revenue of the Legislative Council.

*Short title*

21. This Enactment shall be called the Ovambo Nation Registration Enactment, 1972.

## AANHANGSEL 1

Registrasienommer..... Geslag.....
Volle name.....
Geboortedatum.....Geboorteplek.....
Stam.....Wyk.....
Kaptein.....Seniorhoofman.....
Onderhoofman.....
Huwelikstaat.....
Geregistreer te.....Datum.....
Deur.....

### AANSOEK OM REGISTRASIE AS LID VAN OVAMBO-VOLK
(Moet in tweevoud voltooi word)

Voorname (in blokletters).....
Familienaam (in blokletters).....
Ek, die bogenoemde, verklaar onder eed*/bevestig* soos volg:

(1) Ek doen aansoek om registrasie as lid van die Ovambo-volk.
(2) Geen sertifikaat van sodanige registrasie is voorheen aan my uitgereik nie en ek het nie voorheen om registrasie aansoek gedoen nie*/Ek het voorheen om registrsaie aansoek gedoen maar my aansoek is geweier.*
(3) Ek beweer dat ek lid van die Ovambo-volk is en ek baseer my aansoek om registrasie op die volgende feite:
.....
.....
(4) Ek is 'n Suid-Afrikaanse burger.
(5) Dit is my vingerafdrukke wat op die keersy van hierdie dokument verskyn.
(6) Die inligting wat deur my verstrek is en wat in die vorm hierbo ingeskryf is, is na my beste wete waar en korrek.

Handtekening of regterduimafdruk

Die verklaarder het erken dat hy*/sy* vertroud is met die inhoud van hierdie beëdigde verklaring*/verklaring* en dit begryp.
Beëdig*/Bevestig* en geteken* en met sy regterduimafdruk geteken* voor my te.....op.....19.....

.....
Kommisaris van Ede
Hoedanigheid.....
Gebied.....

* Skrap wat nie van toepassing is nie.

### OP KEERSY

Volledige stel vingerafdrukke ingevolge artikel 7.

## AANHANGSEL 2

### SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE
### LID VAN OVAMBO-VOLK

1. (a) Embleem van Owambo.
   (b) Voorname en familienaam.
2. Registrasienommer bestaande uit—
   (a) 'n tweesyfer tuislandkode;
   (b) 'n tweesyfer stam- of wykskode;
   (c) 'n eensyfer geslagskode;
   (d) 'n vyfsyfer volgnommer;
   (e) 'n tweesyfer geboortejaarkode; en
   (f) 'n eensyfer toetskode.
3. 'n Kode wat aandui—
   (a) die kaptein se stam; of
   (b) die seniorhoofman se gebied; en
   (c) die onderhoofman se wyk.
4. Handtekening van raadslid.
5. Foto van applikant.
6. Handtekening of regterduimafdruk van applikant.
7. Blokkies vir verkiesingsdoeleindes.

## AANHANGSEL 3

### DOKUMENT IN STEDE VAN SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE AS LID VAN OVAMBO-VOLK

Volle naam.....

Hierdie dokument word uitgereik ingevolge artikel 10 (3) van die Ovambo-volksregistrasiemaatreël, 1972, en dien as tydelike sertifikaat van registrasie in afwagting van die oorweging van die formele aansoek deur bogenoemde om registrasie van lidmaatskap. Dit is geldig vir

## ANNEXURE 1

Registration Number.....Sex.....
Full name.....
Date of birth.....Place of birth.....
Tribe.....Ward.....
Chief.....Senior headman.....
Subheadman.....
Marital status.....
Registered at.....Date.....
By.....

### APPLICATION FOR REGISTRATION AS A MEMBER OF THE OVAMBO NATION
(To be completed in duplicate)

First names (in block letters).....
Surname (in block letters).....
I, the above-named, declare under oath*/affirm* as follows:

(1) I apply for registration as a member of the Ovambo nation.
(2) No certificate of such registration has previously been issued to me and I have not previously applied for registration*/I have previously applied for registration but my application was refused.
(3) I declare that I am a member of the Ovambo nation and my application for registration is based on the following facts:
.....
.....
(4) I am a South African citizen.
(5) The fingerprints which appear on the reverse side of this document are mine.
(6) The information furnished by me and entered in the above form is, to the best of my knowledge, correct.

Signature of right thumb print

The deponent has acknowledged that he*/she* knows and understands the contents of this affidavit*/declaration*.
Sworn to*/affirmed and signed* and signed by his right thumb print* before me at....., on.....19.....

.....
Commissioner of Oaths
Capacity.....
Area.....

* Delete which is not applicable.

### ON REVERSE SIDE

Complete set of fingerprints in terms of section 7.

## ANNEXURE 2

### CERTIFICATE OF REGISTRATION
### MEMBER OF OVAMBO NATION

1. (a) Emblem of Owambo.
   (b) First names and surname.
2. Registration number consisting of—
   (a) a two-digit homeland code;
   (b) a two-digit tribal or ward code;
   (c) a one-digit sex code;
   (d) a five-digit serial number;
   (e) a two-digit birth year code; and
   (f) a one-digit test code.
3. A code denoting—
   (a) the chief's tribe; or
   (b) the senior headman's area; and
   (c) the sub-headman's ward.
4. Signature of councillor.
5. Photograph of applicant.
6. Signature or right thumb print of applicant.
7. Squares for election purposes.

## ANNEXURE 3

### DOCUMENT INSTEAD OF CERTIFICATE OF REGISTRATION AS MEMBER OF OVAMBO NATION

Full name.....

This document is issued in terms of section 10 (3) of the Ovambo Nation Registration Enactment, 1972, and serves as a temporary certificate of registration pending consideration of the formal application by the above-named for registration of membership. It is

*twee maande* vanaf die datum van uitreiking maar die geldigheidsduur kan hieronder verleng word. Die houer moet sy sertifikaat van registrasie by die kantoor van die Magistraat,..... afhaal gedurende die geldigheidsduur van hierdie dokument.

.....
Verantwoordelike beampte/
Magistraat

Datum.....

Geldigheidsduur verleng tot.....

.....
Verantwoordelike beampte/
Magistraat

Datum.....

AANHANGSEL 4

AANSOEK OM 'N DUPLIKAAT-/VERVANGINGSERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE AS LID VAN DIE OVAMBO-VOLK

Registrasienommer.....
(indien bekend)

Voorname.....
(in blokletters)

Familienaam.....
(in blokletters)

Ek, die bogenoemde, verklaar onder eed*/bevestig* soos volg:

(a) 'n Sertifikaat van registrasie is aan my uitgereik maar dit het verlore geraak*/is vernietig*/is beskadig* en ek gee die volgende besonderhede van sodanige verlies, vernietiging, beskadiging of diefstal:

.....

.....

(b) Die sertifikaat wat aan my uitgereik is en wat ek inlewer bevat die volgende foutiewe besonderhede en ek sal bly wees om 'n vervangingsertifikaat te kry maar met die juiste besonderhede daarop:

.....

.....

Handtekening of regterduimafdruk

Die verklaarder het erken dat hy*/sy* vertroud is met die inhoud van hierdie beëdigde verklaring*/verklaring* en dit begryp.

Beëdig*/bevestig* en geteken* en met sy regterduimafdruk geteken* voor my te.....op.....19.....

.....
Kommissaris van Ede

Hoedanigheid.....

Gebied.....

* Skrap wat nie van toepassing is nie.

valid for *two months* from the date of issue but period of validity may be extended below. The holder must collect his certificate of registration at the office of the Magistrate,..... during the period of validity of this document.

.....
Responsible officer/Magistrate

Date.....

Period of validity extended to.....

.....
Responsible officer/Magistrate

Date.....

ANNEXURE 4

APPLICATION FOR A DUPLICATE/REPLACEMENT CERTIFICATE OF REGISTRATION AS A MEMBER OF THE OVAMBO NATION

Registration Number.....
(if available)

First names.....
(in block letters)

Surname.....
(in block letters)

I, the above-named, declare under oath*/affirm* as follows:

(a) A certificate of registration has been issued to me but it has been lost*/has been destroyed*/has been damaged* and I furnish the following particulars of such loss, destruction, damage or theft:

.....

.....

(b) The certificate issued to me and which I hand in contains the following incorrect particulars and I shall be pleased to receive a replacement certificate but with the correct particulars therein:

.....

.....

Signature or right thumb print

The deponent has acknowledged that he*/she knows and understands the contents of this affidavit*/declaration*.

Sworn to*/affirmed and signed* and signed with his right thumb print* before me at....., on.....19.....

.....
Commissioner of Oaths

Capacity.....

Area.....

* Delete which is not applicable.

No. R. 1629 15 September 1972

MACHANGANA- WETGEWENDE VERGADERING

WET 4 VAN 1972 (GAZANKULU-WET OP SPESIALE BELASTING, 1972)

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 3 (2) van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971), sy goedkeuring te heg aan onderstaande Wet:

*Republiek van Suid-Afrika*

GEBIED VAN DIE MACHANGANA-WETGEWENDE VERGADERING

GAZANKULU-WET OP SPESIALE BELASTING, 1972

WET OM 'N SPESIALE BELASTING VAN BURGERS VAN GAZANKULU TE HEF

WET 4 VAN 1972

WET

OM 'N SPESIALE BELASTING VAN BURGERS VAN GAZANKULU TE HEF

Daar word bepaal deur die Machangana- Wetgewende Vergadering, soos volg:

No. R. 1629 15 September 1972

MACHANGANA LEGISLATIVE ASSEMBLY

ACT 4 OF 1972 (GAZANKULU SPECIAL TAXATION ACT, 1972)

The State President has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section 3 (2) of the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), to approve the following Act:

*Republic of South Africa*

AREA OF THE MACHANGANA LEGISLATIVE ASSEMBLY

GAZANKULU SPECIAL TAXATION ACT, 1972

ACT TO LEVY A SPECIAL TAX ON CITIZENS OF GAZANKULU

ACT 4 OF 1972

ACT

TO LEVY A SPECIAL TAX ON CITIZENS OF GAZANKULU

Be it enacted by the Machangana Legislative Assembly, as follows:

*Woordomskrywing*

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"belastingpligtige" 'n manlike persoon bo die ouderdom van 18 jaar wat ingevolge die bepalings van die Wet op Burgerskap van Bantoetuislande, 1970 (Wet 26 van 1970) 'n burger van Gazankulu is en in Gazankulu woon;

"belastingjaar" 'n tydperk wat op die eerste dag van Maart van 'n jaar begin en op die laaste dag van Februarie van die daaropvolgende jaar eindig;

"Gazankulu" die gebied waarvoor die Machangana-Wetgewende Vergadering ingestel is;

"magistraat" die magistraat of addisionele of assistent-magistraat van 'n distrik in Gazankulu.

*Heffing van spesiale belasting*

2. Daar word ten bate van die Inkomstefonds van Gazankulu en ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet 'n spesiale belasting ten bedrae van R2,50 ten opsigte van elke belastingjaar van elke belastingpligtige gehef met ingang van die belastingjaar wat op die eerste dag van Maart 1972 begin.

*Betaling van spesiale belasting*

3. Behoudens die bepalings van hierdie Wet, word die spesiale belasting bedoel in artikel 2 betaal—

(a) ten opsigte van—

(i) die belastingjaar wat op die eerste dag van Maart 1972 begin, voor die eerste dag van Desember 1972; en

(ii) elke belastingjaar daarna, voor die eerste dag van Julie van die betrokke belastingjaar;

(b) in die geval van 'n belastingpligtige wat in die regsgebied van 'n stam- of gemeenskapsowerheid woon, by die kantoor van daardie stam- of gemeenskapsowerheid;

(c) in die geval van 'n belastingpligtige wat nie in die regsgebied van 'n stam- of gemeenskapsowerheid woon nie, by die kantoor van die magistraat van die distrik waarin hy woon; en

(d) op die dae en tye wanneer die kantore bedoel in paragrawe (b) en (c) oop is vir die bediening van die publiek.

*Uitstel vir betaling van spesiale belasting*

4. Die magistraat van 'n distrik waarin 'n belastingpligtige woon, kan na goeddunke aan sodanige belastingpligtige by wyse van 'n uitstelsertifikaat en in die mate wat in die uitstelsertifikaat vermeld word, uitstel verleen vir die betaling van spesiale belasting wat deur bedoelde belastingpligtige ingevolge hierdie Wet verskuldig en betaalbaar is.

*Vrystelling van spesiale belasting*

5. 'n Belastingpligtige wat ingevolge die bepalings van die Wet op Bantoebelasting, 1969 (Wet 92 van 1969) vrygestel is van die betaling van belasting deur hom ingevolge daardie Wet betaalbaar, is vrygestel van die betaling van spesiale belasting ingevolge hierdie Wet in die mate vermeld in die vrystellingsertifikaat wat aan hom uitgereik is kragtens artikel 13 van genoemde Wet op Bantoebelasting, 1969.

*Vertoning van kwitansies en sertifikate*

6. 'n Magistraat of 'n persoon of beampte deur hom skriftelik daartoe gemagtig kan te enige tyd 'n burger van Gazankulu wat vermoed word 'n belastingpligtige ingevolge hierdie Wet te wees, versoek om 'n kwitansie ter stawing van die betaling van spesiale belasting of 'n uitstelsertifikaat bedoel in artikel 4 of 'n vrystellingsertifikaat bedoel in artikel 5 te toon en kan sodanige kwitansie of sertifikaat ondersoek.

*Definitions*

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

"Gazankulu" means the area for which the Machangana Legislative Assembly has been established;

"magistrate" means the magistrate or additional or assistant magistrate of any district in Gazankulu;

"tax payer" means any male person over the age of 18 years who is a citizen of Gazankulu in terms of the Bantu Homelands Citizenship Act, 1970 (Act 26 of 1970), and who resides in Gazankulu;

"tax year" means a period commencing on the first day of March of any year and ending on the last day of February of the next succeeding year.

*Levy of special tax*

2. There shall be levied on every taxpayer for the benefit of the Revenue Fund of Gazankulu and in accordance with the provisions of this Act, a special tax of an amount of R2,50 in respect of each tax year with effect from the tax year commencing on the first day of March 1972.

*Payment of special tax*

3. Subject to the provisions of this Act, the special tax referred to in section 2 shall be paid—

(a) in respect of—

(i) the tax year commencing on the first day of March 1972, before the first day of December 1972; and

(ii) each tax year thereafter, before the first day of July of the tax year concerned;

(b) in the case of a tax payer residing in the area of jurisdiction of a tribal or community authority, at the office of such tribal or community authority;

(c) in the case of a tax payer not residing in the area of jurisdiction of a tribal or community authority, at the office of the magistrate of the district in which he resides; and

(d) on the days and times when the offices referred to in paragraphs (b) and (c) are open to the public.

*Extension of time for payment of special tax*

4. The magistrate of any district in which a tax payer resides may in his discretion grant to such tax payer by way of a certificate of extension and to such extent as may be specified in such certificate of extension, an extension of time for the payment of special tax due and payable by such tax payer in terms of this Act.

*Exemption from special tax*

5. A tax payer who has been exempted in terms of the provisions of the Bantu Taxation Act, 1969 (Act 92 of 1969), from the payment of taxes payable by him in terms of that Act, is exempt from the payment of special tax in terms of this Act to the extent specified in the certificate of exemption issued to him in terms of section 13 of the said Bantu Taxation Act, 1969.

*Production of receipts and certificates*

6. Any magistrate or any person or officer authorised thereto by him in writing may at any time request a citizen of Gazankulu of whom it is suspected that he is a tax payer in terms of this Act, to produce a receipt in proof of payment of special tax or a certificate of extension referred to in section 4 or a certificate of exemption referred to in section 5 and may examine such receipt or certificate.

*Verhaal van agterstallige spesiale belasing*

7. Wanneer 'n bedrag van spesiale belasting wat ingevolge hierdie Wet deur 'n belastingpligtige betaalbaar is, agterstallig is, kan die magistraat van die distrik waarin die belastingpligtige woon, met die doel om bedoelde bedrag te verhaal, 'n lasbrief vir eksekusie teen die roerende goedere van die belastingpligtige uitreik en daarna word so 'n lasbrief deur 'n deur die magistraat aangestelde persoon ten uitvoer gelê asof dit ingevolge 'n vonnis van 'n bevoegde hof uitgereik is, behalwe dat dit nie nodig is dat 'n afskrif van bedoelde lasbrief aan die belastingpligtige beteken word nie.

*Vorm van kwitansies en sertifikate*

8. Kwitansies en sertifikate wat ingevolge die bepalings van hierdie Wet uitgereik word, is in die vorm wat die Direkteur van Owerheidsake en Finansies voorskryf.

*Misdrywe en strawwe*

9. 'n Persoon wat—

(a) 'n belastingpligtige is en wat versuim om spesiale belasting wat ingevolge hierdie Wet deur hom betaalbaar is, te betaal op of voor die laaste dag toegelaat vir betaling van bedoelde spesiale belasting;

(b) versuim om aan 'n versoek wat kragtens artikel 6 gerig is, te voldoen;

(c) valse inligting verstrek by voldoening aan 'n versoek wat kragtens artikel 6 gerig is;

(d) 'n belastingpligtige onwettiglik die besit van 'n in artikel 6 bedoelde kwitansie of uitstelsertifikaat ontneem;

(e) toelaat dat 'n in artikel 6 bedoelde kwitansie of uitstelsertifikaat wat in sy besit is, in besit van 'n ander persoon kom met die opset dat dit vir 'n bedrieglike oogmerk gebruik word;

(f) valslik voordoen en voorgee dat 'n in artikel 6 bedoelde kwitansie of uitstelsertifikaat wat in sy besit is, aan hom uitgereik is;

(g) tensy hy nie die opset het om te bedrieg nie, 'n in artikel 6 bedoelde kwitansie of uitstelsertifikaat verander, skend, vernietig of beskadig; of

(h) 'n kwitansie of uitstelsertifikaat in artikel 6 bedoel vervals of uitgee met die wete dat dit vervals is;

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R25 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 50 dae.

*Kort titel*

10. Hierdie Wet heet die Gazankulu-wet op Spesiale Belasting, 1972.

*Recovery of arrear special tax*

7. Whenever an amount of special tax which is payable by a tax payer in terms of this Act is in arrear, the magistrate of the district in which such tax payer resides may, for the purpose of recovering such amount, issue a warrant of execution against the movable property of such tax payer, and thereafter such warrant shall be executed by a person appointed by such magistrate as if it were issued pursuant to a judgment of a competent court, except that it shall not be necessary to serve a copy of such warrant upon such tax payer.

*Form of receipts and certificates*

8. Receipts and certificates issued in terms of the provisions of this Act shall be in the form prescribed by the Director of Authority Affairs and Finance.

*Offences and penalties*

9. Any person who—

(a) is a tax payer and who fails to pay special tax payable by him in terms of this Act on or before the last day permitted for payment of such special tax;

(b) fails to comply with a request made under section 6;

(c) furnishes false information in complying with a request made under section 6;

(d) unlawfully deprives any tax payer of his possession of any receipt or certificate of extension referred to in section 6;

(e) permits any receipt or certificate of extension referred to in section 6, which is in his possession, to come into the possession of any other person with intent that it be used for any fraudulent purpose;

(f) falsely gives out and pretends that any receipt or certificate of extension referred to in section 6, which is in his possession, has been issued to him;

(g) unless he has no intention to defraud, alters, defaces, destroys or mutilates any receipt or certificate of extension referred to in section 6; or

(h) forges or utters, knowing it to be forged, any receipt or certificate of extension referred to in section 6;

shall be guilty of an offence and shall on conviction be liable to a fine not exceeding R25 or to imprisonment for a period not exceeding 50 days.

*Short title*

10. This Act shall be called the Gazankulu Special Taxation Act, 1972.

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 1633 15 September 1972

### REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING EN VERPAKKING VAN KORING

Die Minister van Landbou het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), en met ingang van 1 Oktober 1972, die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, gemaak ter vervanging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1676 van 2 Oktober 1970, soos gewysig, wat hierby met ingang van bogenoemde datum herroep word.

## DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 1633 15 September 1972

### REGULATIONS RELATING TO THE GRADING AND PACKING OF WHEAT

The Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), and with effect from 1 October 1972, made the regulations set out in the Schedule hereto in substitution of the regulations published by Government Notice R. 1676 of 2 October 1970, as amended, which is hereby repealed with effect from the afore-said date.

## BYLAE

*Woordomskrywing*

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Skema 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

"ander graan" die korrels of stukkies korrels van gars, hawer en rog;

"beskadigde korrels"—

(a) koring en ander graankorrels wat beskadig is deur insekte;

(b) uitgeloopte koringkorrels waarin ontkieming of spruiting so ver gevorder is dat die vel wat die kiem bedek, gebreek is en die ontwikkelde worteltjies of spruite (plumula) duidelik sigbaar is;

(c) hittebeskadigde koringkorrels of stukke koringkorrels wat deur hitte van buite af, of as gevolg van hitte deur binnegisting in koring met 'n oormaat vog, duidelik verkleur is (bruinswart of swart), uitgesonderd koringkorrels ten opsigte waarvan die verkleuring tot die kiem-end beperk is;

(d) skimmelbesmette koringkorrels waarop skimmel- of ander swamorganismes, behalwe stinkbrand, duidelik sigbaar is; en

(e) onryp koringkorrels wat 'n duidelike groen kleur het;

"broodkoring" die kariopsis van die spesies *Triticum vulgare* en *Triticum compactum*;

"die Skema" die Wintergraanskema afgekondig by Proklamasie R. 370 van 1960, soos gewysig;

"durumkoring" die kariopsis van die spesies *Triticum durum, Triticum turgidum* en *Triticum polonicum*;

"erg rypbeskadigde koring" koring wat gedurende die melk- tot sagte deegstadium deur strawwe ryp beskadig is en wat daardeur gekenmerk word dat die korrels taamlik vet maar heeltemal, tot in die groef, met klein blasies bedek is, maar sluit nie korrels in nie waarin rypbeskadiging beperk is tot die semeldeel van die korrels waarvan net die rugkant met blasies bedek is, of onryp gerimpelde koringkorrels waarin rimpeling deur ryp veroorsaak is, terwyl die korrels nog onryp was;

"gars" die korrels van die genus *Hordeum*;

"gebreekte korrels" gebreekte en maer koringkorrels wat deur die standaardsif gaan;

"hawer" die korrels van die genus *Avena*;

"hektolitermassa" die massa in kilogram per hektoliter;

"insekte" insekte wat skadelik is vir koring soos die graankalander (*Sitophilus granarius*), die ryskalander (*Sitophilus oryzae*), die Australiese koringkalander (*Rhizopertha dominica* Fab.) en die Angoumoisgraanmot (*Sitotroga cerealella*);

"lupiene" die saad van die genus *Lupinus*;

"ongedorste are" are en gedeeltes van are van koring, gars, hawer of rog wat nog kariopsisse of korrels, na gelang van die geval, bevat;

"onsuiwerhede" wilde-ertjies, lupiene, ander graan, vreemde stowwe en ongedorste are;

"rog" die kariopsis van die genus *Secale*;

"standaardsif" 'n handsif wat bestaan uit 'n growwe smalgatsif met openings 1,8 mm wyd en 12,7 mm lank, in 'n pan met soliede bodem pas, van aluminium gemaak (dikte 0,90 mm) en 330,2 mm in deursnee is;

"stinkbrandbesmetting", met betrekking tot koring, dat die korrels 'n onmiskenbare stinkbrandreuk het, of dat die korrels weens stinkbrand swart is, of dat daar meer as vier stinkbrandballe (of dele van balle gelykstaande aan meer as vier stinkbrandballe) per 100 g koring, aanwesig is;

"vogtoetsolie" enige suiwer plantaardige slaaiolie of plantaardige kookolie;

## SCHEDULE

*Definitions*

1. In these regulations, unless inconsistent with the context a word or expression to which a meaning has been assigned in the Scheme, shall have a corresponding meaning, and—

"barley" means the kernels of the genus *Hordeum*;

"bread wheat" means the caryopsis of the species *Triticum vulgare* and *Triticum compactum*;

"broken kernels" means broken and thin wheat kernels which pass through the standard sieve;

"damaged kernels" means—

(a) wheat and other grain kernels which have been damaged by insects;

(b) sprouted wheat kernels in which germination or sprouting has proceeded so far that the skin covering the embryo has been broken and the developed rootlets or plumula are clearly visible;

(c) heat-damaged wheat kernels or pieces of wheat kernels which have been distinctly discoloured (brownish-black or black) by external heat or as a result of heating caused by internal fermentation in wheat with a high moisture content, excluding wheat kernels in respect of which the discoloration is confined to the embryo end;

(d) mould-infected wheat kernels on which mould organisms or other fungi, excluding stinking smut, are clearly visible; and

(e) immature wheat kernels which are distinctly green in colour;

"durum wheat" means the caryopsis of the species *Triticum durum, Triticum turgidum* and *Triticum polonicum*;

"foreign matter" means all material other than wheat, vetch, lupins, other grain, and unthreshed ears;

"heavily frosted wheat" means wheat which has been damaged by severe frost during the milk to soft dough stage and which is characterised by the kernels being fairly plump but covered with small blisters over the entire kernel, extending into the crease, but shall not include "bran-frosted" kernels in which blistering is confined to the back of the kernel, or immature wrinkled kernels in which wrinkling has been caused by frost while the kernels were immature;

"hectolitre mass" means the mass in kilogram per hectolitre;

"impurities" means vetch, lupings, other grain, foreign matter and unthreshed ears;

"insects" means insects injurious to wheat such as the grain weevil (*Sitophilus granarius*), the rice weevil (*Sitophilus oryzae*), the Australian wheat weevil (*Rhizopertha dominica* Fab.) and the Angoumois grain moth (*Sitotroga cerealella*);

"lupins" means the seed of the genus *Lupinus*;

"moisture testing oil" means any pure vegetable salad oil or vegetable cooking oil;

"oats" means the kernels of the genus *Avena*;

"other grain" means the kernels or pieces of kernels of barley, oats and rye;

"rye" means the caryopsis of the genus *Secale*;

"stinking smut infection", in relation to wheat, means that the kernels have an unmistakable odour of stinking smut, or that the kernels are black with stinking smut, or that the wheat contains more than four smut balls (or portions of balls equivalent to more than four smut balls) per 100 g of wheat;

"standard sieve" means a hand sieve which consists of a coarse chess sieve with slotted perforations 1,8 mm wide and 12,7 mm long, is made of aluminium (0,90 mm thick), is 330,2 mm in diameter and fits into a solid bottom pan;

"vreemde stowwe" alle materiaal behalwe koring, wilde-ertjies, lupiene, ander graan en ongedorste are;

"wilde-ertjies" die saad van die onkruid bekend as wilde-ertjies of wieke (*Vicia* spp.).

## DEEL I

## OMVANG VAN REGULASIES

2. Hierdie regulasies is van toepassing op koring wat deur produsente daarvan aan die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid verkoop word.

## DEEL II

## KLASSIFISERING

*Klasse*

3. (1) Daar is drie klasse koring, naamlik klas A, klas B, en klas C.

(2) Die vereistes vir die verskillende klasse koring is soos volg:

(a) *Klas A.*—Dit is koring wat bestaan uit minstens 80 persent (m/m) van een of meer van die cultivars Barta, Bajio, Betta, Bona, Charter, Ciano, Flameks, Gabo, Heemraad (rooi en wit), Inia, Kasteel, Kenya Farmer, K20, Lee-Mida, Lundi, Punjab, Raven, Rheebok, Sabre, Skemer, Spica, Sonop en Zambesi (rooi en wit) wat voldoen aan die vereistes voorgeskryf vir Supergraad, graad 1 of graad 2.

(b) *Klas B.*—Dit is koring wat bestaan uit minstens 80 persent (m/m)—

(i) van een of meer van die cultivars Adeste, Bella, Belinda, Betana, Celebration, Daeraad, Dirk 48, Duiker, Elan, Falcon, Frisko, Gamenya, Gamut, Glaive, Goudveld, Impala, Janitor (61/525), Kenia Sokkies, Kleintrou, Koalisie, Lalkasarwali, Losper, Mendos, Penkop, Rooi Egipties, Sabi, Scheepers Scheepers 69, Spoetnik, Sterling, Tobari, Tokwe, Tosca, T4, T7, T8 en Verbeterde Kenia, wat voldoen aan die vereistes voorgeskryf vir graad 1, graad 2 of graad 3, uitgesonderd graad 3-koring wat uit meer as 10 persent (m/m) durumkoring bestaan;

(ii) van een of meer van die cultivars vermeld in paragraaf (a) wat voldoen aan die vereistes voorgeskryf vir graad 3, uitgesonderd koring van sodanige graad wat uit meer as 10 persent (m/m) durumkoring bestaan; en

(iii) van 'n mengsel van een of meer van die cultivars vermeld in subparagraaf (i) van hierdie paragraaf en van een of meer van die cultivars vermeld in paragraaf (a) wat voldoen aan die vereistes voorgeskryf vir graad 1, graad 2 of graad 3, uitgesonderd graad 3-koring wat uit meer as 10 persent (m/m) durumkoring bestaan.

(c) *Klas C.*—Dit is koring wat bestaan uit—

(i) een of meer van die cultivars nie vermeld ten opsigte van klas A of klas B nie wat voldoen aan die vereistes voorgeskryf vir graad 1, graad 2, graad 3 of graad 4;

(ii) minstens 80 persent (m/m) van een of meer van die cultivars vermeld ten opsigte van klas A en klas B wat voldoen aan die vereistes voorgeskryf vir graad 3 wat uit meer as 10 persent (m/m) durumkoring bestaan, of graad 4;

(iii) 'n mengsel van cultivars wat minder as 80 persent (m/m) van die cultivars vermeld ten opsigte van klas A en klas B bevat en wat voldoen aan die vereistes voorgeskryf vir graad 1, graad 2, graad 3 of graad 4; en

(iv) koring wat as Ondergraad gegradeer is.

"the Scheme" means the Winter Cereal Scheme published by Proclamation R. 370 of 1960, as amended;

"unthreshed ears" means ears and bits of ears of wheat, barley, oats or rye which still contain caryopses or kernels, as the case may be;

"vetch" means the seed of the weed known as wild vetch or "wilde-ertjies" (*Vicia* spp.).

## PART I

## SCOPE OF REGULATIONS

2. These regulations shall apply to wheat sold by producers thereof to the Wheat Industry Control Board.

## PART II

## CLASSIFICATION

*Classes*

3. (1) There shall be three classes of wheat, namely Class A, Class B and Class C.

(2) The requirements for the different classes of wheat shall be as follows:

(a) *Class A.*—That is wheat consisting of at least 80 per cent (m/m) of any one or more of the cultivars Varta, Bajio, Betta, Bona, Charter, Ciano, Flameks, Gabo, Heemraad (red and white), Inia, Kasteel, Kenya Farmer, K20, Lee-Mida, Lundi, Punjab, Raven, Rheebok, Sabre, Skemer, Spica, Sonop and Zambesi (red and white), which complies with the requirements prescribed for Super Grade, Grade 1 or Grade 2.

(b) *Class B.*—That is wheat consisting of at least 80 per cent (m/m)—

(i) of any one or more of the cultivars Adeste, Bella, Belinda, Betana, Celebration, Daeraad, Dirk 48, Duiker, Elan, Falcon, Frisko, Gamenya, Gamut, Glaive, Goudveld, Impala, Janitor (61/525), Kenia Sokkies, Kleintrou, Koalisie, Lalkasarwali, Losper, Mendos, Penkop, Rooi Egipties, Sabi, Scheepers, Scheepers 69, Spoetnik, Sterling, Tobari, Tokwe, Tosca, T4, T7, T8 and Verbeterde Kenia, which complies with the requirements prescribed for Grade 1, Grade 2 or Grade 3, excluding Grade 3 wheat consisting of more than 10 per cent (m/m) of durum wheat;

(ii) of any or more of the cultivars referred to in paragraph (a) which complies with the requirements prescribed for Grade 3, excluding wheat of such grade consisting of more than 10 per cent (m/m) of durum wheat; and

(iii) of a mixture of one or more of the cultivars referred to in subparagraph (i) of this paragraph and of one or more of the cultivars referred to in paragraph (a) which complies with the requirements prescribed for Grade 1, Grade 2 or Grade 3, excluding Grade 3 wheat consisting of more than 10 per cent (m/m) of durum wheat.

(c) *Class C.*—That is wheat consisting of—

(i) any one or more of the cultivars not mentioned in respect of Class A or Class B which complies with the requirements prescribed for Grade 1, Grade 2, Grade 3 or Grade 4;

(ii) not less than 80 per cent (m/m) of any one or more of the cultivars mentioned in respect of Class A and Class B which complies with the requirements prescribed for Grade 3 consisting of more than 10 per cent (m/m) of durum wheat, or Grade 4;

(iii) a mixture of cultivars which contains less than 80 per cent (m/m) of the cultivars mentioned in respect of Class A and Class B and which complies with the requirements prescribed for Grade 1, Grade 2, Grade 3 or Grade 4; and

(iv) wheat graded as Undergade.

## DEEL III
## GRADERING
### *Grade*

4. (1) Daar is ses grade koring, naamlik supergraad graad 1, graad 2, graad 3, graad 4 en ondergraad.

(2) Behoudens die toelaatbare afwykings in regulasie 5 voorgeskryf, is die vereistes vir die verskillende grade koring soos volg:

(a) *Supergraad, graad* 1, *graad* 2, *graad* 3 *en graad* 4.—Die koring moet—

(i) vry wees van enige chemiese of ander stof wat dit ongeskik vir kommersiële doeleindes, maak;

(ii) vry van stinkbrandbesmetting wees;

(iii) vry wees van 'n muwwe, skimmel, suur, galsterige of ander reuk of smaak wat nie eie aan koring is nie;

(iv) vry van lewende insekte wees;

(v) nie meer as 13 persent (m/m) vog bevat nie;

(vi) vry van lupine en wilde-ertjies wees;

(vii) vry van rog wees;

(viii) vry van gars, hawer en ongedorste are wees;

(ix) vry van vreemde stowwe wees;

(x) vry van gebreekte korrels wees;

(xi) vry van beskadigde korrels wees;

(xii) vry wees van giftige sade, plante of gedeeltes daarvan of enige chemiese of ander stof wat die koring moontlik vir menslike of dierlike gebruik, ongeskik kan maak;

(xiii) na gelang van die graad uit die volgende soorte en cultivars van koring bestaan:

| Graad | Soort koring | Koring cultivar |
|---|---|---|
| Supergraad.. | Minstens 95% (m/m) broodkoring en hoogstens 5% (m/m) durumkoring | Minstens 80% (m/m) van een of meer van die cultivars soos in regulasie 3 (2) (a) gespesifiseer is. |
| Graad 1.... | Minstens 95% (m/m) broodkoring en hoogstens 5% (m/m) durumkoring | Enige cultivar. |
| Graad 2.... | Minstens 92% (m/m) boodkoring en hoogstens 8% (m/m) durumkoring | Enige cultivar. |
| Graad 3.... | Broodkoring of durumkoring | Enige cultivar. |
| Graad 4.... | Broodkoring of durumkoring | Enige cultivar; en |

(xiv) na gelang van die graad, aan een van die volgende minimum hektolitermassas voldoen:

| | |
|---|---|
| Supergraad | 79 kg; |
| Graad 1 | 76 kg; |
| Graad 2 | 72 kg; |
| Graad 3 | 68 kg; |
| Graad 4 | 64 kg. |

(b) *Ondergraad*.—Koring wat nie aan die vereistes vir voorgenoemde grade voldoen nie.

### *Afwykings*

5. (1) Die maksimum afwyking van die vereistes kragtens regulasie 4, wat ten opsigte van enige van genoemde grade koring toegelaat mag word, is soos volg:

## PART III
## GRADING
### *Grades*

4. (1) There shall be six grades of wheat namely, Super Grade, Grade 1, Grade 2, Grade 3, Grade 4 and Undergrade.

(2) Subject to the allowable deviations prescribed in regulation 5, the requirements for the different grades of wheat shall be as follows:

(a) *Super Grade, Grade* 1, *Grade* 2, *Grade* 3 *and Grade* 4.—The wheat shall—

(i) be free from any chemical or other matter which can make it unsuitable for commercial purposes;

(ii) be free from stinking smut infection;

(iii) be free from musty, mouldy, sour, rancid or any other odour or taste, not typical of wheat;

(iv) be free from live insects;

(v) not contain more than 13 per cent (m/m) moisture;

(vi) be free from lupins and vetch;

(vii) be free from rye;

(viii) be free from barley, oats and unthreshed ears;

(ix) be free from foreign matter;

(x) be free from broken kernels;

(xi) be free from damaged kernels;

(xii) be free from poisonous seeds, plants or parts thereof or of any chemical or other matter which can likely make the wheat unfit for human or animal consumption;

(xiii) as the grade may be, consist of one of the following kinds and cultivars of wheat:

| Grade | Type of wheat | Cultivar of wheat |
|---|---|---|
| Super Grade | Not less than 95% (m/m) of bread wheat and not more than 5% (m/m) durum wheat | Not less than 80% (m/m) of one or more of the cultivars referred to in regulation 3 (2) (a). |
| Grade 1.... | Not less than 95% (m/m) of bread wheat and not more than 5% (m/m) of durum wheat | Any cultivar. |
| Grade 2.... | Not less than 92% (m/m) of bread wheat and not more than 8% (m/m) durum wheat | Any cultivar. |
| Grade 3.... | Bread wheat or durum wheat | Any cultivar. |
| Grade 4.... | Bread wheat or durum wheat | Any cultivar; and |

(xiv) as the grade may be, comply with one of the following minimum hectolitre masses:

| | |
|---|---|
| Super Grade | 79 kg; |
| Grade 1 | 76 kg; |
| Grade 2 | 72 kg; |
| Grade 3 | 68 kg; |
| Grade 4 | 64 kg. |

(b) *Undergrade*.—Wheat not complying with the requirements for the above-mentioned grades.

### *Deviations*

5. (1) The maximum deviation from the requirements prescribed under regulation 4, that may be allowed in respect of any of the said grades of wheat, shall be as follows:

| Aard van afwyking | Maksimum persentasie afwyking (m/m) toegelaat | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Supergraad | Graad 1 | Graad 2 | Graad 3 | Graad 4 |
| (a) Lupine en wilde-ertjies | 2 | 2 | 3 | 5 | 8 |
| (b) Rog | 5 | 5 | 7 | 9 | 12 |
| (c) Gars, hawer en ongedorste are | 3 | 3 | 5 | 8 | 12 |
| (d) Vreemde stowwe | 1 | 1 | 2 | 3 | 5 |
| (e) Afwykings in paragrawe (a), (b), (c) en (d) gesamentlik; mits sodanige afwykings individueel aan die vereistes soos hierbo voorgeskryf voldoen | 5 | 5 | 7 | 9 | 12 |
| (f) Gebreekte korrels | 7 | 7 | 10 | 15 | 20 |
| (g) Beskadigde korrels | 5 | 5 | 8 | 12 | 17 |
| (h) Alle afwykings gesamentlik; mits sodanige afwykings individueel aan die vereistes soos in paragrawe (e), (f) en (g) voorgeskryf voldoen | 8 | 8 | 11 | 15 | 20 |

| Nature of deviation | Maximum percentage deviation (m/m) allowed | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Super Grade | Grade 1 | Grade 2 | Grade 3 | Grade 4 |
| (a) Lupins | 2 | 2 | 3 | 5 | 8 |
| (b) Rye | 5 | 5 | 7 | 9 | 12 |
| (c) Barley, oats and unthreshed ears | 3 | 3 | 5 | 8 | 12 |
| (d) Foreign matter | 1 | 1 | 2 | 3 | 5 |
| (e) Deviations in paragraphs (a), (b), (c) and (d) collectively: Provided such deviations are individually within the limits as specified above | 5 | 5 | 7 | 9 | 12 |
| (f) Broken kernels | 7 | 7 | 10 | 15 | 20 |
| (g) Damaged kernels | 5 | 5 | 8 | 12 | 17 |
| (h) All deviations collectively: Provided that such deviations are individually within the limits as specified in paragraphs (e), (f) and (g) | 8 | 8 | 11 | 15 | 20 |

(2) Koring wat meer as 20 persent (m/m) erg rypbeskadigde korrels bevat moet een graad laer gegradeer word as die graad waarvoor dit andersins sou gekwalifiseer het, kragtens bostaande tabel.

## DEEL IV

## VERPAKKING

6. (1) Koring kan òf in losmaat òf in graansakke verkoop word.

(2) Graansakke waarin koring verkoop word moet nuwe onbeskadigde Imperiale of metrieke sakke wees wat vervaardig is van òf jute òf *phormium tenax* òf 'n mengsel van jute en *phormium tenax* en moet—

(a) in die geval van Imperiale sakke, 'n oppervlaktemaat van minstens 7 484 cm² en 'n massa van nie minder nie as 1,0 kg hê nie; en

(b) in die geval van metrieke sakke, 'n oppervlaktemaat van minstens 6 225 cm² en 'n massa van nie minder as 900 g hê nie.

## DEEL V

## BEREKENINGS- EN TOETSMETODES

### *Toetsmetodes*

7. (1) *Monsterneming.*—Monsters vir die bepaling van die klas en graad word geneem volgens een van onderstaande drie metodes; met dien verstande dat 'n produsent en die Raad die reg voorbehou dat in die geval van metodes (b) en (c), monsterneming moet geskied nadat die koring skoongemaak is:

(a) *Koring wat in sakke gekoop en verkoop word.*—Monsters vir die toets van koring in sakke word verkry deur klein hoeveelhede koring op verskillende hoogtes met 'n steker uit elke sak te neem. Die steker moet in alle gevalle diep en na die middel van die sak ingesteek word. As daar gevind word dat die koring van al die sakke saam oor die algemeen van dieselfde klas en kwaliteit is, word die monsters van al die sakke saam in 'n pan gegooi. Die klas en graad word dan van die monster in die pan bepaal nadat die koring in die pan deeglik gemeng is. Sakke waarvan die koring in enige opsig van die koring in ander sakke verskil, word opsy gesit en afsonderlik gegradeer.

(b) *Koring wat in losmaat gekoop en verkoop word.*—Monsters vir die toets van koring in losmaat word verkry deur klein hoeveelhede koring met 'n dubbelbuissteker van geskikte lengte op 5 óf meer plekke en so verspreid moontlik uit die losmaathouer te neem. Die steker moet met 'n hoek van nagenoeg 10 grade met die vertikale lyn in die graan gesteek word en met die steker openinge gesluit. Die steker moet so diep as moontlik in die graan gesteek word en die steker moet oopgemaak word wanneer die openinge na bo wys. Met die openinge in 'n oop posisie moet die steker met 'n paar kort vinnige op en af bewegings, beweeg word waarna die openinge gesluit en die steker verwyder word. Al die monsters wat met die steker verkry is word

(2) Wheat which contains more than 20 per cent (m/m) of heavily frosted kernels, shall be graded one grade lower than the grade it would otherwise have qualified for, subject to the above-mentioned table.

## PART IV

## PACKING

6. (1) Wheat can be sold either in bulk or in grain bags.

(2) Grain bags in which wheat is sold shall be new undamaged Imperial or metric bags manufactured from either jute or *phormium tenax* or a mixture of jute and *phormium tenax* and shall—

(a) in the case of Imperial bags, have a superficial area of not less than 7 484 cm² and have a mass of not less than 1,0 kg; and

(b) in the case of metric bags have a superficial area of not less than 6 225 cm² and have a mass of not less than 900 g.

## PART V

## CALCULATIONS AND TESTING METHODS

### *Methods of Testing*

7. (1) *Taking of samples.*—Samples for the purpose of determining the class and grade shall be obtained by one of the three methods prescribed below; provided that a producer and the Board retain the right that in the case of methods (b) and (c) the samples shall be taken after the wheat has been cleaned:

(a) *Wheat purchased and sold in bags.*—Samples for the purpose of testing wheat in bags shall be obtained by the taking of small quantities of wheat from each bag by means of a grain probe, different levels in the bag being probed. The probe must in all cases be pushed deeply into the bag and towards the centre of the bag. If the wheat from all the bags in a lot is found to be generally of the same class and quality, the samples from all the bags are thrown together into a pan. The class and grade are then determined from the sample in the pan after the wheat in the pan has been thoroughly mixed. Any bags containing wheat differing from the wheat in the other bags must be placed aside and graded separately.

(b) *Wheat purchased and sold in bulk.*—Samples for the purpose of testing wheat in bulk shall be obtained by taking small quantities of wheat from five or more places well distributed over the bulk carrier with a double-tube probe of suitable length. The probe shall be inserted into the grain at an angle of about 10 degrees from the vertical with the slots closed. The probe must be pushed as deeply as possible into the grain and opened while the slots are facing upward. While the slots remain open the probe shall be moved up and down in about two quick short motions. The probe shall then be closed and withdrawn. All the samples obtained with the probe are thrown

saam in 'n pan gegooi en nadat die monster deeglik gemeng is word die klas en graad van die monster in die pan bepaal.

In die geval waar monsterneming volgens bostaande prosedure nie moontlik is nie vanweë fisiese toestande plaaslik, kan monsters op 'n praktiese wyse wat sal verseker dat die monsters verteenwoordigend is, geneem word.

(c) *Koring wat in sakke gelewer word en wat bestem is om op 'n losmaatbasis gekoop en verkoop te word.*—Monsters vir die toets van koring wat op 'n losmaatbasis aangekoop word maar in sakke gelewer word, word verkry deur 'n klein hoeveelheid koring met 'n steker uit elke sak te neem. Die steker moet in alle gevalle diep en na die middel van die sak ingesteek word. Die monsters van al die sakke waarvan die koring nie Ondergraad is nie, word saam in 'n pan gegooi en die klas en graad word van die monster in die pan bepaal nadat die koring in die pan deeglik gemeng is.

(2) *Klassifisering.*—Wanneer dit nodig is om die persentasies van koringcultivars of -spesies vir die bepaling van die klas van die koring vas te stel, moet duplikaatmonsters van 25 g elk met die hand uitgesoek word vir die skeiding van die verskillende cultivars en spesies. Die persentasies in die mengsel word massa per massa bepaal. As die verskil tussen die persentasies ten opsigte van die twee monsters verkry, nie groter as 0,5 is nie, word die gemiddelde van die twee persentasies wat aldus verkry is, geneem; as genoemde verskil groter as 0,5 is, moet die toets herhaal word.

As die koring onsuiwerhede of gebreekte korrels bevat, word 500 g van die koring eers gesif vir die verwydering van gebreekte korrels en wel op die wyse voorgeskryf by subregulasie (5) van regulasie 8. 'n Monster van 100 g word dan van die gesifte koring geneem en alle sodanige onsuiwerhede met die hand uitgesoek. Duplikaatmonsters van 25 g elk word dan van die gesuiwerde en gesifte koring geneem en die klas bepaal volgens die wyse in hierdie subregulasie beskryf.

(3) *Bepaling van hektolitermassa.*—Die hektolitermassa word bepaal volgens die *Tweevlakregtermetode.* Die standaardapparaat by hierdie metode is soos volg:

*'n Keelvormige tregter* met 'n swaaiklep aan die nou end: Hoogte, 226 mm; bo-deursnee van tregter, 914 mm; deursnee van klepgat, 285 mm; 'n stewige ovaalvormige metaalvoetstuk met 'n verhogie aan elke punt van die langas daarvan en met 'n ronde metaalstaaf wat vertikaal in die voetstuk, presies halfpad tussen die middelpunte van die twee verhogies ingeskroef word; en 'n metaalarm waarvan een end aan die tregter en die ander end oor die regop metaalstaaf waaromheen dit kan swaai, geheg word.

*'n Vier-in-een-massameter.*

*'n Emmer.*—Binnehoogte, 123 mm; inhoud, 500 ml; val van koring van klepgat na top van emmer, nagenoeg 30 mm.

*'n Houtskraper.*—Tien mm dik, 40 mm breed en minstens 100 mm lank. Die rande van die skraper moet goed gerond wees maar nie afgeslyt nie.

*Hoe die apparaat gebruik word.*—Die hele apparaat word op 'n harde, gladde, gelyk oppervlakte geplaas wat nie gestamp of geskud kan word nie. Die tregter word met koring gevul en afgeskraap sodat dit net gelykvol is. Die emmer word nou op die hoër verhogie van die voetstuk geplaas sodat sy boom se middelpunt reg onder dié van die tregteropening is. Die emmer moet vas op die voetstuk staan. Die tregterklep word met 'n vinnige swaai oopgestoot sodat die koring die emmer vol maak en aan alle kante oorloop. Die tregter word omgeswaai weg van die emmer af, sonder dat die emmer gestamp of gestoot word.

together in a pan and the class and grade are then determined from the sample in the pan after the wheat in the pan has been thoroughly mixed.

In the event that the above sampling procedure is not possible because of local physical conditions the samples may be taken in the most practical manner that will assure their being representative.

(c) *Wheat delivered in bags intended to be purchased and sold on a bulk basis.*—Samples for the purpose of testing wheat delivered in bags but which is purchased on the basis of bulk wheat shall be obtained by the taking of small quantities of wheat by means of a grain probe from each bag. The probe must in all cases be pushed deeply into the bag, and towards the centre of the bag. The samples from all the bags of which the wheat is not Undergrade are thrown together into a pan and the class and grade are then determined from the sample in the pan after the wheat in the pan has been thoroughly mixed.

(2) *Classification.*—When it is necessary to determine the percentage of cultivars or species of wheat for the determination of the class thereof, duplicate 25 g samples must be hand-picked for the separation of the various cultivars and species. The percentage of the mixture is determined mass per mass. If the difference between the percentage determined in respect of the two samples does not exceed 0,5 the average of the two percentages thus determined shall be taken; if the said difference exceeds 0,5, the test must be repeated.

If the wheat contains impurities or broken kernels, 500 g of the wheat shall first be screened for the removal of broken kernels in the manner prescribed by subregulation (5) of regulation 8. A sample of 100 g is then taken of such screened wheat, and all such impurities removed by hand-picking. Duplicate 25 g samples are then taken of such pure, screened wheat, and the class determined in the manner described in this subregulation.

(3) *Determination of hectolitre mass.*—The hectolitre mass shall be determined by the *Two-level funnel method.* The standard apparatus in this method is the following:

*A conical hopper* with a swing shutter at the narrow end: Height, 226 mm; top diameter of hopper, 914 mm; diameter of shutter hole, 285 mm; a solid, oval-shaped metal base with a small platform at each end of its long axis and with a metal rod screwed vertically into the base equidistant between the centres of the two platforms; and a metal arm of which one end is attached to the hopper and the other end is fitted over the metal rod around which it can be rotated.

*A four-in-one-massmeter.*

*A bucket.*—Internal height, 123 mm; capacity, 500 ml; drop of wheat from shutter hole to top of bucket, approximately 30 mm.

*A wooden scrapper.*—Ten mm thick, 40 mm wide and at least 100 mm long. The edges of the scraper must be well rounded, but not worn.

*Method of using apparatus.*—The entire apparatus is placed on a hard, smooth, level surface, not subject to jarring or shaking. The hopper is filled with wheat and scraped off level full. The bucket is then placed on the higher platform of the stand so that its centre is directly below the opening of the hopper. The bucket must rest firmly on this base. Thereupon the hopper shutter is opened wide with a quick swing, the wheat being allowed to full the bucket and to overflow on all sides. The hopper is then swung round, away from the bucket, without disturbing the bucket in any way.

Die oortollige koring word dan van die emmer afgeskraap met die standaardskraper wat vertikaal op sy rand gehou word. As die skraper 'n ronde sowel as 'n skerp rand het, mag slegs die ronde rand gebruik word om mee te skraap. By die afskraap word die skraper lig maar vas op die rand van die emmer geplaas en die oortollige koring met een vaste beweging regoor die rand van die emmer heen afgeskraap sodat die emmer dan net gelykvol koring bly. Die emmer word versigtig maar goed met een hand vasgehou. Die vier-in-een-massameter word op 'n gelyke, vaste oppervlakte geplaas en in ewewig gebring. Die koring wat in die emmer is, word in die pan van die vier-in-een-massameter geplaas ten einde die hektolitermassa van die koring te bepaal.

Die hektolitermassa moet tweekeer met iedere monster koring bepaal word, en as die twee lesings nie ooreenstem nie, moet die toets herhaal word.

*Bepaling van die Persentasie Afwykings*

8. (1) *Bepaling van persentasie wilde-ertjies en lupiene.*—Die persentasie wilde-ertjies en lupiene in koring word bepaal deur die wilde-ertjies en lupiene met die hand uit te soek uit duplikaatmonsters van 100 g elk. Die massa van die wilde-ertjies en lupiene aldus verkry, uitgedruk as 'n persentasie van die totale massa van die monster, verteenwoordig die persentasie wilde-ertjies en lupiene in die monster. As die verskil tussen die persentasies ten opsigte van die twee monsters verkry, nie groter as 0,5 is nie, word die gemiddelde van die twee persentasies wat aldus verkry is, geneem; as genoemde verskil groter as 0,5 is, moet die toets herhaal word.

(2) *Bepaling van persentasie rog.*—Die persentasie rog in koring word bepaal deur die rog met die hand uit te soek uit duplikaatmonsters van 25 g elk. Die massa van die rog aldus verkry, uitgedruk as 'n persentasie van die totale massa van die monster, verteenwoordig die persentasie rog in die monster. As die verskil tussen die persentasies ten opsigte van die twee monsters verkry, nie groter as 0,5 is nie, word die gemiddelde van die twee persentasies wat aldus verkry is, geneem; as genoemde verskil groter as 0,5 is, moet die toets herhaal word.

(3) *Bepaling van persentasie gars, hawer en ongedorste are.*—Die persentasie gars, hawer en ongedorste are in koring word bepaal deur die gars, hawer en ongedorste are met die hand uit te soek uit duplikaatmonsters van 50 g elk. Die massa van die gars, hawer en ongedorste are aldus verkry, uitgedruk as 'n persentasie van die totale massa van die monster, verteenwoordig die persentasie gars, hawer en ongedorste are in die monster. As die verskil tussen die persentasies ten opsigte van die twee monsters verkry, nie groter as 0,5 is nie, word die gemiddelde van die twee persentasies wat aldus verkry is geneem; as genoemde verskil groter as 0,5 is, moet die toets herhaal word.

(4) *Bepaling van persentasie vreemde stowwe.*—Die persentasie vreemde stowwe in koring word bepaal deur die vreemde stowwe met die hand uit te soek uit duplikaatmonsters van 100 g elk. Die massa van die vreemde stowwe aldus verkry, uitgedruk as 'n persentasie van die totale massa van die monster, verteenwoordig die persentasie vreemde stowwe in die monster. As die verskil tussen die persentasies ten opsigte van die twee monsters verkry, nie groter as 0,5 is nie, word die gemiddelde van die twee persentasies wat aldus verkry is, geneem; as genoemde verskil groter as 0,5 is, moet die toets herhaal word.

(5) *Bepaling van persentasie gebreekte korrels.*—Die persentasie gebreekte korrels word bepaal deur duplikaatmonsters van 500 g elk op die volgende manier met die standaardsif te sif:

Die standaardsif word inmekaar gesit en die koring word op die smalgatsif geplaas. Die koring word dan gesif deur die sif heen en weer, beurtelings weg van en

The surplus wheat is then scraped from the bucket with the standard scraper, which is held vertically. If the scraper has both a round and a sharp edge, only the round edge may be used for scraping. In scraping, the scraper is placed lightly but firmly on the rim of the bucket, which is grasped gently but firmly with one hand, and the surplus wheat scraped off with one firm scrape straight across the rim of the bucket. The scraping should leave the bucket just level full of wheat. The four-in-one-massmeter is placed on a firm level base and balanced, the wheat in the bucket poured into the pan of the four-in-one-massmeter and the mass per hectolitre is measured.

The mass per hectolitre must be determined twice on each sample. If the two readings do not agree, the test must be repeated.

*Determination of the Percentage Deviations*

8. (1) *Determination of percentage of vetch and lupins.*—The percentage of vetch and lupins in wheat is determined by hand-picking duplicate 100 g samples. The mass of the vetch and lupins so obtained, expressed as a percentage of the total mass of the sample, gives the percentage vetch and lupins in the sample. If the difference between the percentages determined in respect of the two samples does not exceed 0,5, the average of the two percentages so determined shall be taken; if the said difference exceeds 0,5, the test must be repeated.

(2) *Determination of the percentage of rye.*—The percentage of rye in wheat is determined by hand-picking duplicate 25 g samples. The mass of the rye so obtained, expressed as a percentage of the total mass of the sample, gives the percentage rye in the sample. If the difference between the percentages determined in respect of the two samples does not exceed 0,5 the average of the two percentages so determined shall be taken; if the said difference exceeds 0,5, the test must be repeated.

(3) *Determination of percentages of barley, oats and unthreshed ears.*—The percentage of barley, oats and unthreshed ears in wheat is determined by hand-picking duplicate 50 g samples. The mass of the barley, oats and unthreshed ears so obtained expressed as a percentage of the total mass of the sample, gives the percentage barley, oats and unthreshed ears in the sample. If the difference between the percentages determined in respect of the two samples does not exceed 0,5, the average of the two percentages so determined shall be taken; if the said difference exceeds 0,5, the test must be repeated.

(4) *The determination of percentage of foreign matter.*—The percentage of foreign matter in wheat is determined by hand-picking duplicate 100 g samples. The mass of the foreign matter so obtained, expressed as a percentage of the total mass of the sample, gives the percentage foreign matter in the sample. If the difference between the percentages determined in respect of the two samples does not exceed 0,5, the average of the two percentages so determined shall be taken; if the said difference exceeds 0,5, the test must be repeated.

(5) *Determination of percentage of broken kernels.*—The percentage of broken kernels is determined by screening duplicate 500 g samples by means of the standard sieve in the following manner:

The standard sieve is assembled and the wheat is placed on the chess sieve. The wheat is then screened by moving the sieve to and fro alternately away from and toward the

terug na die hanteerder van die sif toe, te beweeg in dieselfde rigting as die lengte-asse van die openings van die smalgatsif. Iedere stoot bestaan uit 'n heen-en-weer-beweging, en 50 stote voltooi die sifproses. Met elke stoot word die sif, wat op 'n tafel of ander geskikte gladde oppervlak moet rus, 380 tot 460 mm weg van die hanteerder van die sif af en terug beweeg. Ten einde oormatige slytasie van die bodem van die soliede pan te voorkom, kan die sifwerk gedoen word oor bruin papier wat aan die tafel vasgeheg is, of die sif kan in een of ander houer geplaas word wat dan op die hierbo beskrewe manier beweeg word. Die snelheid van die beweging moet sodanig wees dat die voorgeskrewe 50 stote binne 50 tot 60 sekondes voltooi word. Gebreekte koringkorrels wat in die openings vassit, word nie vir graderingsdoeleindes as gebreekte korrels beskou nie. Die materiaal wat deur die sif gegaan het en in die soliede onderste pan versamel is, word daarna ondersoek en alle onsuiwerhede verwyder. Die massa van die oorblywende materiaal word dan gemeet en die massa, uitgedruk as 'n persentasie van die totale massa van die monster, verteenwoordig die persentasie gebreekte korrels in die monster. As die verskil tussen die persentasies wat vir die twee monsters bepaal is, nie groter as 0,5 is nie, word die gemiddelde van die twee persentasies wat aldus bepaal is, geneem; as genoemde verskil groter as 0,5 is, moet die toets herhaal word.

(6) *Bepaling van persentasie beskadigde korrels.*—Die persentasie beskadigde korrels in koring word bepaal deur die beskadigde korrels in duplikaatmonsters van 25 g elk met die hand uit te soek. Die massa van die beskadigde korrels aldus verkry, uitgedruk as 'n persentasie van die totale massa van die monster, verteenwoordig die persentasie beskadigde korrels in die monster. As die verskil tussen die persentasies wat vir die twee monsters bepaal is, nie groter as 0,5 is nie, word die gemiddelde van die twee persentasies wat aldus bepaal is geneem; as genoemde verskil groter as 0,5 is, moet die toets herhaal word.

(7) *Bepaling van persentasie erg rypbeskadigde koring.*—Die persentasie erg rypbeskadigde korrels in koring word bepaal deur die erg rypbeskadigde korrels in duplikaatmonsters van 25 g elk met die hand uit te soek. Die massa van die erg rypbeskadigde korrels aldus verkry, uitgedruk as 'n persentasie van die totale massa van die monster, verteenwoordig die persentasie erg rypbeskadigde korrels in die monster. As die verskil tussen die persentasies ten opsigte van die twee monsters verkry, nie groter as 0,5 is nie, word die gemiddelde van die twee persentasies wat aldus verkry is, geneem; as genoemde verskil groter as 0,5 is, moet die toets herhaal word.

*Bepaling van Voggehalte*

9. Die voggehalte van koring word bepaal volgens een van onderstaande twee metodes:

(1) *Brown-Duvel-toetsmetode.*—Die apparaat word opgerig op 'n plek waar daar geen trek is nie. Honderd gram koring word in die fles gegooi en 150 ml vogtoetsolie bygevoeg. Die koring en olie word deeglik gemeng deur die fles te skud. Die opening van die fles word gesluit met 'n rubberprop waardeur 'n standaardtermometer gaan wat so gestel is dat vier-vyfdes van die kwiksilwerbol in die olie en koring versink is. Slegs korrek gegradeerde Celsiustermometers, spesiaal vir die apparaat gemaak, mag gebruik word. Die fles word dan in die Brown-Duvel-apparaat geplaas en die arm van die fles met die kondenseerbuis verbind sodat dit goed pas. Die gaasdraad met asbesmiddelstuk onder die fles moet in goeie toestand wees en so gestel word dat die vlam direk onder die middel van die asbes is terwyl die fles verhit word. Die staander waarop die fles rus, moet so hoog wees dat die bodem van die fles omtrent 9,5 mm bo die asbes is. 'n

operator, the direction of motion being in a line with the long axes of the slots of the chess sieve. Each to-and-fro movement constitutes one stroke, and 50 such strokes complete the screening process. In each stroke the sieve is moved 380 to 460 mm away from the operator and back, with the sieve resting on a table or other suitable smooth surface. To prevent excessive wear of the bottom of the solid pan, the screening may be done over sheets of brown paper fastened to the table, or the sieve may be placed in some container which is subjected to the stroke movement as described. The speed of the stroke movement should be such that the prescribed 50 strokes are completed in 50 to 60 seconds. Any broken wheat sticking in the slots is for purpose of grading not to be regarded as broken kernels. The material which has passed through the sieve, into the solid bottom pan is now examined, and any inpurities are removed. The mass of the remaining material is then measured and the mass expressed as a percentage of the total mass of the sample, represents the percentage broken kernels in the sample. If the difference between the percentages determined in respect of the two samples does not exceed 0,5, the average of the two percentages so determined shall be taken; if the said difference exceeds 0,5, the test must be repeated.

(6) *Determination of percentage of damaged kernels.*—The percentage of damaged kernels in wheat is determined by hand-picking duplicate 25 g samples. The mass of the damaged kernels so obtained, expressed as a percentage of the total mass of the sample, gives the percentage of damaged wheat in the sample. If the difference between the percentages determined in respect of the two samples does not exceed 0,5, the average of the two percentages so determined shall be taken; if the said difference exceeds 0,5, the test must be repeated.

(7) *Determination of percentage of heavily frosted wheat.*—The percentage of heavily frosted kernels in wheat is determined by hand-picking duplicate 25 g samples. The mass of the heavily frosted kernels so obtained, expressed as a percentage of the total mass of the sample, gives the percentage of heavily frosted wheat in the sample. If the difference between the percentages determined in respect of the two samples does not exceed 0,5, the average of the two percentages so determined shall be taken; if the said difference exceeds 0,5, the test must be repeated.

*Determination of Moisture Content*

9. The moisture content of wheat shall be determined by one or other of the following two methods:

(1) *Brown-Duvel testing method.*—The apparatus is assembled in a place away from draughts. Hundred grams of wheat are introduced into the flask, and 150 ml of moisture testing oil added. The wheat and oil must be well mixed by shaking. The opening of the flask is closed by means of a rubber stopper, through which passes a standard thermometer, so adjusted that four-fifths of the mercury bulb is submerged in the wheat and oil. Only correctly graduated centigrade thermometers, specially made for this apparatus, may be used. The flask is then placed in the Brown-Duvel apparatus, and the arm of the flask is connected to the condenser tube so that it fits properly. The wire gauze with asbestos centre below the flask must be in good condition, and so adjusted that when the flask is heated, the flame plays directly in the centre of the asbestos. The stand upon which the flask rests should be of such a height that the bottom of the flask is about

Korrek gegradeerde maatglas word onder die kondenseerbuis geplaas om die water wat afgedryf word, op te vang. 'n Onafgebroke stroom koue water moet deur die kondenseertenk loop, of as 'n klein enkelvlak Brown-Duvel-apparaat met enkelvlak sonder voorsiening vir 'n stroom water gebruik word, moet die tenk voor elke toets met koue water gevul word.

Die deksel word dan oor die fleshouer geplaas en die verhitting begin. Verhitting kan geskied deur middel van elektrisiteit, koolgasblaaslampe of alkohollampe (spiritus-lampe) soos vir die apparaat verskaf word. In alle gevalle moet die hitte egter so gereël word dat die temperatuur van 180° C binne minstens 19 minute maar hoogstens 21 minute bereik word. As dit langer duur, sal die resultate te laag wees, en as dit korter duur, sal die resultate te hoog wees. Die verhitting moet stopgesit word sodra die temperatuur van 180° C bereik word. (Gewoonlik duur dit 10 minute voordat die temperatuur styg van 100° C tot 110° C en nog 10 minute voordat 180° C bereik word.)

As die voggehalte van die monster besonder hoog is, kan skuim gevorm word en die inhoud oorkook as die normale metode van verhitting toegepas word. Onder sulke omstandighede kan die regte voggehalte die beste bepaal word deur die mengsel vinnig te verhit totdat opborreling van olie plaasvind, en dan min hitte te gee totdat 'n paar milliliters water afgedryf is. Die normale verhitting kan dan toegepas en die orige vog sonder skuimvorming binne die voorgeskrewe tydperk deur verdamping verwyder word.

Nadat die verhitting opgehou het, kan 'n geringe geleidelike styging in temperatuur verwag word. 'n Skielike styging of daling van verskeie grade in die temperatuur toon aan dat die vlam te kwaai was gedurende die laaste deel van die verhitting, en dan moet die toets herhaal word. As die water wat oorstook, verkleur is, dui dit aan dat die koring gebrand het en dan moet die toets herhaal word. Wag totdat die temperatuur tot 160° C of laer gedaal het, en verwyder dan die deksel, haal die termometer uit en maak die afleweringsbuisie los.

Skud alle druppels water af wat aan die kante van die maatglas hang, en lees dan die persentasie vog af. Die lesing word geneem onder die laag olie wat bo-op die water dryf. Resultate moet afgelees word tot een-tiende van 1 persent. Alle toetse moet twee keer gedoen word en as die verskil tussen die twee aflesings nie groter as 0,2 is nie, word die gemiddelde van die twee aflesings as die voggehalte geneem; as genoemde verskil groter as 0,2 is, moet die toets herhaal word.

By die gebruik van hierdie apparaat moet gesorg word dat—

(a) geen voos gomlastiekproppe gebruik word nie;

(b) die maatglas skoon en drooggemaak word voordat dit gebruik word;

(c) geen olie onmiddellik na 'n vorige toets weer gebruik word nie; en

(d) die kwiksilwerkolom ongebroke is voordat met 'n toets begin word.

Gebruik vir iedere toets òf vars vogtoetsolie òf vogtoetsolie wat vir 'n tydlank nie gebruik is nie; in alle gevalle moet die olie tot 'n temperatuur van 200° C verhit word en eers afkoel voordat dit gebruik word.

(2) *Marconi-elektriese weerstandmetode.*—Die apparaat vir die bepaling van voggehalte volgens hierdie metode bestaan uit die Marconi-vogmeter, Model T.F. 933 of T.F. 933A, waardeur vog in die koring deur middel van elektriese weerstand bepaal word. Die apparaat moet nie in 'n trek en direkte sonlig geplaas word nie. 'n Hoeveelheid van minstens 70 en hoogstens 80 g van 'n verteenwoordigende monster van die koring waarvan die voggehalte getoets moet word, moet in 'n handgraanmeul of koffiemeul gemaal word wat so gestel is dat die koring

9,5 mm above the asbestos. A correctly graduated measuring cylinder is placed under the condenser tube to collect the water driven off. A continuous stream of cold water should pass through the condenser tank, or if a small single compartment Brown-Duvel outfit with no provision for a stream of water is used, the tank should be filled with cold water before each test.

The cover is then placed over the flask compartment and heating started. Heating may be brought about by electrical element, coal-gas, blowlamps or alcohol burners (spirit lamps) as supplied for the apparatus. In all cases, however, the heat must be so regulated that the temperature of 180° C is reached in not less than 19 minutes and not more than 21 minutes. A longer heating time gives results too low and a shorter time results too high. The heat must be cut off immediately the temperature reaches 180° C. (Normally it takes 10 minutes for the temperature to rise from about 100° C to 110° C and a further 10 minutes to rise to 180° C.)

If the moisture content of the sample is very high, foaming and bubbling over may result with the normal method of heating. Under such conditions the best way of getting the true moisture content is to heat rapidly until the oil bubbles, and then to apply little heat until a few millilitres of water have been driven off. The heat may then be turned on to normal again and the remaining moisture driven off without foaming within the prescribed period of heating.

After the heat has been cut off, a slight gradual rise in temperature is to be expected. A sudden increase or a sudden decrease in temperature of several degrees indicates that the flame was too intense during the latter part of heating and the test should be repeated. If the water which distils over is discoloured, the wheat has evidently been burned and the test must be repeated.

Wait until the temperature has fallen to 160° C or lower, then remove the cover and the thermometer and then disconnect the delivery tube.

All drops clinging to the sides of the measuring cylinder are shaken down and the percentage of moisture read off. The reading is taken beneath the layer of oil floating on the water. Results must be read to one-tenth of 1 per cent. All tests must be made in duplicate and if the difference between the two readings does not exceed 0,2, the average of the two readings shall be taken as the moisture content; if the said difference exceeds 0,2, the test must be repeated.

When this apparatus is used, care should be taken—

(a) to avoid the use of mushy rubber stoppers;

(b) to clean and dry the measuring flasks before using for a test;

(c) not to use oil directly from a previous test; and

(d) to see that the column of mercury in the thermometer is unbroken before any test is commenced with.

Either fresh moisture testing oil or moisture testing oil which has not been used for some time should be used for every test and the oil should in any case be heated to a temperature of about 200° C and allowed to cool before use.

(2) *Marconi electrical resistance method.*—The apparatus for moisture determination according to this method shall consist of the Marconi moisture meter model T.F. 933 or T.F. 933A by which moisture in wheat is determined through electrical resistance. The apparatus shall be placed away from draughts and direct rays of the sun. A quantity of not less than 70 and not more than 80 g of a representative sample of the wheat to be tested for moisture shall be ground in a hand grain mill or coffee mill which has been so adjusted that the wheat is ground to

tot 'n growwe meel vermaal word. Die meul moet egalig gedraai word teen so 'n spoed dat die hele monster in 'n tydperk van minstens 30 sekondes en hoogstens 90 sekondes gemaal word. Die gemaalde monster moet in 'n glasfles met 'n skroefdeksel en met 'n inhoudsmaat van tussen 300 en 400 ml geplaas word. Nadat die fles behoorlik toegeskroef is, moet die inhoud deeglik gemeng word deur die fles vir minstens 30 sekondes te skud. Onmiddellik daarna moet die toetssel van die Marconi-apparaat omtrent halfvol gemaak word met die gemaalde monster en die metaaldrukprop daarop in posisie geplaas word. Daar moet gesorg word dat die monster gelyk in die sel lê en dat die onderdele van die sel behoorlik inmekaar pas, en die sel moet slegs aan die buitenste isoleermateriaal daarom gehanteer word. Die sel moet nie gestamp of geskud word nie. Onmiddellik daarna moet die sel (met die metaaldrukprop na bo) in die klamp wat deel van die Marconi-apparaat uitmaak, geplaas word en daarin vasgeskroef word totdat die twee dele van die silindervormige veeromhulsel wat die skroef verbind, bo gelyk is. Die klamp met die sel daarin vasgeskroef moet 'n behoorlike elektriese verbinding met die hooftoestel hê. Die skakelaar moet nou na die "Zero"-posisie gedraai word, en daarna moet die galvanometernaald deur middel van die stelknoppie bokant die wyserskywe gestel word totdat die naald presies regoor die horisontale strepie te staan kom. Wanneer hierdie "Zero"-instelling gemaak word, moet die linkerhandse wyserskyf op een van die posisies 1 tot 5 staan. Die skakelaar moet daarna na die "Lees"-posisie gedraai word en die wyserskywe onmiddellik daarna gestel word totdat die galvanometer terugkeer na die posisie regoor die horisontale strepie. Die lesing op die wyserskywe moet nou geneem word sowel as die temperatuur van die gemaalde monster in die glasfles. Enige geleidelike verskuiwing van die naald nadat dit aanvanklik korrek ingestel is, moet buite rekening gelaat word. Van die oomblik wanneer die monster in die sel geplaas word totdat die finale lesing op die wyserskywe geneem word, mag hoogstens een minuut verloop. Waar moontlik, moet lesings slegs op die swart of positiewe waardes op die wyserskywe geneem word. Die lesings op die wyserskywe moet herlei word tot persentasies volgens die onderstaande tabel:

| Lesing op wyserskywe | Persentasie | Lesing op wyserskywe | Persentasie |
|---|---|---|---|
| 0 | 8,8 | 26 | 13,7 |
| 1 | 9,0 | 27 | 14,0 |
| 2 | 9,1 | 28 | 14,2 |
| 3 | 9,3 | 29 | 14,4 |
| 4 | 9,5 | 30 | 14,7 |
| 5 | 9,7 | 31 | 14,9 |
| 6 | 9,9 | 32 | 15,2 |
| 7 | 10,1 | 33 | 15,4 |
| 8 | 10,3 | 34 | 15,6 |
| 9 | 10,5 | 35 | 15,9 |
| 10 | 10,7 | 36 | 16,1 |
| 11 | 10,8 | 37 | 16,4 |
| 12 | 11,0 | 38 | 16,7 |
| 13 | 11,2 | 39 | 16,9 |
| 14 | 11,4 | 40 | 17,2 |
| 15 | 11,6 | 41 | 17,5 |
| 16 | 11,8 | 42 | 17,8 |
| 17 | 12,0 | 43 | 18,2 |
| 18 | 12,2 | 44 | 18,5 |
| 19 | 12,4 | 45 | 18,8 |
| 20 | 12,5 | 46 | 19,2 |
| 21 | 12,7 | 47 | 19,6 |
| 22 | 12,9 | 48 | 20,0 |
| 23 | 13,1 | 49 | 20,4 |
| 24 | 13,3 | 50 | 20,8 |
| 25 | 13,5 | 51 | 21,3 |

Die resultaat aldus verkry, moet vir temperatuur aangesuiwer word deur dit met 0,1 te vermeerder vir elke een graad Celsius wat die termometerlesing onder 20° C is en met 0,1 te verminder vir elke een graad Celsius wat die termometerlesing bo 20° C is.

a coarse meal. The mill shall be operated at a uniform speed which allows of the entire sample being ground in a period of not less than 30 seconds and not more than 90 seconds. The milled sample shall immediately be placed in a screw cap glass jar of between 300 and 400 ml capacity. After the jar has been properly closed by screwing the cap on tightly, the contents shall be thoroughly mixed by shaking the jar for at least 30 seconds. Immediately thereafter the test cell of the Marconi apparatus shall be filled approximately half full with the milled sample and the metal plunger shall be placed into position on it. Care shall be taken to ensure that the surface of the sample is level in the cell and that the parts of the cell fit properly into one another. The cell shall be handled only by the outer insulating material surrounding it. The cell shall not be jarred. Immediately thereafter the cell (with the metal plunger facing upwards) shall be fitted into the clamp which forms part of the Marconi apparatus and screwed tight until the two parts of the cylindrical spring housing mounted on the screw are flush. The clamp containing the cell shall have proper electric contact with the main apparatus. The switch shall now be turned to the "Zero" position and the galvanometer pointer shall thereafter be adjusted by means of the "set-zero" knob above the dials until the pointer is exactly opposite the horizontal line. When setting to zero, the left-hand dial shall be at any one of the positions 1 to 5. The switch shall then be turned to the "Read" position and the dials immediately adjusted until the galvanometer pointer returns to the position of the horizontal line. The dial reading as well as the temperature of the milled sample shall now be taken. Any gradual movement of the pointer, after having been correctly adjusted, shall be disregarded. Not more than one minute shall elapse between the placing of the samples into the cell and the taking of the final dial reading. Whenever possible, readings shall only be taken on the black or positive values on the dials. Dial readings shall be converted into percentages according to the following tables:

| Dial reading | Percentage | Dial reading | Percentage |
|---|---|---|---|
| 0 | 8,8 | 26 | 13,7 |
| 1 | 9,0 | 27 | 14,0 |
| 2 | 9,1 | 28 | 14,2 |
| 3 | 9,3 | 29 | 14,4 |
| 4 | 9,5 | 30 | 14,7 |
| 5 | 9,7 | 31 | 14,9 |
| 6 | 9,9 | 32 | 15,2 |
| 7 | 10,1 | 33 | 15,4 |
| 8 | 10,3 | 34 | 15,6 |
| 9 | 10,5 | 35 | 15,9 |
| 10 | 10,7 | 36 | 16,1 |
| 11 | 10,8 | 37 | 16,4 |
| 12 | 11,0 | 38 | 16,7 |
| 13 | 11,2 | 39 | 16,9 |
| 14 | 11,4 | 40 | 17,2 |
| 15 | 11,6 | 41 | 17,5 |
| 16 | 11,8 | 42 | 17,8 |
| 17 | 12,0 | 43 | 18,2 |
| 18 | 12,2 | 44 | 18,5 |
| 19 | 12,4 | 45 | 18,8 |
| 20 | 12,5 | 46 | 19,2 |
| 21 | 12,7 | 47 | 19,6 |
| 22 | 12,9 | 48 | 20,0 |
| 23 | 13,1 | 49 | 20,4 |
| 24 | 13,3 | 50 | 20,8 |
| 25 | 13,5 | 51 | 21,3 |

The result thus obtained shall be corrected for temperature by increasing it by 0,1 for each degree centigrade the temperatures reading is below 20° C and by decreasing it by 0,1 for each degree centigrade the temperature reading is above 20° C.

Alle toetse moet twee keer gedoen word en as die verskil tussen die twee persentasies nie groter as 0,2 is nie, word die gemiddelde van die twee persentasies as die voggehalte geneem; as genoemde verskil groter as 0,2 is, moet die toets herhaal word met afsonderlike hoeveelhede van die oorspronlik gemaalde monster.

Daar moet gesorg word dat die meul waarmee die monster gemaal word, die fles waarin dit vermeng word en die sel van die apparaat behoorlik skoon en droog is voor elke bepaling.

Wanneer 'n vogbepaling deur middel van hierdie metode gedoen word, moet gesorg word dat die apparaat in goeie werkende toestand is deur middel van 'n kort stukkie draad 'n kortsluiting in die twee boonste steeksokke op die hooftoestel te maak en daarna die skakelaar op "Zero" en die galvanometernaald regoor die horisontale strepie in te stel. Nadat die skakelaar op die "Lees"-posisie gestel is, moet die lesing op die wyserskywe geneem op die wyse hierbo omskryf, ongeveer 60 wees. Die draad moet dan verwyder word. Hierna moet die klamp soos hierbo omskryf, elektries volgens voorskrif met die hooftoestel verbind word, die skakelaar op "Zero" en die galvanometernaald regoor die horisontale strepie ingestel en die basis van die toetssel in sy normale posisie in die klamp gehou word. 'n Stukkie metaaldraad of silwerpapier (tinfoelie) moet dwarsoor die blootgestelde elektrodes (die metaaldele) van die toestel vasgedruk word sodat 'n kortsluiting veroorsaak word. Nadat die skakelaar op die "Lees"-posisie gestel is, moet die lesing op die wyserskywe geneem op die wyse hierbo omskryf, ongeveer 60 wees. Daarna moet die basis en isolering van die toetssel sonder die metaldrukprop in die klamp vasgeskroef word totdat dit net stewig in posisie bly, en die skakelaar op "Zero" en die galvanometernaald regoor die horisontale strepie ingestel word. Nadat die skakelaar nou op die "Lees"-posisie gestel is, moet die lesing op die wyserskywe in hierdie geval nul of laer as nul wees, maar indien die lesing hoër as nul is, kan die basis van die toetssel vir 'n paar minute in die son of in 'n redelike warm lug geplaas en die toets herhaal word.

Indien die toestel met batterye toegerus is en dit onmoontlik is om die galvanometernaald op "Zero"-posisie in te stel, is dit noodsaaklik dat die batterye vervang word. As dit nie moontlik is om dadelik nuwe batterye te bekom nie, moet die ou battery dadelik verwyder word, of die apparaat gebruik word of nie, daar hulle die apparaat onherstelbaar kan beskadig.

---

No. R. 1634 15 September 1972

## REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING EN VERPAKKING VAN ROG

Die Minister van Landbou het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), en met ingang van 1 Oktober 1972, die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, gemaak ter vervanging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1386 van 24 Augustus 1962, soos gewysig, wat hierby met ingang van bogenoemde datum herroep word.

### BYLAE

*Woordomskrywing*

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Skema 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

"ander graan" die korrels of stukkies korrels van gars, hawer en koring;

All tests shall be made twice, and if the difference between the two percentages does not exceed 0,2, the average of the two percentages shall be taken as the moisture content; if the said difference exceeds 0,2, the tests must be repeated on separate quantities of the original milled sample.

Care shall be taken that the mill used for the grinding of the sample, the jar used for mixing the sample and pressure cell of the apparatus are clean and dry before each determination is commenced.

When a moisture determination is made by means of this method, it should be seen to that the apparatus is in good working order by short circuiting the two topmost sockets on the main apparatus with a short piece of wire, and turning the switch to "Zero" and adjusting the galvanometer pointer until it is opposite the horizontal line. After the switch has been turned to "Read" the reading on the dials taken in the manner described above, should be approximately 60. The wire shall then be removed. Thereafter the clamp shall be connected electrically with the main apparatus as described above, the switch turned to "Zero", the galvanometer pointer adjusted to the position opposite the horizontal line and the base of the test cell kept in its normal position in the clamp. A piece of metal wire or silver paper (tin-foil) shall be placed across the exposed electrodes (the metal parts) of the test cell and pressed down so as to cause a short circuit. After the switch has been turned to "Read" the dial reading, taken in the manner described above, should be approximately 60. Thereafter the base and the insulator ring of the test cell shall be placed in the clamp and screwed down without the plunger until they just fit tightly, the switch turned to "Zero" and the galvanometer pointer adjusted to the position opposite the horizontal line. After the switch has been turned to "Read", the reading on the dials in this instance would be nil or lower, but if the reading is higher than nil, the base of the test cell may be exposed to sunlight or reasonably warm air for a few minutes after which the test shall be repeated.

If the apparatus is provided with batteries and it proves impossible to adjust the galvanometer needle to the "Zero" position, it is essential that the batteries be replaced. If this cannot be done immediately, the old batteries must be removed immediately, whether the apparatus is used or not, as they may cause irreparable damage to the apparatus.

---

No. R. 1634 15 September 1972

## REGULATIONS RELATING TO THE GRADING AND PACKING OF RYE

The Minister of Agriculture, has under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), and with effect from 1 October, 1972, made the regulations set out in the Schedule hereto in substitution of the regulations published by Government Notice R. 1386 of 24 August 1962, as amended, which is hereby repealed with effect from the aforesaid date.

### SCHEDULE

*Definitions*

1. In these regulations, unless inconsistent with the context a word or expression to which a meaning has been assigned in the Scheme, shall have a corresponding meaning, and—

"barley" means the kernels of the genus *Hordeum;*

"broken kernels" means broken rye kernels and broken wheat kernels;

"beskadigde korrels"—

(a) rog-, koring-, gars- en hawerkorrels wat beskadig is deur insekte;

(b) uitgeloopte rogkorrels en uitgelooptekoringkorrels waarin die ontkieming of spruiting sover gevorder is dat die vel wat die kiem bedek, gebreek is en die ontwikkelende worteltjies of spruite (plumula) duidelik sigbaar is; en

(c) skimmelbesmette rogkorrels en skimmelbesmette koringkorrels waarop skimmel- of ander swamorganismebesmetting, behalwe stinkbrand, duidelik sigbaar is;

"die Skema" die Wintergraanskema afgekondig by Proklamasie R. 370 van 1960, soos gewysig;

"gars" die korrels van die genus *Hordeum*;

"gebreekte korrels" gebreekte rogkorrels en gebreekte koringkorrels;

"hawer" die korrels van die genus *Avena*;

"hektolitermassa" die massa in kilogram per hektoliter;

"insekte" insekte wat skadelik is vir rog soos die graankalander (*Sitophilus granarius*), die ryskalander (*Sitophilus oryzae*), die Australiese koringkalander (*Rhizopertha dominica* Fab.) en die Angoumois-graanmot (*Sitotroga cerealella*);

"koring" die kariopsis van die spesies *Triticum vulgare, Triticum compactum, Triticum durum, Triticum turgidum* en *Triticum polonicum*;

"ongedorste are" are of gedeeltes van are van rog, gars, hawer en koring wat nog kariopsisse of korrels, na gelang van die geval, bevat;

"rog" die kariopsis van die spesie *Secale cereale*;

"stinkbrandbesmetting" met betrekking tot rog, dat die korrels 'n onmiskenbare stinkbrandreuk het, of dat die rog, koring- of rogkariopsisse bevat wat met stinkbrand besmeer is, of dat meer as vier stinkbrandballe (of stukkies balle gelyk aan meer as vier stinkbrandballe per 100 g rog aanwesig is;

"vogtoetsolie" enige suiwer plantaardige slaaiolie of plantaardige kookolie;

"vreemde stowwe" met betrekking tot rog, alle materiaal insluitende onkruidsaad van enige aard en enige ander materiaal soos kaf, stukke bindgaring, klippe en stokkies maar uitgesonderd rog, koring, wilde-ertjies, gars, hawer en ongedorste are;

"wilde-ertjies" die saad van die onkruid bekend as wilde-ertjies of wieke (*Vicia* spp.).

## DEEL I

## OMVANG VAN REGULASIES

2. Hierdie regulasies is van toepassing op rog wat deur produsente daarvan aan die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid, verkoop word.

## DEEL II
